## 40-dae Gebedsgids

# Bid vir Suid Afrika!

# “SING ’N NUWE LIED”

**KERKLIKE INISIATIEF VIR VERSOENING IN SUID AFRIKA**

Gebedsgids voorberei deur Elizabeth Jordaan met medewerking van Prof. Piet Meiring.

# "SING 'N NUWE LIED"

***Laat ons voortgaan om onsself te verootmoedig en te bid vir ons mense en leiers in Suid-Afrika. Op die hakke van die huidige toename van ontstellende insidente wat gekoppel word met beskuldigings van rassisme en luidkeels deur sosiale media en koerante verkondig word, laat ons nie vergeet dat ons geveg nie teen "vlees en bloed" is nie! Die meerderheid mense in alle sektore en op alle vlakke van ons multikulturele en veelrassige samelewing dra die pyn wat vloei uit 'n gedeelde en soms betwiste verlede. Dit is veral merkbaar wanneer sekere potensieel-plofbare gebeure ontstaan en ongelukkig bewys dat ons nog steeds nie 'n geneesde land is nie. Gevoelens van skuld, of pyn, of bitterheid en haat smeul steeds onder die oppervlak. Mag God ons genees! 16 Junie 2016, bied aan ons so 'n geleentheid.***

Die onrus, protesoptredes en onluste in ons land, die verhoging van rassespanning (beklemtoon deur die sosiale media), sowel as heersende ekonomiese uitdagings, onder meer die *"#Fees must fall"* beweging, is alles dinge waaroor Suid-Afrikaners met goeie rede besorg is. Te midde hiervan bestaan die moontlikheid dat ons hoop vir die toekoms kan verloor, mekaar sal begin beskuldig en tot selfs tot gewelddadige aksies kan oorgaan in 'n poging om knelpunte op te los.

Die Kerk, as Liggaam van Christus, is 'n belangrike skakel om genesing te bring vir ons land se mense wat pyn verduur en verskeurd is deur 'n moeilike verlede. Nogtans glo ons sonder twyfel dat God 'n spesifieke doel met en vir ons land en sy groot verskeidenheid mense het. Ons misluk dikwels om die wonderwerk van 1994 te onthou toe Suid-Afrika bykans sonder geweld verander het na 'n demokratiese bestel. Moedige leierskap en baie gebed het destyds ongetwyfeld die politieke verandering ondersteun. Tot ons spyt duur die onderliggende nalatenskap van diep geankerde seer en wantroue steeds voort. Tesame daarmee, knaag kommerwekkende sosiale probleme – hoë vlakke van korrupsie, armoede, werkloosheid, xenofobie, plaasmoorde – aan Suid-Afrikaners.

Die Kerk het 'n deurslaggewende rol gespeel tydens die oorgangstyd. Die huidige deurlopende kwellinge in ons bestaan as 'n nasie, roep die Kerk van Jesus Christus weereens op om op te staan en profetiese leierskap te gee!

16 Junie op ons nasionale kalender is 'n dag wat die onderdrukking van die verlede, die verdeeldheid, konflik, geweld, wantroue en angs simboliseer en verpersoonlik. As Kerk moet ons hierdie realiteit erken, maar ook konfronteer en help transformeer om gebroke verhoudings te herstel; nuwe gemeenskaplike brûe te bou; ooreenkom om die toekoms te deel; en strewe om mekaar te dien en te bekwaam, en veral die jonger geslag in berekening te bring en te betrek. In die lig hiervan was 'n byeenkoms beplan vir **11 en 16 Junie 2016** in **Soweto**. Ons visie vir dié dag, en die daaropvolgende proses en aktiwiteite, behels die volgende:

- Om nederig en gebroke voor God te staan, ons sonde en mislukkings te erken, nie net van die verlede nie, maar ook van die hede.
- Om hande te vat met medegelowiges en ander Suid-Afrikaners.
- Om te bely en te vergewe sodat die skuld van die verlede gedelg kan word.
- Om te onderneem om ons Jeug te ondersteun. Ons Jeug smag na hulp en 'n teken van hoop vir vandag.
- Om saam probleme op te los sonder om geweld en bloedvergieting te gebruik.
- Om die mure wat ons skei en die houding van *"ons"* en *"hulle"* te vernietig en 'n ons-gesindheid te vestig.
- Om 'n vasberade verbintenis te maak om saam te werk vir 'n Suid-Afrika waarvan ons droom, vry van diskriminasie, vooroordeel, en met geleenthede vir almal.

- Om ons vorige weermagte (SADF, SAP, MK, APLA, ens.) en ander van alle sektore van die samelewing, wat steeds sukkel met vorme van trauma of onverwerkte belewenisse wat uit die verlede voortspruit, by te staan.
- Om ’n vasberade verbintenis te maak deur almal wat oor vaardighede en die middele, kapasitiet en vermoë beskik om te help met opleiding, werkverskaffing en bemagtiging sodat al ons mense kan eet, leef en werk op ’n waardige wyse. Dit behels praktiese maniere om genesing en herstel te bevorder.
- Om aan al ons mense ’n teken van hoop te gee – veral ons kinders en jeug, aangesien dit Jeugdag is – dat vergifnis en versoening moontlik is.

Ons glo dat dit nou die regte tyd vir die Kerk is om leiding te neem en ons land tot genesing te begelei. Laat ons wegkom van vrees, haat en wantroue en die vervalle mure oprig, soos in Nehemia se tyd. Laat ons mekaar help om die verlede te verwerk en saam in geloof stap, in die geloof dat die Koning van die Konings nog steeds met ons verbind is en ’n plan het met Suid-Afrika. Laat ons ons gedeelde verbintenis in Christus Jesus as medelandgenote vier. Laat ons juig oor wat ons reeds deur die genade van God bereik het, terwyl ons met verwagting daarna uitsien oor drome, potensiaal en moontlikhede wat waar sal word terwyl ons mekaar dien tot voordeel van almal.

Ons kan nie verander of onsself genees nie. Net die Drie-Enige God kan dit doen. Maar dan moet ons tyd met Hom spandeer en Hom toelaat om met ons te praat. In die lig van die genesing en versoening moet ons harte voorberei word en hiervoor roep ons ‘n 40-Dae van Gebed uit. Die 40 Dae begin op die 7de Mei 2016 en eindig op 15 Junie. Ons nooi U om om saam voor God te kniel sodat God Self ons kan genees en met Hom en met mekaar te versoen.

2 Kro. 7:14: *“… en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."*

Ps. 85:1, 2, 8: *U was goed vir u land, Here, U het aan die nageslag van Jakob ’n nuwe toekoms gegee; U het u volk sy sonde nie toegereken nie, hom al sy skuld kwytgeskeld … Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir dié wat Hom getrou dien. Hulle moet net nie weer afdwaal nie.*

Die inisiatief word ondersteun deur:
SA Raad van Kerke (SARK), Biskop Malusi, Algemene Sekretaris van die SARK; The Evangelical Alliance of South Africa (TEASA), Rev Frank Chikane, Rev Moss Ntlha; Nederduits Gereformeerde Kerk, Dr Kobus Gerber; Hervormde Kerk, Ds Etienne Fourie; Apostoliese Geloofsending (AGS), Dr Isak Burger; Jerigo Mure Gebedsnetwerk, Dr Bennie Mostert; World Evangelization Network in SA, Operasie Mobilisasie, Peter Tarental; Turn to God, Elza Meyer; Global Day of Prayer, Unashamedly Ethical, Graham Power; SA Church Leaders Initiative (SACLI); SANW – Voormalige Kapelaan Genl. Ds. Marius Cornelissen; SAW Veterane Vereniging, Kol. Jan Malan; Institute for Healing of Memories, Father Michael Lapsley; Victorious Women in Christ; Michael Cassidy, Prof Piet Meiring (WVK), Adriaan Vlok…en vele meer!

## Inhoud

Hoe om die gebedsgids te gebruik.

**Deel 1: Beginsels van versoening: voorbereiding van die hart (Dag 1–8)**

Dag 1. Versoen met God
Dag 2. Versoen met medemense
Dag 3. Gehoorsaamheid aan God en sy Woord
Dag 4. Respek – verheerlik God se Naam
Dag 5. Nederigheid
Dag 6. Selfsug, selfloosheid en opoffering
Dag 7. Belydenis van sonde
Dag 8. Vergifnis en vryspraak

**Deel 2. Identifiseer die probleem: wat vernietig ons? (Dag 9–20)**

Dag 9. Leuens in die samelewing en lewe met onwaarhede
Dag 10. Onreg
Dag 11. Wantroue en agterdog
Dag 12. Rassisme
Dag 13. Gebroke verhoudings en vervreemding
Dag 14. Jonk teenoor oud
Dag 15. Paradigmas en denkpatrone
Dag 16. Verskillende wêreldbeskouings, kultuur en morele waardes
Dag 17. Godsdienstige verskille
Dag 18. Politieke verskille
Dag 19. Geweld en bloedvergieting
Dag 20. Gierigheid, jaloesie, afguns en omkopery

**Deel 3. Konfronteer die seer: genesing van die hart (Dag 19–30)**

Dag 21. Ons harte
Dag 22. Identifiseer die seer (emosioneel en fisies)
Dag 23. Verlies, smart en trane
Dag 24. Oordeel, vooroordeel, aanklag en blaam
Dag 25. Trots, hoogmoed, meerderwaardigheid enminderwaardigheid
Dag 26. Woede, haat, wraak, bitterheid
Dag 27. Skuld en skaamte
Dag 28. Ontkenning
Dag 29. Vergifnis: gee en ontvang
Dag 30. Hardheid en liefdeloosheid

**Deel 4. Om te versoen en te herstel (Dag 31–40)**

Dag 31. ’n Versoende land
Dag 32. Begin om met mekaar te gesels
Dag 33. Aanvaarding en verdraagsaamheid
Dag 34. Geregtigheid en versoening

Dag 35. Regstelling
Dag 36. Nasiebou: aanvaar verantwoordelikheid
Dag 37. Sterk leierskap nodig
Dag 38. Die Kerk as rolmodel
Dag 39. Word ’n balsem van genesing: seën Suid-Afrika en haar mense
Dag 40. Die God van verrassings! Gebed vir 16 Junie

## HOE OM DIE GEBEDSGIDS TE GEBRUIK.

1. Die doel van die Gebedsgids is om jou te help om omgang met God te hê oor die onderwerp van versoening vir ons land Suid-Afrika. Dit is geskryf vir Christene wat die gesag van God se Woord erken, wat die begeerte het om die Koninkryk van God in Suid-Afrika gevestig te sien en wat gewillig is om hulle deel tot die bediening van versoening by te dra.
2. Die Gebedsgids het vier afdelings: Deel 1: Beginsels van versoening. Deel 2: Identifiseer die probleem: wat vernietig ons? Deel 3: Konfronteer die seer: genesing van ons harte. Deel 4: Versoen en herstel.
3. Namate jy deur die verskillende onderwerpe bid, laat toe dat die Heilige Gees jou oortuig aangaande die waarheid oor jou eie hart, om oortuiging te bring en jou in staat te stel om, waar nodig, vergifnis te vra en te gee; sowel as om jou te bemagtig om te versoen en genesing en herstel aan ander te bedien. Indien daar te eniger tyd emosies na die oppervlak kom, vra dat die Here jou help om die insident wat die emosie veroorsaak uit te wys. Probeer om die emosie te identifiseer. Dit is gewoonlik hier waar genesing kan plaasvind deur belydenis of vergifnis uit te spreek. As jy herinner word aan spesifieke mense wat by die insidente betrokke was en jy het geleentheid om hulle persoonlik te kontak om vergifnis te vra of uit te spreek, probeer om dit so gou moontlik van aangesig tot aangesig of per telefoon te doen.
4. Elke dag fokus op ’n aspek van versoening. Lees die skrifte en oordenking biddend, nederig en met ’n oop gemoed deur.

**Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.**
**2 Kor.5:18–19**

## DEEL 1. BEGINSELS VAN VERSOENING: VOORBEREIDING VAN DIE HART (Dag 1–8)

### ***DAG 1. Beginsel: versoen met God***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Jes. 1:18; Hos. 14:1; Rom. 5:18–21; 2 Kor.5:18–21; Kol. 1:21–22.

OORDENKING: **God is die groot brugbouer**

Ons land is aan die brand! Baie van die ideale wat ons vir die nuwe Suid-Afrika gekoester het, lê aan skerwe. Die kleure van die reënboogland, so wil dit voorkom, is besig om te verdof. Daar is spanning en onrus in die samelewing; daar is geweld in die strate. Daar is misverstand en verwydering tussen mense. Rassisme en xenofobie is aan die orde van die dag. Meer as enigiets het ons versoening in ons land nodig; het ons nodig dat brûe oor die baie klowe wat ons van mekaar skei, gebou moet word. Vir die volgende veertig dae gaan gelowiges dwarsdeur ons land – en ook in die buiteland – bid vir vrede in Suid-Afrika. Maar wie gaan die voortou neem? Wie gaan die versoening bewerkstellig? Wie gaan die brûe bou? Watter leier gaan opstaan op dit te doen? Watter groep mense gaan dit waag om in die strate uit te beweeg om vrede te maak?

Die verrassende boodskap van die Bybel is: Om versoening te bring is nie *ons* werk nie. Dis *God* se werk! Hy is die groot Versoener, die groot Brugbouer tussen mense. Wat nie een van ons kan doen nie, het Hy gedoen. *Eerstens* het Hy ons met Homself versoen. Hy het al ons sonde en ons skuld, alles wat ons van Hom en van mekaar skei, weggeneem. Dit het Hom baie duur gekos: die dood van sy Seun aan die kruis. Hy het al die ou dinge in ons lewe weggeneem en ons nuwe mense gemaak.

Die *tweede ding* wat God gedoen het, is om ons mense met mekaar te versoen, om al die haat en nyd, al die liefdeloosheid en sonde wat ons van mekaar weghou, weg te neem. Omdat God sy arms na ons uitgesteek het, kan ons mekaar ook omhels. God gee aan ons die grootste kompliment denkbaar: Hy nooi ons uit om sy medewerkers op aarde te word. Ons mag ambassadeurs van sy versoening wees. Paulus het aan die gemeente Korinte, wat self ’n verdeelde groep mense was wat mekaar gedurig antagoniseer het, geskryf: “God het ons deur Christus met Homself versoen … en die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dis God wat ’n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

*Vader God, dankie dat ek U my Vader kan noem. Dankie dat ek deur geloof in u Seun, Jesus Christus, ’n kind van God kan wees. Dankie dat die bloed van Jesus Christus my met U versoen het. Ek kies vandag weer om die gawe van verlossing wat Jesus Christus aan die kruis bewerk het, te ontvang. Ek bevestig my geloof in Hom as my Verlosser. Dankie vir u Heilige Gees wat in my kom woning maak het toe ek wedergebore is. Dankie dat U die bediening van versoening aan ons mense oorgedra het. Ek wil ’n brugbouer wees. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Kom ons dank die Here dat die boodskap van Goeie Nuus ook vir ons aan die suidpunt van Afrika bereik het.
2. Bid dat die boodskap van verlossing en versoening met God steeds in Suid-Afrika gepreek sal word en dat elke persoon in ons land die geleentheid sal hê om die Goeie Nuus van Jesus Christus as ons Verlosser te hoor en dat Hy ons kan verlos van die mag van sonde, die vrees vir die dood en die mag van Satan.

3. Bid vir die redding van mense wat jy ken, waarvan jy lees of hoor van in die nuus. Bid vir hulle by name dat hulle deur geloof in Jesus Christus met God versoen sal word.

--------------------------------

***DAG 2. Beginsel: versoen met medemense***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Lev. 19:17–18; Mat. 5:22–24; 22:39; Ef. 2:14–16; Kol. 3:11–15.

OORDENKING: **Die twee balke van die kruis**

Kyk gerus weer ’n keer na die kruisie wat jy om jou nek dra, of na die kruis op die voorblad van jou Bybel. Die kruis van Jesus het twee balke, ’n horisontale en ’n vertikale. Deur al die eeue het Christene dit só verstaan: Die regop (vertikale) balk vertel vir ons dat God vanuit die hemel na ons mense op aarde uitgereik het, dat Hy ons met Homself versoen het. Die dwars (horisontale) balk vertel vir ons dat ons as mense ook met mekaar versoen kan word. Deur Christus se dood is ons aan God én aan mekaar verbind. In ons Bybellees en gebed gaan dit vandag oor die tweede balk, oor die wonder daarvan dat Christus dit deur sy dood moontlik gemaak het dat ons na ons medemense kan uitreik – ook na die wat vér van ons is, mense wat van ons verskil, selfs mense wat ons kwaad aangedoen het en wat ons bedreig.

As ons om ons kyk is daar so baie dinge wat ons moedeloos maak. Daar is soveel misverstand en onenigheid in Suid-Afrika, soveel haat en onverdraagsaamheid dat ’n mens wonder waar dit alles gaan eindig. Ook Christene verskil dikwels van mekaar en worstel met mure van wantroue wat deur die jare tussen die kerke opgebou is. Maar die Bybel het vir ons goeie nuus: “Christus is ons vrede … Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ’n muur skeiding gemaak het” (Ef. 2:14). In ons land is daar duisende mense wat al ervaar het hoe misverstande opgelos is en, hoe mense wat vroeër vyande was mekaar as broers en susters in die Here ontdek het. Kom ons bid vandag dat dit oraloor in Suid-Afrika sal gebeur. Miskien moet ek vandag met myself begin, moet ek gaan regmaak wat daar in my verhouding met ander verkeerd is. Ons kan nie regtig instrumente van vrede wees as ons self in spanning met ander leef nie (Mat 5:23v).

*ONS Vader! Hoe wonderlik is dit om U ONS Vader te kan noem. Vader God, vergewe my dat ek nie al my medebroers en susters in die geloof lief het nie. Vergewe my dat ek my hart toegemaak het vir ander mense omdat hulle nie van my ras, my kultuur of my groep is nie. Vergewe my dat ek nie ’n werktuig van versoening in ons land, Suid-Afrika was nie. Verander asseblief my hart met U liefde, sodat ek mense wat van my verskil, kan liefhê. Stort nou U liefde in my hart uit en stel my in staat om ’n werktuig van versoening te wees. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Spandeer tyd om voor God te wag. Aanbid Hom in die verwagting dat Hy jou hart sal volmaak met sy liefde en vrede. Vertrou Hom om ’n verandering teweeg te bring wat jou in staat sal stel om ’n werktuig van versoening te word.
2. Bid dat elke Christen in Suid-Afrika net so verander sal word in werktuie van versoening. Bid vir dié wat jy ken by name. Bid veral vir gelowiges in kerk van ander denominasies naby jou. Bid dat hulle ook vervul sal word met die vrede en liefde van God, en met ’n begeerte vir versoening.
3. Bid vir elke inwoner van ons land, dat hulle die bediening van versoening, wat uit die harte en lewens van al God se kinders wat bid en werk vir vrede en versoening, sal beleef. Bid dat die bediening van versoening die gees van vrees, haat en geweld in ons land, sal oorwin.
4. Met wie moet jy versoen?

***DAG 3. Beginsel: gehoorsaamheid aan God se Woord***

Skrifgedeeltes vir nadenke: 1 Sam. 15:22; Jes. 6:1–8; 1 Joh. 5:2; Heb. 5:7–9.

OORDENKING: **Omdat God ons gestuur het!**

Op die derde dag van ons gebedsreis is dit nodig dat ons vir mekaar vra: Waarom doen ons dit? Dis nie net óns wat die vraag vra nie, mense om ons, partykeer mense wat krities is oor wat ons doen en sê, wil óók weet: Wie gee julle die reg? Dink julle nie te veel van julleself dat julle alles in ons land wil regmaak nie? Wie het julle die opdrag gegee? Op wie se gesag praat julle? Op al die vrae is daar net een antwoord: God het ons gestuur! Ons kan nie anders as om aan Hom gehoorsaam te wees nie.

Die Here roep ons net soos Hy vir Jesaja geroep het (Jes. 6:1– 8). Jesaja het, soos ons, in ’n krisistyd geleef. Die goeie koning Ussia het gesterf en die mense van die land was siek van bekommernis. Die vyande van die volk was gereed om hul aan te val. Jerusalem was leierloos, die troon was leeg. Maar in die hemel was die troon gevul! Jesaja en sy mense kon weet: die almagtige God was in beheer en Hy sou hulle bewaar. Maar, moes Jesaja hoor, God wil nie sy heilige engele uitstuur om sy werk op aarde te doen nie. Daarvoor het die Here ons – sy verteenwoordigers op aarde – nodig. Die vraag van die Here kom vandag na jou en na my: “Wie sal ons stuur? Wie sal ons boodskapper wees?” Daar is baie van ons wat graag eenkant toe sal wil staan: “O Here, dis ’n wonderlike saak waarmee U besig is, om mense met mekaar te versoen. Maar U ken my. Ek is onbekwaam en ’n bietjie bang vir die verantwoordelikheid. Stuur liewer my broer – of my suster!” Nee, die enigste antwoord wat by elkeen van ons pas, is dié van Jesaja: “Hier is ek! Stuur my!”

*Hemelse Vader, ek bely vandag dat ek nie altyd gehoorsaam was aan u Woord nie. Vergewe my. Ek neem vandag ’n besluit om in gehoorsaamheid te wandel. Versterk my deur u Heilige Gees, sodat ek dit kan doen. Dankie vir die voorbeeld van Jesus wat gehoorsaamheid geleer het deur sy lyding! Mag die lyding van baie mense in ons land nie tevergeefs wees nie. Hier is ek. Maak van my ’n vredemaker. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid weereens vir die getroue prediking en lering van die Woord van God in Suid-Afrika.
2. Bid dat die harte van Christene wat die Woord lees en bid versterk sal word om gehoor saam te wees. Bid dat Christene die Bybel as die Woord van God sal liefhê en eerbiedig.
3. Bid dat mense wat pyn en lyding verduur het weens onreg, verwerping, geweld, haat, naywer, vervolging en nog ander redes, steeds sal kies om gehoorsaam te wees aan die Woord en dat hulle gehoorsaamheid sal meehelp om verlossing vir Suid-Afrika te bewerkstellig.
4. Bid dat Christene op God se roeping tot versoening vir ons land sal reageer.
5. Bid dat die Heilige Gees God se Woord in ons harte lewendig sal maak sodat ons nie langer verskonings het om nie in elke area van ons lewens gehoorsaam te wees nie.

***<u>DAG 4. Beginsel: respek verheerlik God se Naam</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Mat. 5:13; Rom. 12:1–7; Ef. 3:14–20.

OORDENKING: **Lig en sout – tot eer van God**

Op Dag 4 van ons pelgrimstog op die pad van versoening, moet ons nog ’n keer vra: Hoekom doen ons dit? Is dit omdat ons aan die Here gehoorsaam wil wees? Of is dit die nood van ons land en ons mense wat ons dwing om iets te doen? Dis albei goeie redes, maar die heel eerste en beste rede is, omdat ons God wil verheerlik. Dit, leer die Bybel ons, is die hoofdoel van ons lewe: om deur alles wat ons dink en sê en doen, Sy Naam groot te maak. Onthou jy Jesus se woorde aan sy volgelinge? “Julle is die sout van die aarde … julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik (Mat. 5:13vv). Vir veertig dae word ons as gelowiges opgeroep om te bid en te werk vir versoening. Dit vra opoffering en tyd. Maar ons doen dit graag en met oorgawe, omdat ons God daardeur verheerlik. Jesus se naam moet met groot letters dwarsoor ons land geskryf word!

Ek weet van ’n ou moeder in Alexandra – die swart woongebied in Johannesburg – wat elke dag met ’n glimlag op haar gesig geloop het. Sy was al oud en het swaarkry geken: armoede en ellende, ’n man wat deur die polisie weggeneem is en nooit weer teruggekom het nie, kinders wat haar nagte lank laat wakker lê het, arms en ’n rug wat wou afbreek van die wasgoed en skottelgoed wat elke dag op haar gewag het. En tog het sy bly lag en sing. Die deur van haar opslaanhuisie het vir almal oopgestaan. Al moes sy self partykeer sonder kos bly, het sy altyd iets vir ’n honger skoolkind of ’n ou bedelaar oorgehad. As daar rusie in die straat was, het hulle haar gaan haal om vrede te maak. Toe die dominee op ’n dag vir haar daaroor uitgevra het, was haar antwoord: “Maar *moruti,* jy weet mos, ek doen dit vir die Here!” Toe Gogo Aletta die dag begrawe is, was die kerk in Alexandra stampvol met mense wat die Here geloof en gedank het vir haar wonderlike lewe én vir haar glimlag.

*Vader God, ek verheerlik U vandag as my God. Ek verheerlik Jesus Christus as my Verlosser. Ek verheerlik u Heilige Gees as die Gees van God wat in my woon. Vergewe my waar ek U naam onteer as gevolg van my houdings en optredes. Vergewe my waar ek nie aan mense respek betoon het nie deur rassisme, meerderwaardigheid, verwerping, geweld, vloekery en ander maniere, selfs toe ek dit net in my hart gedoen het. Was my en reinig my met die bloed van Jesus. Reinig my lippe met u vuur. Gee vir my ’n rein hart en versterk my om vir U en ander mense te eer en te respekteer. Ek wil sout en lig wees! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vra dat die Here aan jou enige situasies uitwys waar jy God onteer het deur mense nie te respekteer nie. Bely hierdie dinge voor God en ontvang Sy vergifnis.
2. Net soos Daniël (Dan. 9:7– 10) kan ons ook bid en die sondes van vorige geslagte bely. Vra vir die Here om die geskiedkundige oneerbiedigheid van jou familie of ras teenoor God en ander mense te vergewe.
3. Bid vir die huidige toestand in Suid-Afrika waar mense neig om openlike oneer te bring teenoor bejaardes, armes, leiers en ander medemense. Bid dat God eer en waardigheid in ons land sal herstel.

***DAG 5. Beginsel: nederigheid***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Fil. 2:3–11; 2 Kro.7:14; Sef. 2:3; Ef. 4:2; 5:2; Jak. 4:6–7.

OORDENKING: **Nederigheid – die gesindheid van Christus.**

Daar is een ding waaroor Jakobus, die broer van Jesus wat die leier van die eerste gemeente in Jerusalem was, baie uitgesproke was. Hoogmoedige en arrogante mense, mense wat te veel van hulleself dink, is onbruikbaar in die gemeente en ook in die koninkryk van die Here. Hy het dit sterk gestel: "God *weerstaan* die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (Jak. 4:6–7). Iemand wat sy of haar eie eer soek, wat op ander mense neersien, kan kwalik instrumente van vrede wees. Paulus het daarmee saamgestem. Die heel beste voorbeeld van nederigheid is Jesus Christus – en as ons Hom in ons land met al sy probleme en uitdagings wil verteenwoordig, moet ons sy voorbeeld volg. Lees gerus, biddend, Fil. 2:5–11. Dit behoort ons motto te wees!

Ongelukkig is dit so dat party mense ons, Christene, as arrogant beleef. "Julle dink julle weet alles. Julle het al die antwoorde. Julle dink julle is beter as ons!". Die beste antwoord op die besware is waarskynlik: "Ons is jammer dat ons arrogant en beterweterig oorkom. Partykeer ís ons ook so. Maar ons het geen rede om so te wees nie. Christene is niks beter as ander mense nie, ons is net soos alle ander bedelaars op die markplein van die wêreld: ewe skuldig en ellendig en veral net so honger as almal om ons. Maar daar is een groot verskil: ons het brood ontvang! Dit maak ons nie beter nie – inteendeel. Maar ons kan vir julle gaan wys waar ons die brood gekry het!"

Dit kan wees dat jy baie onbekwaam en skugter voel om saam te bid en saam te werk vir versoening in die land. Daar is ander wat dit soveel beter kan doen! Maar onthou, God gebruik juis die kleines en die onbekwames, dié wat nie op hulle eie krag staatmaak nie. Aan die nederiges gee God sy genade!

*Vader God, ek buig voor U as my Skepper. Ek buig ook voor U as die God van die hemel en die aarde. Ek buig om myself voor U te verootmoedig en te erken dat U die Almagtige God is. Ek buig omdat ek weet dat sonder U ek niks is nie. Sonder U is ek verlore. Sonder U liefde, u genade en ontferming, gaan ons onsself vernietig. Ek verootmoedig myself om by U te pleit om ons te help. Help ons as die Kerk om die pad na versoening te vind. Help ons om 'n manier te vind om ons mede-Suid-Afrikaners te help om met mekaar te versoen. Ons buig in totale afhanklikheid voor U as ons God. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Heilige Gees ons as Kerk van God in Suid-Afrika sal help om ons voor Hom te verootmoedig, sodat ons saam by Hom kan hoor en 'n oplossing vind vir ons getraumatiseerde land.
2. Bid dat ons harte waaragtig nederig en gebroke sal wees en dat geen hoogmoed of vooroordeel ons brose versoening wat begin vorm, sal vernietig nie.
3. Bid dat die Heilige Gees ons sal help om God te vertrou en om mekaar in die proses van versoening te vertrou.

***DAG 6. Beginsel: selfsug, selfloosheid en opoffering***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Rom. 12:1–21; Ps. 119:36; Ef. 5:2; Fil. 2:3–8.

OORDENKING: **My lewe op die altaar**

Ludwig, Hertog von Zinzendorf (1700–1760) was ’n jong man wat baie planne vir sy lewe gehad het. Hy was ’n goeie student, ’n populêre man onder sy vriende, uit die Duitse adelstand en met konneksies op al die regte plekke. Maar op ’n dag het hy in ’n museum voor ’n groot skildery van Jesus aan die kruis te staan gekom. Hy kon hom nie wegskeur van die kruistoneel nie: die wonde, die gesig, die doringkroon. Toe val sy oë op die onderskrif wat op die raam van die skildery uitgekerf was: “Dit het Hy vir jou gedoen. Wat doen jy vir Hom?” Skielik het sy lewe vir hom sin gemaak. Alles wat hy gehad het, sy jeugdige entoesiasme, sy verbintenisse en sy rykdom, het hy aan die Here gewy. Hy het sy landgoed Hernnhut vir ’n groep vlugtelinge wat vir hulle geloof vervolg is, oopgestel. Saam met hulle het hy ’n sendingorde gestig wat deur die jare talle sendelinge na baie lande oor die wêreld gestuur het. Die heel eerste sendeling wat in 1737 na Suid-Afrika gekom het was Georg Schmidt, een van Von Zinzendorf se kollegas, wat aan die Khoi-mense in die Kaap die goeie nuus van Jesus gebring het. Op die sendingstasie wat hy gebou het, Genadendal, word die evangelie van versoening vandag nog verkondig!

Von Zinzendorf en Schmidt is twee van die groot skare van gelowiges wat deur die eeue Paulus se woorde aan die Romeine ter harte geneem het: “Gee julleself aan God as lewendige en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is” (Rom. 12:12). Om Christus in ons land en in ons tyd te volg, om bedienaars van sy versoening te wees, beteken dat ons by die skare sal aansluit. Dis nie ’n maklike pad nie. Om jouself op die altaar te plaas vra dat jy alles vir die Here op die spel plaas: jou tyd, jou entoesiasme, jou gemak, jou besittings, jou veiligheid, dalk selfs jou lewe. As jy as brugbouer in ons land wil optree, gaan dit soms meebring dat mense op jou gaan trap, dat hulle oor jou gaan loop. Moenie mismoedig raak nie: ’n brug *vra* om oor geloop te word! Onthou: die kruis is nie net ons wapen en ons kenteken nie. Dis ons handleiding oor hoe ons moet lewe!

*Vader God, dankie vir die voorbeeld van U Seun, Jesus Christus, wat Homself ontledig het om ’n mens net soos ons te word. Ek bely dat ek ook selfsugtig is met selfsugtige begeertes. Vergewe my vir elke selfsugtige optrede in my lewe. Vergewe my dat ek nie ander mense as meer belangrik as myself ag nie. Ek vra dat U my hart sal verander en my sal versterk om ’n selflose, selfopofferende lewe te leef, sodat ander mense daaruit voordeel kan trek. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vra dat die Here ons as Suid-Afrikaners sal vergewe vir ons selfsugtige maniere en optredes, beide in die verlede en die hede.
2. Bid dat die Kerk van Jesus Christus in Suid-Afrika, Jesus se houding van nederigheid en selfopoffering sal verstaan, en ons ons daaraan sal toewy om Sy voorbeeld te volg.
3. Bid vir leraars, priesters, ouderlinge en diakens en vir elke gewone Christen om hom- of haarself gewilliglik toe te wy aan die opbou en versterking van die liggaam van Christus in ons land.
4. Bid dat die mense van Suid-Afrika sal reageer op die oproep tot versoening en heelhartig sal saamwerk om ons land te verander.

***DAG 7. Beginsel: belydenis van sonde***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 51:1–21; 2 Kro. 4:13–14; Dan. 9:4–12; Neh. 1:4–7; Luk. 19:1–10.

OORDENKING: **Om jou sonde te bely**

Sonder egte berou en skuldbelydenis is daar nie sprake van versoening en vrede nie. Waar dinge verkeerd geraak het, waar sonde en ontrou wonde gelaat het, moet dit met ’n opregte hart bely word. Op die pad van versoening gebeur dit van tyd tot tyd dat jy ander mense moet help om hulle skuld raak te sien en te bely – en om vergiffenis te vra. Maar vóór dit kan plaasvind, moet ons elkeen *self* om voor die spieël gaan staan, om ons eie ongehoorsaamheid en sonde te erken en te bely. Onthou jy die voorbeeld van Koning Dawid? Die Here was lief vir hom én hy was lief vir die Here – maar op ’n dag het hy ’n ernstige sonde begaan, deur verlief te raak op ’n ander man se vrou, met haar owerspel te pleeg, en toe, om sy sonde te probeer bedek, gesorg dat die verontregte man op die slagveld sterf. Toe hy uiteindelik tot sy sinne gekom het, het hy ’n roerende gebed gebid. Hy het besef dat hy bo alles teen die Here self gesondig het: “Wees my genadig o God in U troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid. Was my skoon van my skuld en reinig my van my sonde” (Ps. 51:1vv). Baie dikwels moet ons nie net teenoor die Here nie, maar teenoor die mense wat ons seergemaak het en te na gekom het, ons skuld bely. Dis nie altyd maklik nie, maar as dit gebeur bring dit groot verligting en blydskap. Dink maar aan Saggeüs die tollenaar se verhaal (Luk. 19:1–10).

In die geskiedenis het dit meermale gebeur dat ’n gelowige nie net sy eie sonde bely nie, maar verantwoordelikheid aanvaar vir die sonde van sy mense, sy gemeenskap, oor baie jare. Die voorbeeld van Nehemia wat die Jode uit ballingskap terug na Jerusalem gelei het, roer ’n mens (lees gerus Neh. 1:4–7). ’n Kwarteeu gelede (1990) het Willie Jonker, ’n bekende kerkleier in die NG Kerk, die kerk wat al die jare apartheid ondersteun en verdedig het, by ’n groot kerkvergadering in Rustenburg waar mense van alle kerke en rassegroepe teenwoordig was, opgestaan en gesê: “Ek bely vandag voor julle en voor die Here nie net my eie sonde en skuld vir al die pyn wat ons aan die mense van ons land aangedoen het nie, maar ek waag om dit ook namens die hele NG Kerk te doen, sowel as namens die hele Afrikanervolk, van wie ek ’n lid is”.

In die spanningsvolle tyd waarin ons vandag leef, bid ’n mens dat meer leiers die moed sal hê om die dinge wat ons as individue en as groepe die afgelope tyd aan mekaar gedoen het, te erken en te bely.

*Hemelse Vader, ek buig vandag voor U, soos Daniël en Nehemia van ouds, om te bely dat ek en my voorgeslagte gesondig het teenoor U en teenoor ons medemense. Ek bely dat ons verkeerde dinge gedoen het. Ek bely die onreg van die verlede en huidige generasies in Suid-Afrika. Vergewe ons en wees ons land genadig. Herstel ons sodat ons weer gelowige kan vashou daaraan dat U wil in hierdie land sal geskied. Wees ons genadig. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Heilige Gees Suid-Afrikaners sal oortuig van dinge wat ons persoonlik verkeerd gedoen het en ook dit wat ons ouers en hulle geslag gedoen het wat God ontevrede gemaak het.
2. Bid dat Christene sal toelaat dat oortuiging van sonde hulle tot bekering bring, sodat die bloed van Jesus ons kan reinig en versterk sodat ons werktuie van versoening en geregtigheid in ons land kan wees.

3. Bid dat God in sy genade die opgehoopte sonde en ongeregtighede van die verlede sal vergewe, sodat die huidige en toekomstige geslagte herstel kan word soos wat gebeur het na Daniël en Nehemia se belydenisse.
4. Bid dat die belydenis van sonde eerlik sal wees en sal lei tot ware vergifnis en ware genesing in ons land, en dat dit die boustene van ’n nuwe Suid-Afrika sal vorm.

--------------------------------

***DAG 8. Beginsel: vergifnis en vryspraak***

Skrifgedeelte vir nadenke: Mat. 6:12–15; 18:28–35; Ps. 103:8–16; 1 Joh. 1:9; Kol. 3:12–13.

OORDENKING: **Vader, vergewe ons …**

Nou die dag by ’n Bybelstudiebyeenkoms het een van die vroue ernstig én heel eerlik opgemerk: “Ek hou van die ‘Onse Vader’ en ek bid dit graag. Maar die gebed maak my nogal bang.” Sy het verduidelik: “Dis wonderlik om te mag vra dat God ons oortredings sal vergewe en dis heerlik om te weet dat Hy dit doen. Maar die tweede helfte van die gebed laat my skrik: “Vergeef ons, soos ons ook dié wat teen ons oortree vergewe. Ek sukkel so om daarby uit te kom, veral wat party mense betref!”

Die hart van ons Christelike geloof is dat Jesus aan die kruis vir ons sonde gesterf het, dat God ons só lief het dat Hy sy Seun gegee het sodat ons oortredinge vergewe en ons skuld betaal kan word. Oor en oor bevestig die Bybel dit: “As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig. Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid” (1 Joh.1:9). Dit is wat die Christelike geloof anders maak as enige ander godsdiens: ons kan elke keer nuut begin, uit liefde en genade vergewe die Here ons dag vir dag en druk Hy ons aan sy hart.

Maar, het Jesus ons geleer, soos God ons vergewe, moet ons ook ons skuldenaars vergewe. Hy het die opdrag nie net deel van die “Onse Vader” gemaak nie. Hy het dikwels daaroor gepraat en gelykenisse daaroor vertel (Mat. 18:28–35). Dis ’n duur les wat ons in ons eie lewe én ook in die samelewing moet leer. As ons nie leer om mekaar te vergewe nie, gaan ons dit nie in die land oorleef nie en sal alles in vlamme opgaan. Aartsbiskop emeritus Desmond Tutu het daarvan gehou om te sê: As titel vir die boek waarin hy sy ervaring met die Waarheids- en Versoeningskommissie (waarvan hy die voorsitter was) beskryf, het hy gekies: *No future without forgiveness!* Een van die roerende taferele in die annale van die WVK was toe ’n gewese polisieman ’n moeder in KwaZulu-Natal in haar huis gaan opsoek het. Hy was verantwoordelik vir die grusame dood van haar seun. Hy was verleë en op sy senuwees. Sal sy hom ooit kan vergewe? Hy was verniet bang. “Ek vergewe jou, jong man. Jou lewe lê voor jou en ek wil nie hê dat jy tronk toe moet gaan nie. Ek vergewe jou omdat Jesus vir my gesterf het, omdat God ook al my sondes vergewe het.”

*Vader God, U is genadig en vol ontferming, U word nie gou kwaad nie en by U is daar vergifnis. Vader ek bely vandag dat ek soms stadig is om te vergewe. Ek bely dat ek in my menswees nie wil vergewe nie want ek wil eerder wraak neem op diegene wat my te na gekom het. Vader, ek vra dat U my hart sal sag maak en verander sodat ek kan vergewe soos Jesus vergewe het. Ek is gewillig en gereed dat U my lei tot vergifnis van die mense wat teenoor my, en my mense, gesondig het. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. As ’n erg getraumatiseerde en verwonde land het baie Suid-Afrikaners hard en bitter geword. Laat ons bid en die Heilige Gees vra om ons te bring by ’n plek waar ons ware vergifnis en versoening kan beleef.
2. Bid dat die Heilige Gees bonatuurlik in elke denominasie in Suid-Afrika sal werk om harte sag te maak en voor te berei sodat Christene by ’n plek kan kom waar hulle gewillig sal wees om vorige vyande, en dié wat hulle lyding veroorsaak het, sal vergewe. Laat ons bid vir mans, vrouens, kinders, onderwysers, studente, bejaardes – almal wat griewe, bitterheid en haat koester – om die gawe van die Heilige Gees wat genesing en herstel in harte kan bring, te ontvang.
3. Bid dat God ons ’n seisoen van vergifnis en versoening in ons land sal gee, en dat baie mense, ook nie-Christene, gewilliglik sal saamwerk vir vrede en versoening in Suid-Afrika. Bid vir ’n seisoen van goddelike genade oor ons as ’n land en dat daar hierdie jaar ’n proses sal begin wat ’n ware en standhoudende versoening sal bewerk.

--------------------------------

## DEEL 2. IDENTIFISEER DIE PROBLEEM: WAT VERNIETIG ONS? (Dag 9–20)

### ***DAG 9. Beginsel: waarheid***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Joh. 8:32; 14:6,16–17; 17:17; 18:37–38; Ps. 43:3.

OORDENKING: **Bang vir die waarheid.**

In oorlogstye, so word dikwels vertel, is die waarheid die heel eerste slagoffer. Dis ongelukkig ook waar ná die konflik, as vrede gemaak moet word. In ons eie land, met die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika, was daar baie wat gesê het: “Maak die boeke toe! Dis nie nou tyd om ou koeie uit die sloot te grawe nie!” Maar dis verkeerd. Die eerste voorvereiste vir versoening is dat ons mekaar in die oë sal kyk en die waarheid met mekaar sal praat. “Natuurlik wil ons almal graag die boeke toemaak en aangaan met ons lewens”, het Desmond Tutu gesê. “Maar ons moet hulle eers behoorlik oopmaak – en dan sal ons hulle ook behoorlik kan toemaak!” Die versoeking bestaan altyd dat wanneer daar konflik is – of dit ’n troupaartjie met huweliksprobleme is, of wanneer ’n staking uitgeroep word, of wanneer ons die verlede van ons land én die probleme waarmee ons vandag worstel moet hanteer – is dat jy die waarheid oor wat alles gebeur het onder die bed wil vee. Ag, dis nie so erg nie, kom ons beweeg vorentoe! Maar dit werk nie so nie. Die waarheid wat jy onder die bed vee, beur die een of ander tyd uit. As ons nie die foute van die verlede ernstig onder oë kry en daarmee werk nie, kan ons van een ding seker wees: ons gaan dieselfde foute herhaal!

As daar een saak is waarvoor ons vandag, op Dag 9, moet bid, is dat die Here ons die moed sal gee om na die waarheid te vra, dat Hy “sy lig en sy waarheid sal stuur”, wat ons op ons pad kan begelei (Ps. 43:3). Om na die waarheid te vra, om mekaar daarmee te vertrou, is ’n risiko. Mense wil nie altyd die waarheid hoor nie. Dit kan die versoeningsproses vertraag – of selfs laat vassteek. Maar ons het geen ander keuse nie. Versoening in ons samelewing vra nie vir amnesie (geheueverlies) nie! Kom ons vra dat die Here ons die insig en die geduld en die liefde sal gee om werklik tyd te maak vir mekaar, om na mekaar te luister – al is die dinge wat ons hoor soms skokkend en swaar. Kom ons bid dat, soos Jesus beloof het, die waarheid ons sal vrymaak.

*Vader, dankie dat U u Seun, Jesus Christus, na ons gestuur het as die Weg, die Waarheid en die Lewe. Dankie vir u Heilige Gees, die Gees van Waarheid wat ons in alle waarheid moet lei. Vergewe my wanneer ek gejok het en deelgeneem het aan leuens om ander mense te mislei, selfs al het ek dit nie regtig bedoel nie. Vergewe ons as 'n volk vir die baie leuens wat ons mense vernietig. Ons bid dat U ons voete sal sit op die Weg van Waarheid. Help ons as Kerk om vol Waarheid en Genade te wees. Verwyder uit ons monde en harte enigiets wat bevlek is met leuens en misleiding. Ontbloot die leuens in ons land, in ons kulture en in ons ideologieë. Wees ons genadig, o Here! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vra die Here om enige leuens in jou lewe of in dit wat jy glo, en wat jou optrede teenoor ander mense in ons land beïnvloed, oop te vlek.
2. Bid dat die Here ons genadig sal wees sodat ons vorentoe kan beweeg met die proses van versoening, sodat ons totaal eerlik en opreg sal wees in ons hantering van mekaar as verskillende rasse en kerke.
3. Bid dat die waarheid sal seëvier in elke plek in ons samelewing en dat dié wat voortgaan met leuens oortuig sal word, hulle harte sal draai en in waarheid sal wandel.
4. Bid dat die waarheid ons waarlik vry sal maak!

--------------------------------

***DAG 10. Probleem: onreg***

Skrifgedeelte vir nadenke: Hos. 10:12–13; Deut. 32:4; 2 Kron.19:6–7; Jes. 1:16–17; Jer. 22:13–14; Eseg. 18:21–24; Amos 5; Luk. 6:20–26; 12:14; Ps. 146.

OORDENKING: **Onreg in die samelewing**

Ken jy die mooi verhaaltjie van die man wat sy werkgewer se goue pen gesteel het? Hy het gedink die baas so ryk is dat hy dit nie eers sal agterkom nie. Min het hy geweet hoe hy die wêreld omgekrap het! Die werkgewer was ontsteld. Sy vrou wat die pen as 'n troudaggeskenk gekoop het was woedend. Die kantoorwerkers het mekaar verdink. Almal was gespanne en kort van draad. Baie verleë het die skuldige aan sy baas se deur geklop. "Meneer", het hy gesê, "ek is die skuldige. Ek wou my hele lewe al so 'n mooi pen gehad het. Ek het gedink u sal dit nie eers mis nie. Maar ek besef dit was baie verkeerd en ek is baie jammer daaroor. Sal u my asseblief vergewe?" Die baas was baie verlig en het opgestaan en die man omhels: "Ek is so bly dat die saak uiteindelik opgelos is. Nou sal daar weer vrede by die huis én op kantoor wees. Natuurlik sal ek jou vergewe!" Toe die skuldige baie dankbaar by die deur uitstap, het die baas hom egter voorgekeer. Hy het sy hand uitgesteek: "Ek is nie meer kwaad nie en ek het jou vergewe – maar kan ek asseblief my pen terugkry?"

In ons samelewing is daar geweldig baie onreg – en as die onreg nie hanteer word nie, is daar nie sprake van versoening nie. In die verlede het miljoene Suid-Afrikaners baie seer gekry. Die letsels van apartheid is nog oral sigbaar. Miljoene medeburgers voel verontreg, met rede. Beloftes is nie nagekom nie. Woongebiede val uitmekaar. Sommige gemeenskappe floreer – dit lyk asof hulle al die voordeel trek. Ander gemeenskappe sak al dieper in die ellende. Die kloof tussen die baie rykes wat nie weet wat om met al hul geld te doen nie én die armes, die groot skare wat nie eers weet of hulle vandag kos vir hul kinders gaan hê nie, is van die grootste op aarde. Vir baie is daar nie werk nie. Vir honderdduisende jongmense wat die skool en universiteite verlaat is daar min hoop op 'n loopbaan. Daar is geweld in die strate, moorde op die plase. Onreg heers! Om vir versoening

te werk beteken dat ons die onreg in ons land reguit in die oë sal moet kyk, dat ons dié wat daarvoor verantwoordelik is, sal konfronteer. En dit sluit onsself ook in. God, dit moet ons weet, verdra geen onreg nie. Hy eis van owerhede en onderdane, van almal van ons dat ons reg en regverdig sal optree. Die gesteelde pen moet teruggegee word!

*Vader God, U is regverdig. U troon is gegrond op reg en geregtigheid. U is die Regverdige Regter. In U woord lees ons van die oproep om regverdig te wees, maar steeds saai ons onreg. Vader, ons is skuldig. Ons vra vergifnis vir al die onreg wat gebeur het en steeds in Suid-Afrika gebeur. Ons kom na u Troon van Genade om te pleit vir hulp. Help ons om 'n regverdige volk te word. Help ons om werkers van geregtigheid te wees en nie werkers van onreg nie. Help ons om van binne af te verander, sodat ons saad van geregtigheid in ons land kan saai. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Ongeregtigheid is onbelyde sonde wat ophoop oor baie geslagte. Maar God vergewe sonde, oortreding en ongeregtigheid. Bid dat God 'n regverdige geslag in Suid-Afrika sal oprig.
2. Bid en vra vergifnis vir jou en jou mense se bydrae tot onreg in ons land. Vra die Here om spesifieke optredes van onreg te wys. Bring dit voor die Here vir vergifnis. Bid dat ook ander mense deur die Heilige Gees oortuig sal word oor die onreg wat hulle gepleeg het.
3. Bid vir regverdige leiers in elke deel van ons samelewing en dat kinders grootgemaak word met 'n regverdige sin van oordeel en nie voortgaan om onreg te pleeg nie.
4. Bid dat God jou 'n werktuig van geregtigheid sal maak en so reg sal laat geskied in ons land.

-------------------------------

***DAG 11. Probleem: wantroue en agterdog***

Skrifgedeelte vir nadenke: Ps. 20:7; Ps. 25:2; Ps. 40:3–4.

OORDENKING: **Wantroue**

Een van die grootste hekkies wat ons op ons versoeningspad moet oorkom is dié van wantroue en agterdog. Deur baie jare heen is die Suid-Afrikaanse gemeenskap verskeur en in groepe verdeel: swart, wit, bruin en Asiër. Ons het baie min met mekaar te doen gehad, elke groep het sy eie pad gegaan. Doodgewone menslike kontak, was daar min. Met die koms van die nuwe Suid-Afrika het dinge verbeter, en is daar baie Suid-Afrikaners wat mekaar as medeburgers van die land leer ken en waardeer. By die werksplek werk die meeste mense redelik goed saam. Maar van sosiale kontak is daar nog nie veel sprake nie. Dit maak dat mense mekaar nog dikwels wantrou, dat hulle nie regtig weet wat hulle onderskeie motiewe is nie. Selfs as mense na mekaar uitreik, wonder hulle oor mekaar se motiewe. In sy *Reconciliation barometer* (2015) rapporteer die Instituut vir Versoening en Geregtigheid dat 63,3 persent van alles Suid-Afrikaners min of geen vertroue in landgenote wat aan ander rassegroepe behoort, het nie. Ons sal ernstig hiervan kennis moet neem en aan die onderlinge wantroue moet werk.

As Christene het ons die roeping om vertroue in die samelewing te herstel. Met die wete dat ons altyd op God kan vertrou – en dat Hy, ten spyte van al ons foute en ongehoorsaamheid, nog al die tyd op ons vertrou – kan ons na ons medemense uitreik. Die eerste vraag is: Hoe betroubaar is ek? Kan mense op my staatmaak? Is my ja regtig my ja en my nee my nee? Die tweede vraag is: Kan ek my eie vooroordele en vrese oorkom en begin om ander mense te vertrou? Hier het ons die verligting en die leiding van die Heilige Gees dringend nodig, om ons op die pad van vertroue te begelei. Op Dag 11 van ons gebedsprogram kan ons gerus 'n paar minute opsysit om praktiese voorstelle oor hoe ons weer onderlinge vertroue kan bou, met mekaar te bespreek.

*Hemelse Vader, ons het u hulp nodig om vertroue in ons medemense te herstel. Ons voel seergemaak oor verraad en is agterdogtig oor alles wat leiers, mense van ander rasse of selfs kerkleiers sê. Dis moeilik om mense in Suid-Afrika te vertrou. Ons draai na U toe. U is betroubaar. Ons vertrou U om ons te help om mense weer te vertrou. Verander ons harte. Ons reik ons hande uit na ander wat ook hulle hande uitsteek. Help ons om mekaar te vind. Help ons om vertroue te bou en mekaar se motiewe te aanvaar en saam te werk vir versoening. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat ons, met God se hulp, met 'n proses kan begin wat weer vertroue in mekaar sal bou.
2. Vra dat die Here genesing sal bewerk en alle wantroue en agterdog waarmee ons ander rasse en mense wat ons voorheen verraai het, bejeën, sal vernietig.
3. Bid dat mense die erns van ons situasie sal besef en gewilliglik deel word van die oplossing.
4. Bid dat Christene oral oor ons land groepe sal vorm wat bid en werk vir versoening en alle negatiewe praatjies en aanklagte sal laat vaar.
5. Hoe kan jy vertroue bou?

--------------------------------

***<u>DAG 12. Probleem: rassisme</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gal. 5:1–15; 28–39; Hand. 17:26–28; Ef. 2:13–16; 3:14–15.

OORDENKING: **Die monster van r**assisme

Die monster van rassisme is nog lank nie nek omgedraai nie! Met die aanbreek van die Nuwe Suid-Afrika het ons almal gedroom van ons nuwe land, van die reënboogland, waar wit en swart en bruin nie meer gaan saak maak nie, waar mense oor alle rassegrense heen na mekaar gaan uitreik, dat ons mekaar nuut sal ontdek en geniet. Plek-plek gebeur dit, by die werkplek, in gesinne, op skoolbanke, ook in kerke. Maar die wrede werklikheid is dat daar nog altyd rassisme en rassevooroordeel in ons land is. Jy sien dit op straat, jy hoor dit in gesprekke om jou, jy ervaar hoe dit dikwels vir politieke gewin aangeblaas word. Soms skrik jy vir die oorblyfsels van rassisme in jou eie hart!

Ons as gelowiges het die onontwykbare roeping om rassisme uit ons samelewing te verwyder. Ons moet met al die erns waaroor ons beskik vir almal om ons vertel dat God die Vader van alle mense is, dat Hy alle groepe liefhet en dat Hy aan die einde van die tye sy kinders uit elke volk en taal en ras om sy troon sal vergader. Die heel beste manier waarop die kerk die boodskap kan bring is om in sy eie geledere te demonstreer dat mense van alle rassegroepe aan een liggaam kan behoort, dat hulle God saam kan loof en prys, dat alle mure van verwydering tussen hulle deur Christus weggeneem is. Ongelukkig is die teendeel dikwels waar: Christene is net so rassisties en kerke wys min van die liefde van Jesus aan die wêreld. Dit word dikwels gesê dat Sondagoggende om 10 uur die mees geïsoleerde, aparte, tyd van die hele week is! As Christene van alle kerke en rassegroepe op 16 Junie, in Soweto, op Jeugdag, almal saam byeenkom, hande vat, saamsing en saambid, sal dit 'n groot bydrae lewer om die monster van rassisme nek om te draai.

*Ons buig voor U, Vader van ons Here Jesus Christus. U uit wie elke gesin op aarde hul bestaan het. As gesinne van verskillende rasse en tale in Suid-Afrika kom ons saam na die Troon van Genade om U te vra om ons te help om die houvas van rassisme oor ons land te breek. Ons is jammer oor die nalatenskap van rassisme in ons land. Vergewe ons as Christene vir ons bydrae tot hierdie vesting*

*deur ons ideologieë van die verlede en die hede. Dit is nie tot eer van u Naam nie. Bevry ons van rassisme in ons eie harte en help ons om geestelik een te word. Ons is gewillig om onsself neer te lê en ons verstaan dat ons dinge sal moet laat gaan. Kom vervul ons met u wysheid. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Here ons as kerk sal help om ware broederliefde weer te ontdek, en as Christene 'n manier kan vind om rassisme te oorkom. Bid dat die Here ons sal help om 'n nuwe lied vir Suid-Afrika te sing – 'n lied van versoening, vrede en broederliefde.
2. Bid dat die Here vredemakers in elke sfeer van ons land sal oprig – in die sakewêreld, in opvoeding, in die regering, in vermaak, by sport en ontspanning en in gesinne.
3. Bid dat God ons as Suid-Afrikaners sal help om alle negatiewe praatjies en kritiek hok te slaan en eerder saam te werk om 'n oplossing te vind vir 'n veelrassige en multikulturele samelewing Bid dat mense verantwoordelik sal optree en die gevaar van hulle woorde en optredes sal besef.
4. Bid dat leiers wysheid en waagmoed aan die dag sal lê om Suid-Afrika uit die vesting van rassisme te lei.
5. Bid dat mense wat haat en opstand aanwakker en ons land wil vernietig, gestop sal word en oortuig word van die gevare van hul dade.

--------------------------------

***<u>DAG 13: Probleem: gebroke verhoudinge en vervreemding</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 146; Deut. 32:4; Jes. 1:16–17

OORDENKING**: Vervreemding**

Een van die vrugte van ons apartheidsverlede – sowel as van alles wat op die oomblik in ons samelewing afspeel – is die feit dat groot groepe mense in ons land vereensaam en uitgestoot voel. Die lewe het by hulle verbygegaan. Dit lyk asof baie die vrugte van die stryd teen apartheid gepluk het, maar hulle het niks daarvan gesien nie. Die frustrasie en die moedeloosheid kook oor! Dieselfde geld van honderdduisende jong mense wat drome gedroom het oor die nuwe land, oor wat dit alles vir hulle inhou, en nou vind hulle hulself op die hoeke van strate, honger, net so moedeloos en baie sinies oor wat hul leiers, met baie woorde, aan hulle beloof het. 'n Spesiale groep gemarginaliseerde mense in ons land is dié wat die afgelope jare oor die grense van ons land gekom het, soms derduisende kilometres ver, ook met 'n vlammetjie van hoop en verwagting in hulle harte. In die townships word hulle dikwels geviktimiseer, word hulle onwelkom gemaak. Xenofobie het 'n deel van ons lewe in Suid-Afrika geword. Vervreemding hoort ook nie net tot een rassegroep of bevolkingsgroep nie. Verarmde blankes, boere wat hul deure en vensters elke aand met vrees toesluit, mans en vroue wat hul werk verloor, jongmense wat voel dat daar op allerhande maniere – net omdat hulle wit is – teen hulle gediskrimineer word, maak almal deel uit van die skare vervreemdes en gemarginaliseerdes in ons land. In ons soeke na vrede sal ons met die verskynsel van vervreemding en met die probleme wat dit in ons land skep, rekening moet hou.

God, moet ons onthou, is die God wat veral aan die kant van die verarmde en verontregte en die vereensaamde staan. Hy het alle mense lief, maar as van sy kinders – die eensames, die weduwees en die wese, die vreemdelinge en die verstotenes – te na gekom word, tree Hy op! Ons sal dieselfde moet doen, saam met Jesus na die hoeke van die strate, na die eensame skuilings, na die moedeloses op die platteland, in die townships en die middestede, moet stap. Ons moet ons

verstote susters en broers gaan soek! Op Dag 13 is dit nodig dat ons met mekaar hieroor praat. Met watter vorms van vereensaming en marginalisering het ons in ons stukkie van die land te make? Wat vra Christus van ons, in ons eie spesifieke situasie?

*Hemelse Vader, U is 'n genadige en liefdevolle God. U werke is volmaak en alles wat U doen is regverdig! Vergewe ons as ons altyd net na ons eie welsyn omsien en onsself distansieer en isoleer van die pyn en nood van ander. Maak ons oë oop om die nood van mense rondom ons raak te sien. Ontroer ons harte en vul ons met ontferming. Rus ons toe om die hulpeloses te help, die vader- en moederloses, en die baie eensame mense in ons gemeenskappe te omhels. Help ons om uit te reik na vreemdelinge. Maak ons harte sag teenoor mense wat behoeftig, dakloos, honger en koud is. U het gesê – selfs al gee ons net 'n glas koue water sal dit help! Help ons om die nood van gevangenes, sondaars en uitgeworpenes en ons jongmense wat sonder vaders en moeders grootword, raak te sien en hulle in te neem en te begelei. Help ons om te sorg vir bejaardes, en dié wat verlore is en sonder die kennis van* 'n *God van liefde bestaan. Hier is ons! Gebruik ons! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid vir baie wysheid om gebroke gesinne en gemeenskappe te verenig en te herstel.
2. Bid dat ouers in staat sal wees om tuistes te voorsien vir hulself en hul kinders.
3. Bid dat die baie wesies in ons land nuwe gesinne en ouerhuise sal kry om aan te behoort.
4. Bid dat elke Suid-Afrikaner geliefd sal voel en dat die groot begeerte om trots te voel oor ons land omdat dit goed gaan, vervul sal word. Bid dat vreemdelinge welkom sal voel en deel word van ons samelewing.
5. Weet jy van iemand wat alleen en vervreemd voel? Wil jy nie as God se werktuig hulle help om hul vrees en isolasie te oorkom nie? Reik vandag uit na sulke persone.

--------------------------------

***<u>DAG 14. Probleem: jonk teenoor oud</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gen. 17:7; Eks. 20:12; Ps. 119:9; Pred. 12:1; Jer. 1:4–10; Mal. 4:6; Hand. 2:1–18; 1 Tim. 4:12.

OORDENKING: **Die jeug is in opmars**

Op pad na Soweto, 16 Junie, herdenk ons veral die rol wat jongmense en kinders veertig jaar gelede gespeel het om die onregverdige apartheidsbestel in ons land tot 'n einde te bring. Na vier dekades is dit weer nodig om na die rol van die jeug te kyk. Navorsers berig dat die spanning tussen die geslagte in ons tyd aan die groei is. Die *#Fees Must Fall*-optogte by die universiteite en kolleges teen die einde van verlede jaar het almal aan die praat gehad. Die jongmense het dit duidelik gestel. Die ouer geslag het hul kanse gehad. Dis nou ons beurt om gehoor te word! Selfs helde uit die struggle is eenkant toe gestoot, partykeer uitgejou. Een van die werklike probleme in ons samelewing wat die pad na versoening versper, is dat miljoene jong mense voel dat hulle belange nie gedien word nie – en as die leiers nie iets daaraan gaan doen nie, sal hulle self die hef in eie hande neem.

Terwyl ons bid vir versoening, terwyl ons ons gereedmaak vir Jeugdag en vir die hele vredesproses wat hopelik in die maande daarna geloods gaan word, moet ons sorg dat die jeug behoorlik betrek word. Ouer mense met hul ervaring en wysheid het 'n belangrike rol om te speel, maar die jongmense met hul drome en insigte, met hul borrelende entoesiasme, het 'n heel unieke bydrae om te lewer. Daar moet uitgereik word na die skoliere en studente in Suid-Afrika, na die jong

suksesvolle entrepreneurs én die gefrustreerde jong mans en meisies wat in lang toue staan om werk te kry. Hulle moet ’n spreekbeurt kry – en ons moet met oop ore luister!

*Vader God, U is ’n God van geslagte. U het Abraham en sy nageslag geseën. Dit is in U hart om vaders en seuns, moeders en dogters, te verenig. U het beveel dat ons ons ouers moet eer. In ons dag is daar so ’n afstand tussen die jonger en ouer geslag. Families is verskeur sodat daar geen seën oorbly nie. Ons roep na U vir ons jeug! Hulle het vaders en moeders nodig wat hulle sal seën en hulle aanmoedig om drome en begeertes te vervul. Sal U ons harte na mekaar draai? Herstel die generasiegaping. Beskerm ons jongmense van die baie gevare en versoekings wat die wêreld hulle bied. Rig ’n geslag van jongmense op wat hulself vreesloos aan U toewy. Rig die leiers van môre op. Verwyder die las van die verlede van ons toekomstige generasie. Vader, ons het U nodig. Amen!*

**Gebedspunte:**
1. Bid vir ’n generasie wat hulle hoop in God sal plaas en Hom in geregtigheid sal volg.
2. Baie jongmense het nie rolmodelle nie. Kan jy een wees? Vra die Here om jou te wys hoe jy jongmense kan help om opleiding te ontvang sodat hulle ’n werk kan kry.
3. Bid vir die transformasie van skole, universiteite en kolleges wat almal sal bevoordeel.
4. Bid dat God ons sal help om oplossings te vind vir die talle uitdagings wat Suid-Afrikaners daagliks ondervind. Bid dat jongmense bemagtig sal word om ’n bydrae tot die welsyn van die samelewing te lewer en dit nie te vernietig nie.

--------------------------------

***DAG 15. Probleem: Paradigmas en denkpatrone***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Rom. 12:1–2; 2 Kor. 5:17; 10:4–6; Kol. 3:8–10; Fil. 4:7–8; Heb. 4:12.

OORDENKING: **Ou maniere van dink**

Een van die probleme wat ons op pad na versoening moet hanteer, is die feit dat baie mense – baie keer onsself ook – vasgevang sit in ou denkpatrone en paradigmas. Soos pa en ma gedink het, dink ek ook! Wat vir hulle goed was, is vir my ook goed. Natuurlik is ons geskiedenis en ons tradisies vir ons baie belangrik. Ons is trots op ons wortels! Maar ons moet ook leer om aan te pas. Nuwe situasies vra nuwe denke en denkpatrone. Wanneer ons met mense uit ons eie geledere maar ook met dié uit ander groepe aan die praat raak oor ons land en oor alles wat in ons land op ons wag, die nuwe paaie waarop ons moet leer om saam te loop, sal ons dikwels daarmee te make kry: mense verander nie graag nie!

Gelukkig is dit juis hier waar die Bybel vir ons ’n wonderlike boodskap bring. Jesus maak alles nuut! Hy skink nuwe wyn en nuwe wynsakke! “As iemand in Christus is,” het Paulus geskryf, “is hy (en sy) ’n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan. Alles het nuut geword!” (2 Kor.5:17). By ’n sinode van een van die Afrikaanse kerke waar die vergadering moes besluit of hulle op die ou paaie gaan bly (en apartheid behou) en of hulle op ’n nuwe pad sal stap (en van apartheid afskeid moet neem), was daar ernstige spanning. Een groep wou vashou aan die verlede, die ander wou beweeg. Die oggend toe gestem moes word het ’n vooraanstaande dominee wat daarvoor bekend was dat hy baie konserwatief is, na die mikrofoon gestap: “Broers, ek is na die sinode gestuur om teen die nuwe voorstelle te stem. Ek is bang vir verandering! Maar gisteraand laat, toe ek nie kon slaap nie, het ek my Bybel oopgemaak – sonder dat ek dit besef het, by Romeine 12. Dit was asof Paulus net met my gepraat het. *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is … Moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom*

*goed en aanneemlik en volmaak is*. Ek gaan vandag vir die nuwe voorstelle stem!" Die sinode het saamgestem – en die nuwe rigting met 'n groot meerderheid aanvaar.

*Vader God, u woord sê dat U my gedagtes ken nog voor ek dit gedink het. Ek bely dat my gedagtes oor ander mense nie altyd eerbaar en opbouend is nie. Vergewe my. Vergewe my dat my gedagtes soms boos is en my optrede negatief beïnvloed. Ek bid dat U ook my gedagtes sal vernuwe. Laat u Woord soos 'n swaard wees wat my gedagtes beoordeel en my help om te verander sodat ek soos Christus kan dink. Vernietig elke vesting wat in my verstand opgebou is deur ideologieë. Help my om elke gedagte gevange te neem en aan U gehoorsaam te maak, en om te dink aan dinge wat waar, eerbaar, regverdig, rein en prysenswaardig is. Tot eer van u Naam! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid vir die vernuwing van hoe Suid-Afrikaners dink en gebeurtenisse verwerk. Bid dat alle verskansde denkpatrone wat nie volgens God se wil is nie, geïdentifiseer sal word en hanteer kan word. Bid dat ons 'n positiewe uitkyk op die lewe sal hê en 'n gewilligheid om oplossings te vind vir probleme en nie altyd te kritiseer en mense af te breek nie.
2. Vra dat die Here ons vergewe vir ons kritiese gees en vir die vele kere wat ons mense vervloek, selfs in ons gedagtes en houdings. Bid dat Hy ons help om ons houding te verander.
3. Bid vir die media wat so 'n groot rol speel in die vorming van menings. Bid vir dat rolmodelle, leiers en beroemdes 'n positiewe, nasiebou-invloed op ons jeug sal hê. Bid vir konstruktiewe maniere waarop die jeug kan bou aan 'n nuwe Suid-Afrika en bevry word van ou denkpatrone.

--------------------------------

***<u>DAG 16. Probleem: verskillende wêreldbeskouings,kulture en morele waardes</u>***

Skrifgedeeltes vir tot nadenke: Gen. 1:26–27; Rom. 12:4–5; Hand. 17:24–28; Kol. 3:8–15.

OORDENKING: **As kulture (en tale) bots …**

Gister het ons met mekaar daaroor gepraat dat dit moeilik is om ou gevestigde denkpatrone te verander. Om van wat jy het, oortuigings wat vir jou deur die jare op jou pad begelei het, afskeid te neem, is nie maklik nie. Die proses word nog ingewikkelder as dit om die botsing van kulture gaan. Ons leef in 'n wonderlike land met baie mense en 'n verskeidenheid van kulture. Om van al die baie tale nie eers te praat nie! Al die tale en kulture kan ons lewe interessant maak – en ons Suid-Afrikaanse samelewing op baie manier verryk. Maar kulturele verskille kan dinge ook deurmekaarkrap. Voorbeelde van hoe mense mekaar misverstaan het en hoe spanning en konflik toegeneem het, net omdat hulle mekaar se kulture nie geken en verstaan het nie – of *wou* ken en verstaan nie – is legio.

Dis ook net so belangrik dat ons mekaar se tale sal respekteer en geniet. Die Instituut vir Geregtigheid en Versoening berig dat een van die sake wat die meeste moontlikhede vir konflik skep, dié van die tale van ons land is. Dink maar aan die spanning aangaande die tale wat in die parlement gepraat moet word, of oor tale wat aan universiteite en kolleges gebruik moet word. Op ons pad na versoening sal met baie erns en respek en geduld met mekaar hieroor gepraat moet word: oor die rykdom van kultuur- en taalverskeidenheid, maar ook oor die moontlike vanggate. Wat kan ons in dié verband in ons eie klein kring doen?

*Vader God, ek bely dat my optredes en gedagtes beïnvloed word deur my kultuur, my opvoeding en my eie belewenisse. Ek het hulp nodig om soos Christus te dink. Ek bid dat U my sal help om anders*

*te dink oor mense rondom my. Ek bid dat ons as Suid-Afrikaners respek vir ander kulture en waardes sal ontwikkel. Begin by my. Help my om mense deur u oë te sien. Help my om te onthou dat U alle mense liefhet en dat U begeerte is dat ons almal tot die beeld van u Seun, Jesus Christus verander moet word. Ek is gewillig om deel te wees van 'n multikulturele samelewing. Help my om nie vol oordeel en kritiek te wees nie, maar om mense lief te hê net soos hulle is. Hier is ek, gebruik my! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Suid-Afrika het baie verskillende rasse. Bid dat die rede hoekom die Here dit so beplan het vervul word.
2. Vra dat die Here ons sal toerus en bekragtig om as verskillende kulture saam te leef tot die eer en verheerliking van sy Naam.
3. Bid dat elke persoon in Suid-Afrika die mooi in ander kulture sal ontdek en waardeer, en nie net aan hul eie kultuur vasklou nie.
4. Bid dat die Here deur sy Heilige Gees leiers en onderwysers sal oprig wat Suid-Afrikaners kan help om anders te dink en hulle aan te moedig om 'n nuwe denkpatroon en kultuur van broederliefde en aanvaarding aan te moedig.
5. Bid dat 'n nuwe geslag in Suid-Afrika sal opgroei, onbesmet met dinge van die verlede, wat eenheid in diversiteit sal sien en mense van ander kulture sal waardeer en liefhê.

--------------------------------

***<u>DAG 17. Probleem: godsdienstige verskille</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Rom. 12:9–21; Luk. 24:47; 2 Kor. 5:19–20.

OORDENKING: **As Godsdienste bots**

Suid-Afrika is 'n land van baie godsdienste. Terwyl die groot meerderheid Suid-Afrikaners Christene is, is daar ook Moslems, Hindoes, Jode, Boeddhiste en aanhangers van die tradisionele Afrika-godsdienste in ons land. Getallegewys is hulle min, maar in ons samelewing speel hulle 'n baie groot rol. Ons is baie gelukkig dat terwyl die verskillende godsdienste in baie lande van die wêreld met mekaar bots, hulle in Suid-Afrika baie goed met mekaar klaarkom. Maar die moontlikheid is altyd daar dat, aangespoor deur wat in die wye wêreld gebeur, aanhangers van die verskillende gelowe mekaar ook hier by ons kan bots. En dit mag nie gebeur nie! Versoening in die samelewing beteken om met respek en waardering uit te reik na mense wat anders glo as ons. As ons dit doen sal ons gou uitvind dat hulle mense is, net soos ons, met dieselfde drome en vrae, mense wat net soos ons graag versoening en vrede in ons land wil hê.

In die verlede, moet ons bely, het ons as Christene sommer aangeneem dat Suid-Afrika 'n Christelike land is en dat ons gebruike, ons beginsels en ons feesdae deur almal aanvaar moet word. In die nuwe Suid-Afrika is daar godsdiensvryheid vir almal en geen geloof word bo die ander bevoordeel nie – en dis reg so. Maar ons moet nie maar net uit mekaar se pad bly nie, ons moet mekaar se hande vat – veral om geregtigheid en genesing vir al die mense in ons land te bring. Daar word dikwels, in oorsese lande, gesê dat godsdienstige twiste die oorsaak van baie van die ellende waarmee ons te make het, is. In Suid-Afrika moet ons bewys dat dit nie so hoef te wees nie!

*Vader God, U het ons geroep om ambassadeurs vir u Koninkryk te wees, en om mense te roep van duisternis na die Lig. Hoe kan ons dit doen as ons nie ander mense kan liefhê nie? Ons bid vandag*

*vir ons land, Suid-Afrika. Ons bid dat Christene sal leer om mense lief te hê en te respekteer; om gewilliglik ander te dien selfs al glo hulle nie soos ons nie. Ons bid dat mense Jesus se liefde, ontferming en goddelike natuur in die liefde en goeie dade van die Kerk sal beleef. Help ons om waarlik u ambassadeurs in ons land te wees. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat God Suid-Afrika genadiglik vrede sal gee.
2. Bid dat God ons sal leer hoe om uit te reik na mense wat aan ander godsdienste behoort, sodat ons sy liefde met hulle kan deel.
3. Bid dat Christene die nood van mense rondom hulle sal raak sien, sonder dat dit saakmaak aan watter geloof hulle behoort.
4. Bid dat Suid-Afrika 'n plek sal wees waar mense van ander gelowe 'n veilige hawe sal vind en blootgestel kan word aan die liefde van God.

--------------------------------

***DAG 18: Politieke verskille***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 2; Dan. 2:20–22; Rom. 13:1–7; 1 Tim. 2:1–4; Tit. 3:1–2.

OORDENKING: **Dis die politici wat alles deurmekaarkrap!**

Volgens kenners is een van die mees dringende probleme in ons land die wyse waarop politici optree, asook die manier waarop politieke debatte gevoer word. 'n Mens word skaam as jy luister hoe een politieke leier na die ander optree, hoe skares opgesweep word, hoe politieke debatte in die parlement gevoer word. Dis die politici se skuld, sê al meer mense, dat daar nie rus en vrede in die land is nie. Volgens die *Reconciliation barometer* (waarna ons al 'n paar keer verwys het) is dit wel so. Daar is by baie Suid-Afrikaners 'n groeiende teleurstelling en frustrasie oor die politieke prosesse in ons land. Ter voorbereiding van die komende plaaslike verkiesings in ons land is dit asof dinge al erger word. In 'n volwasse demokrasie kan mense mekaar se politieke sienings en verskille akkommodeer, kan oor belangrike sake gedebatteer word sonder dat mense mekaar te na kom – of selfs te lyf gaan. Partykeer lyk dit asof ons nog ver daarvan is! Hoe gaan ons op ons versoeningspad mense van verskillende politieke oortuigings saamsnoer?

Dis 'n ou vraag: Het die kerk 'n politieke roeping? Die antwoord is natuurlik "Ja". Soos op elke lewensterrein moet die lig van die Woord val – ook op die politieke prosesse in ons land. Die kerk het 'n profetiese roeping ten opsigte van die regering en alle politieke partye om wat hulle doen en sê, elke beleidsrigting, aan die eise van die Woord te toets. Het die kerk 'n partypolitieke roeping? Mag die Kerk hom by een party skaar? Die antwoord is 'n duidelike "Nee". Die kerk moet haar afstand van elke party behou. Die kerk moet haar onafhanklikheid as 'n kosbare skat bewaar, sodat sy 'n kritiese oordeel oor alle politieke grense heen kan lewer. Bo alles het die kerk die plig om haar lidmate – politieke leiers én gewone stemgeregtigdes – te leer hoe om van mekaar te verskil, hoe gelowiges totale verskillende oortuigings kan hê, terwyl hulle broers en susters van mekaar bly wat mekaar respekteer en liefhet.

Vandag moet ons met groot erns vir ons politieke leiers bid, veral vir dié wat oortuigde kinders van die Here is. Hulle het ons gebede baie nodig!

*Vader ons kom met gebede, smeking en danksegging voor u Troon om te bid vir ons politieke leiers en vir almal wat gesagsposisies beklee, sodat ons in vrede mag leef en volkome toegewy kan wees aan U. Dit is wat U, ons God en Verlosser behaag. U wil hê dat alle mense gered sal word en tot*

*kennis van die waarheid kom. Mag ons politici in geregtigheid optree sodat ons bestendigheid in ons land kan hê. Vader ons weet dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, wêreldheersers en magte van die duisternis. Ons bid dat ons politieke leiers beskerm sal word teen die magte van die duisternis. Laat u Koninkryk kom in Suid-Afrika. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid vir elke politieke leier by name. Bid dat hulle harte oop sal wees om instruksies van die Heilige Gees te ontvang. Bid dat hulle manne en vroue van integriteit sal wees, wat nie lieg nie maar die waarheid sal praat en leef.
2. Bid dat God ons vrede sal gun deur ons politieke bestel. Bid dat politici ons grondwet sal eerbiedig, daaraan gehoor sal gee en dit, sowel as die waardes waartoe Suid-Afrikaners onsself verbind het, sal beskerm.
3. Bid dat God leiers sal oprig wat sy wil in Suid-Afrika sal doen.
4. Bid dat ons politici in wysheid sal optree en God sal eerbiedig.

--------------------------------

***<u>DAG 19. Probleem: geweld en bloedvergieting</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gen. 4:10–12; Eks. 20:13; Deut. 21:1–9; Num. 35:33–34; Hos. 4:1–7; Mat. 5:21–24; Rom. 12:17–21.

OORDENKING: **Geweld en bloedvergieting in ons land**

Ons leef in 'n gewelddadige samelewing. Ons hoef nie eers na statistieke en koerantberigte te vra om dit te bewys nie. Ons almal ervaar dit elke dag. Baie van die geweld vind binne gesinne plaas. Verkragtings, kindermishandeling, dronkenskap, dwelmmisbruik en die vernedering van huweliksmaats, is aan die orde van die dag. En in die strate daarbuite, in die dorpe en op die plase is dit eens so erg. Geweld wat uitloop op bloedvergieting, moorde – dikwels met die vreemdste motiewe – vind elke dag plaas. 'n Mens se lewe het goedkoop geword – soveel werd as 'n selfoon of 'n bottel drank. Om in so 'n samelewing oor vrede en versoening en genesing te praat, is moeilik. Elke gesinsmoord, elke kind wat wegraak, elke roofaanval op die hoek van die straat, elke plaasaanval, maak dat mense kwaad word, of moedeloos, gereed om hul hande in die lug te gooi, of om self wraak te neem.

As ons glo dat Jesus die Vors van Vrede is moet ons in ons land 'n duidelike "Nee!" laat hoor teenoor geweld. In Jesus se koninkryk is daar nie plek vir haat en nyd en bloedvergieting nie. "Nie deur krag en geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here". Maar terwyl ons oor al die dinge nadink, pas dit ons om self weer 'n keer voor die spieël te gaan staan. Hoeveel geweld en woede is daar nie in ons eie harte, wat ons voor die Here moet bely nie?

*Vader God, ek staan namens myself, my gesin, my mense en die vorige geslag in Suid-Afrika voor U, om te bely dat ons veroorsaak het dat die land uitroep om vergelding as gevolg van al die bloedvergieting, oorloë en moorde. Ons is skuldig en het U vergifnis en reiniging nodig. Vergewe ons. U is die Een wat lewe gee, en deur lewens te neem, maak nie saak hoe ons dit regverdig nie, het ons U oneer aangedoen. Ons bid soos Dawid: ons het teen U gesondig. Verwyder asseblief die bloedskuld en die geroep na vergelding van ons land se grond af. Mag die bloed van Jesus inderdaad van beter dinge praat as die bloed wat om vergelding roep. Herstel ons land en volk. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. As jy, of jou familie, of jou voorgeslagte betrokke was in enige konflik of oorlog waar lewensverlies plaasgevind het, of as enigiemand in jou familie ’n moord gepleeg het, is dit nou die regte tyd om dit te bely en vergifnis te ontvang. Vra dat die Here die bloedskuld van jou familie en van die opkomende geslagte sal verwyder.
2. Volgens die Bybel is die stad en land waar mense doodgemaak is ook skuldig aan bloedvergieting. Vra dat die Vader se vergifnis ook die bloedskuld van jou gemeenskap, dorp en stad sal wegneem.
3. Bid dat God ons as Suid-Afrikaners sal help om waarde te heg aan lewe en dit te vier, en dat ons onsself daarvan sal weerhou om selfs iemand te vloek, aangesien dit in Jesus se oë so goed soos moord is.
4. Bid dat God ’n generasie van Suid-Afrikaners sal oprig wat vry is van die skuld en laste van die verlede; ’n generasie wat God eer en vir Hom ’n woonplek bou in hulle harte.
5. Bid dat Suid-Afrika ’n land word waar alle lewens waarde het en geëer word volgens God se woord.

--------------------------------

***<u>DAG 20. Probleem: gierigheid, jaloesie, afguns en omkopery</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Mat. 23:25; Gal. 5:19–23; 1 Tim. 6:10; 1 Joh. 3:17.

OORDENKING: **Gierigheid, die wortel van alle kwaad**

Vader Bonaventure Hinwood is ’n Fransiskaanse monnik wat diep spore in ons land, veral in die Rooms-Katolieke Kerk, getrap het. Ek was by toe hy op ’n keer gesê het: “Wat is die grootste probleem in ons land? Die materialisme en die geldgierigheid van ons mense! Al die probleme waarmee ons in die verlede te make gehad het: apartheid, onreg of armoede, is alles onderdele van dieselfde verskynsel: gierigheid! Mense is nooit tevrede met wat hulle het nie, hulle wil meer en meer hê. Genoeg is nooit genoeg nie”. Dis ontsettend om daaraan te dink dat, volgens ekonomiese navorsing, sestien persone op aarde – die superrykes – soveel besit as die helfte van die mensdom! As ons oor versoening en geregtigheid in Suid-Afrika wil praat, moet ons gewillig wees om die inhaligheid en gierigheid van mense te bevraagteken. Hoe is dit moontlik dat mense miljoene bymekaarskraap, dat hulle elke jaar in nuwe peperduur motors ry, dat hulle die luuksste van huise koop, een slag na die ander op die aandelebeurs slaan – en dit terwyl hulle medeburgers nie weet waar môre se ete vandaan gaan kom nie?

Die Bybel sê dat gierigheid die wortel van alle kwaad is. Paulus het aan sy jong medewerker Timoteus geskryf: “Geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. Party het geld nagejaag en toe van hulle geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal” (1 Tim 6:10). Geldgierigheid kan ’n mens tot die uiterste sonde dryf. Een verklaring vir Judas se ontsettende daad, toe hy sy Meester vIr ’n paar geldstukke verraai het, was juis dat hy dit uit gierigheid gedoen het. Voordat ons tot gebed oorgaan moet ons op Dag 19 hieroor praat. Stem ons saam met Vader Hinwoord? Hoe moet ons die versoeking van gierigheid in ons land en in ons kerke – en in ons eie harte – hokslaan?

*Vader God, ek bely dat selfs ek toelaat dat my begeertes my oordeel van ander versluier. Ek bely dat ek ook versoek word deur liefde vir geld. Vergewe my en bevry my van hierdie verskriklike versoeking van gierigheid en afguns. Vergewe my dat ek jaloers is op ander mense. Vergewe ons in Suid-Afrika vir ons gierigheid en afguns. Bevry ons van Mammon en sy houvas op die Kerk en ons*

*gemeenskappe. Bevry ons land van die euwel van omkopery. Vergewe ons dat ons nagelaat het om die armes en behoeftiges te versorg en baie keer ons gesig weggedraai het van hulle lyding. Vul ons opnuut met u Gees en herstel ons tot geregtigheid en integriteit. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Kerk in Suid-Afrika bevry sal word van die liefde vir geld en getroue bestuurders van God se fondse sal wees.
2. Bid dat Suid-Afrika se bronne met wysheid bestuur en gebruik sal word tot alle mense se voordeel.
3. Bid dat die Here leiers sal oprig wat nie buig voor Mammon nie, nie omkopery toelaat nie asook nie onwettige manier om geld te maak voorstaan nie.
4. Bid dat die Here Suid-Afrikaners kreatief sal maak met die vermoë om ’n vooruitstrewende en hardwerkende samelewing te skep.
5. Bid dat die jong opkomende generasie vry sal wees van dwelmafhanklikheid, bevry sal word van luiheid en ’n laissez-faire-houding (laat maar gaan) en met groot genot ’n dagtaak kan verrig.
6. Bid dat Suid-Afrikaners hulle harte sal oopmaak vir mense in nood, dat ons graag dit wat ons het met ander sal deel in die Naam van Christus en volgens sy voorbeeld.

--------------------------------

## DEEL 3. KONFRONTEER DIE SEER – GENESING VAN DIE HART (DAG 21–30)

### ***<u>DAG 21. Ons harte</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 19:12–14; 139:1–24; Spr. 4:20–23; Rom. 5:5; 1 Pet. 1:21.

OORDENKING: **Deurgrond my, o God en ken my hart …**

Dawid se gebed het op Dag 19 vir ons baie te sê. Gedurende die afgelope dae het ons aan baie dinge aandag gegee. Eers het ons na onsself gekyk en gevra: Hoe moet ons onsself voorberei vir ons versoeningsreis? Toe het ons na die verskeurde samelewing om ons gekyk en gevra: Wat veroorsaak al die spanning en probleme in die land? Wat hou mense weg van mekaar? Vir die volgende tien dae gaan ons vra: Hoe moet die Here ons harte verander dat ons na mekaar kan uitreik? As ons David se aangrypende Psalm 139 lees, besef ons: God ken ons harte – beter as wat ons self ons harte ken. Hy is die Een wat ons seer en pyn, ons hoop en frustrasie, alles wat in ons harte en gedagtes broei, raaksien. Hy gee insig. Hy salf ons wonde. Hy gee ons die krag en entoesiasme om op te staan, nadat ons geval het. Dis waarvoor ons moet bid in die dae wat voorlê.

Een van die mees aangrypende voorbeelde van hoe God in mense se harte kan werk, het Nico Botha, professor aan die Universiteit van Suid-Afrika, aan my vertel. Hy was by ’n ekumeniese vergadering iewers in Afrika, en was diep geroer deur die getuienis van ’n vrou uit Liberië. ’n Paar jaar gelede was daar ’n wrede en verwoestende burgeroorlog in die land. Kindersoldate is deur die vegtende groepe opgelei en aangemoedig om bloeddorstige aanvalle op hul eie mense te loods. Op ’n dag het ’n groep kindersoldate ’n dorp aangeval. Een van die vroue het met haar babatjie op haar rug probeer weghardloop. ’n Elfjarige soldaat het haar ingehaal en met ’n wrede gil die babatjie op die ma se rug met ’n bajonet doodgesteek. Twee jaar na die oorlog verby is, het die vrou die jong soldaat weer raakgeloop. Sy sou sy gesig nooit kon vergeet nie. Maar nou was die jong seun ’n bedelaar, miserabel en stoksielalleen sonder sy kamerade, op die markplein. Die vrou

het nadergestap, haar arms om sy skouers geslaan en vir hom gesê: “Ek het nie meer ’n kind nie. Jy het nie meer ’n ma nie. Kom saam met my huis toe. Ek sal vir jou sorg en vir jou ’n ma wees. Jy kan my seun wees.”

*Hemelse Vader, ek het U lief met my hele hart! Ek wil hê U moet U woning in my hart maak. Ek bid dat U my hart sal skoonmaak van alles wat vuil is, alle sonde, bose gedagtes en onheilige houdings. Gee my ’n gebroke en berouvolle hart, gevul met meegevoel vir dié wat ly, vir die armes, behoeftiges, ou mense, weeskinders en jeug van ons land. Laat my hart nie hard, trots, of geslote word teen U en ander mense nie. Leer my om my vyande lief te hê en ook selfs die wat my wil leed aandoen. Ek gee myself vandag opnuut aan U met ’n onverdeelde hart. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Daar is baie ervarings in die lewe wat kan veroorsaak dat mense hul harte verhard of toemaak. As jy gewillig is, bid vandag dat die Vader genesing in jou hart sal bring en jou sal help om so dapper te wees om jou hart weer oop te maak om lief te hê en weerloos te wees.
2. Ons vertroue is nie in mense nie maar in ons Hemelse Vader. Bid dat Hy jou hart sal bewaar teen valsheid en verraad. Vra Hom om Sy plek in te neem op die troon van jou hart.
3. Bid dat Suid-Afrikaners genesing sal ontvang en dat die hart van Suid-Afrika heling sal kry; dat dit weer sag sal wees teenoor ander, gewillig om lief te hê, gewillig om te vertrou en te versoen.

--------------------------------

***<u>DAG 22. Konfronteer die seer: emosioneel en fisies</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 13:2; Jes. 53:1–6; Mat. 25:35–36; Joh. 11:33–35.

OORDENKING: **Jesus se trane – en ons s’n**

Een van die mees aangrypende taferele in die Bybel is die ontmoeting tussen Jesus en Maria, na die dood van haar broer Lasarus. Jesus het geweet dat Lasarus weer sou opstaan, maar Maria se hartseer en pyn het Hom so ontroer dat Hy in trane uitgebars het (Joh. 11:33–35). Maar dit is soos ons die Here Jesus leer ken: waar nood en pyn en hartseer was, was Hy daar om te help en te vertroos: ’n weduwee wat oor haar seun wat gesterf het treur, ’n man wat paniekerig is oor sy dogter wat op sterwe lê, kreupeles en blindes en melaatses. Hy het hom met die nood en die pyn van die mense om hom vereenselwig. Dis hoekom Hy na die wêreld gekom het. Soos die profeet Jesaja lank tevore al vertel het: “Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra” (Jes. 53:4).

Dit is ook wat Hy van ons verwag, dat ons sy verteenwoordigers in ’n wêreld in nood sal wees, ook in ons land met sy ingewikkelde probleme, met al die pyn – emosioneel en fisies – wat derduisende mede-Suid-Afrikaners kwel. Dat ons, soos Hy, trane sal stort oor wat ons om ons sien. Hoe gaan Jesus ons by sy wederkoms as sy dissipels erken? “Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; ek was dors en julle het my iets gegee om te drink; Ek was ’n vreemdeling en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere en julle het My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek …” (Mat. 25:35–36).

Voordat ons saam bid, moet ons die vrae met mekaar bespreek: Waar is die grootste nood en pyn in ons land? Is dit emosioneel of fisies? Hoe kan ons ons met dié wat ly vereenselwig – en hoe kan ons hulle bystaan?

*Vader God, ek lê voor U neer die pyn, hartseer en bitterheid in my hart oor wat ek en my familie moes deurgaan en wat ons selfs vandag nog deurgaan. Hierdie emosies is 'n swaar las . Vader, ek kan dit nie meer langer dra nie. Help my asseblief en bring genesing vir my gewonde hart en ook my gewonde familie. Ek bid dat U my sal help om dié wat teen my gesondig het te vergewe. Ek wil ten volle emosioneel genees en herstel. Vul my hart met u vreugde en vrede. Vergewe my ook vir enige emosionele en fisiese pyn en leed wat ek aan ander gedoen het. Gee vir my geleenthede om reg te maak en met hul te versoen, sodat ek ook vir hulle kan help om te genees. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Emosies is nie negatief nie maar as dit nie reg hanteer word nie, kan dit lei tot negatiewe gedrag. Gebruik nou tyd in die Here se teenwoordigheid en laat toe dat jou emosies in God se teenwoordigheid na vore kom. Wees eerlik oor hoe jy voel en vertrou dat God jou sal help om deur die emosies na 'n plek van genesing te gaan.
2. Bring elke emosie biddend voor God. Vra Hom om troos en genesing te bring. Vra hom ook om sy perspektief vir jou te gee en om jou ook te help om op 'n goddelike manier te reageer.
3. Bid dat God self beheer sal neem van elke situasie en ook elke persoon wat vir jou pyn veroorsaak het.
4. Wag in Sy teenwoordigheid tot Sy vrede, wat alle verstand te bowe gaan, jou hele siel en verstand vervul.
5. Vra vir God om jou te wys vir wie jy vandag kan vertroos en bystaan?

--------------------------------

***DAG 23. Konfronteer die seer: verlies van geliefdes***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Jes. 53:4; Joh. 14:1; Ps. 119:169; Ps. 34:17–19; Ps. 147:3; 2 Kor. 1:3–4; Jes. 43:2; Ps. 56:8.

OORDENKING: **Vannag, na al die jare, sal ek weer kan slaap …**

In ons land word baie trane gestort. Mans en vroue en veral ook kinders kry swaar. Dinge wat met hulle gebeur het, onreg wat hulle gely het, geliefdes wat hulle verloor het, drome en ideale wat in skerwe beland het, vernedering wat hulle moes ondergaan, laat hulle tot laat in die nag wakker lê. Ons mag vir almal met wie ons te make kry wat op die een of ander manier met pyn en hartseer worstel, die wonderlike boodskap van die Bybel – soos ons in die tekste hierbo gelees het – deurgee. Jesaja se boodskap aan die mense van sy tyd beteken vir ons net soveel: "Moenie bang wees nie. Ek verlos jou. Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. As jy deur die water moet gaan, is Ek by jou, deur die riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder". Ons het die roeping om nie net vir die mense te vertel dat God hulle kan troos nie, maar om namens Hom, 'n hand van troos na ander uit te steek.

'n Mens is dikwels verleë omdat ons so min vir die mense om ons kan doen. Maar partykeer is dit juis die klein dingetjies, die arm on 'n skouer, die gewilligheid om by iemand te gaan sit om luister, wat die verskil maak. By een van die verhore van die Waarheids- en Versoeningskommissie in Oos-Londen het 'n moeder die skokkende verhaal vertel hoe sy haar seun se liggaam by die staatslykhuis moes gaan haal. Die polisie het die twaalf jaar oue seun gearresteer en gemartel voordat hulle hom uiteindelik doodgeskiet het. Die moeder was in trane toe sy vertel het hoe sy haar seun gereed moes maak vir sy begrafnis, met brandmerke oor sy liggaam en gapende wonde aan sy kop en sy lyf. Baie mense in die gehoor, ook die voorsitter, was saam het haar in trane. Maar toe iemand vir die moeder tydens die etenspouse uitgevra het of sy bly was dat sy gekom

het, of dit die moeite werd was om te getuig, om weer deur die trauma van haar seun se dood te gaan, was haar antwoord: "O ja, dit was die moeite werd! Ek is so bly dat ek gekom het. Die mense het na my verhaal geluister! Ek dink dat ek vannag vir die eerste keer in sestien jaar dadelik aan die slaap gaan raak. Miskien gaan ek vir die eerste keer in al die jare dwarsdeur die nag slaap".

*Vader God, U is die Gewer van lewe. U het U enigste Seun gegee om die dood te oorwin. Dit is 'n vreeslike ervaring om 'n geliefde te verloor en soveel te meer as dit deur geweld, haat en woede gebeur. Help ons asseblief om vrede en genesing te vind. Ons bid vir elke persoon in Suid-Afrika wat 'n geliefde verloor het vanweë ras- en politieke geweld. Ons kan nooit hierdie sterk gevoelens van woede, bitterheid en begeerte tot vergelding op ons eie oorkom nie. Ons het U hulp nodig. Vader ons vertrou u om ons te help om hierdie geleentheid te gebruik om ons eie pyn in die gesig te kyk en om tot versoening met ons vorige vyande te kom. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Daar is hoop vir genesing as jy 'n geliefde verloor het deur die gewelddadige handeling van iemand anders. Vergifnis beteken nie verskoning van sonde nie, maar 'n bonatuurlike handeling wat genesing in jou eie hart kan bring. Is jy gewillig om met die proses van vergifnis te begin?
2. Bid dat God ons as Suid-Afrikaners sal help om oorwinning te kry oor baie geslagte se diep pyn, woede en bitterheid wat besig is om ons mense te vernietig. Genesing begin by elkeen van ons. Vra vir God om jou te help om 'n geneser te wees en spreek vergifnis soos Jesus dit gedoen het.
3. Die neem van 'n lewe is 'n baie gewigtige aksie voor God. Hy sal dit nooit ongestraf laat verbygaan nie. In sy goddelike geregtigheid sal elke oortreder tot verantwoording geroep word vir sy of haar dade. Kom ons bid nou vir elke persoon wat ons glo in die almagtige God se hande gegee moet word om te betaal vir sy of haar dade. Kom ons gee hul vandag oor in die hande van die almagtige Regter, die Vader en ons Here Jesus Christus.
4. Het jy al tyd gemaak en na die storie van iemand wat 'n geliefde verloor het, geluister? Het jy al jou storie met iemand anders gedeel?

--------------------------------

***DAG 24. Konfronteer die seer: oordeel, vooroordeel, aanklag, blaam***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gen. 3:8–12; Mat. 5:10–11; 7:3–5; Rom. 2:1–3.

OORDENKING: Dis nie ek nie!

Here, dis nie ek nie! Vanaf die eerste dag af wys ons, soos Adam, ons vinger na ander: "Dis die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet". Adam het homself verontskuldig: Here, dit is dus U skuld – U het die vrou vir my gegee. En dis Eva se skuld – sy het my verlei. Deur al die eeue was dit so: dis baie makliker om die skuld op ander te pak, om hulle te blameer, as om jou eie verantwoordelikheid te aanvaar. In ons eie land, in ons pogings om vrede te help bewerkstellig, sal ons gedurig daarmee te make kry, met die "*blame game*". Een persoon wys die vinger na ander, een groep hou die ander groep verantwoordelik. Dis nie ek of ons nie – dis hulle!

Daarvan gepraat: een van die gevaarlikste probleme waarmee ons almal worstel is dié van vooroordeel. Ons maak graag karikature van mekaar. Witmense is só, swartmense is só, Engelse is só, Afrikaners is weer só! Dis nie net onregverdig om alle groepe oor dieselfde kam te skeer nie, dis ook onwaar. Almal is nie so nie! Terwyl ons gereed maak om te bid, moet ons eers met mekaar

praat: In hoe 'n mate is ons ook skuldig aan die "*blame game*"? Hoeveel keer is ons geneig om die splinter in die ander se oog raak te sien, terwyl daar 'n balk in ons eie oog is? Daarby: wat kan ons doen om die karikature in ons samelewing af te breek?

*Vader God, ek bely vandag dat ek ook baie keer ander mense blameer vir dinge wat ekself ook doen. Vergewe my dat ek mense oordeel voordat ek hulle stories ken. Vergewe my vir my vooroordeel teenoor ander rasse en mense sonder dat ek die feite en hulle perspektief ken. Vandag kies ek om deel van die oplossing te word en nie deel van die probleem nie. Weerhou my van oordeel, aanklag en om ander te blameer. Help my om ander te bemoedig om 'n oplossing te vind wat alle Suid-Afrikaners kan bevoordeel. Ek neem verantwoordelikheid om te bid. Ek bid vir die leierskap van ons land – gee aan hulle wysheid, medelye en nugter denke terwyl hulle oor ons land se toekoms beraadslaag. Ek seën hulle in Jesus se Naam! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vra die Here om jou te wys waar jy mense aangekla of veroordeel het sonder om hulle kant van die saak te hoor. Bely die onregverdige optrede en vra dat die Here jou help om reg te oordeel.
2. As Christene mag ons mense nie voor God aankla nie. Ons is geroep as priesters om in te tree vir dié wat verkeerd optree. Laat ons ons by Jesus skaar en bid dat God mense sal oortuig van sonde en tot bekering bring en dat Hy hulle sondige dade sal oordeel in sy regverdigheid.
3. Soms is ander mense te blameer vir die toestand in ons land, maar negatiewe praatjies en blaamverskuiwing ("*blame shifting*") help ons niks. Laat ons bid en elkeen ons eie verantwoordelikheid opneem om probleme in ons land te help oplos.

--------------------------------

***<u>DAG 25. Hanteer die seer: trots, hoogmoed, meerder- en minderwaardigheid</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Jes. 2:17; 13:11; Rom. 1:16; Gal. 6:3–4; Fil. 2:3; Jak. 4:6.

OORDENKING: **Ons is tog nie só nie!**

Toe ons ons op Dag 5 gereed gemaak het om te bid, het ons oor hoogmoed en nederigheid gepraat, oor hoe hoogmoed en arrogansie ons diskwalifiseer om God se werk te doen. Die versoeking is altyd groot om vol van jouself te sê: "Ek is tog nie só nie. Ons is tog anders as die ander!" Jakobus het die eerste Christelike gemeente egter gewaarsku: "God weerstaan die hoogmoedige, maar aan die nederige gee Hy genade" (Jak. 4:6). Ons moet vandag, terwyl ons ons gereedmaak om vredemakers te wees, bid dat die Here nie net ander nie maar óns ook van die sonde van hoogmoed en arrogansie sal genees. Onthou wat Paulus gesê het: "As iemand hom verbeel Hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van ander te vergelyk" (Gal. 6:3–4).

Die vanselfsprekende gevolg van mense se hoogmoed en meerderwaardigheid is dat hulle by ander mense in 'n gevoel van minderwaardigheid veroorsaak. Ons arrogante optrede maak dat ander hul selfvertroue verloor. In die geskiedenis van die wêreld – en beslis ook van ons land – was dit dikwels so dat een volk of groep só onder die meerderwaardigheid van ander deurgeloop het, dat hulle aan hulleself begin twyfel het. Is dit iets waarmee ons in ons versoeningspogings te make kry? Hoe moet ons dit hanteer?

*Vader God, ek buig voor U as die God van hemel en aarde. Ek bely dat ek ook trots en arrogant is en maak asof ek beter as ander mense is. Hierdie inherente trots in mense behaag U glad nie. Ek is*

*jammer. Vergewe my as ek ander onderdruk en afgekraak het met my meerderwaardige houding en hoogmoedigheid. Terwyl ek voor U buig vra ek dat U die nederigheid van u Seun, Jesus Christus, in my hart, my gedagtes en optrede sal inbou. Help my om ander mense as gelykes te sien, en om hulle te dien en nie oor hulle te wil heers nie. Ek bid vir my medebroers en -susters in die Kerk, dat U ons sal help om onsself voor U te verootmoedig. Verwyder hierdie hindernis van trots sodat ons mekaar kan vind en met mekaar versoen kan word. Help ons om by ware broederliefde uit te kom sodat ons versoening kan bedien aan die ander mense in ons land. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Nederigheid is die eerste voorwaarde vir die beloofde genesing van die land. Trots is ons grootste struikelblok. Laat ons bid dat God ons sal help terwyl ons die sondes van ons eie kultuur en politieke ideologie wat ons land vernietig het, bely.
2. Laat ons staan by ons ooreenkoms om nederig te vertrou op ons medebroers en -susters om eenheid in ons verskeidenheid te vind.
3. As jy mense te na gekom het deur trots, hoogmoed en ’n meerderwaardige houding, wil jy nie jouself verootmoedig en hulle om vergifnis vra nie? Lees weer die stories van versoening agter in hierdie boekie en sien die deurbraak omdat mense braaf genoeg was om hulself te verootmoedig.
4. Bid dat die Kerk in Suid-Afrika mense sal wees wat so laag kan buig dat God sy belofte vir genesing vir ons land in ons generasie kan vervul.

--------------------------------

***<u>DAG 26. Hanteer die seer: woede, haat, wraak en bitterheid</u>***

Skrifgedeeltes vir oordenking: Jes. 53:5–6; Luk. 6:27–28; Rom. 12:17–19; 1 Joh. 4:20.

OORDENKING: **Nog steeds ’n gevangene?**

In sy boek *No future without forgiveness* skryf Desmond Tutu van drie veterane uit die Viëtnamese Oorlog wat by die Viëtnamese Oorlogsgedenkteken in Washington staan. Al drie was krygsgevangenes wat jare lank in ’n krygsgevange kamp swaargekry het. “Het jy die Viëtkong al vergewe vir wat hulle jou aangedoen het?” vra die eerste veteraan. “Vergewe? Ek sal hulle *nooit* vergewe nie!”, roep die tweede uit. Die derde kyk na sy maat en sê: “Dit lyk my jy is nog steeds ’n gevangene”. Dis ’n les wat ons ernstig moet opneem. Die gevoelens van woede en haat van baie mense in ons land, oor wat alles in die verlede met hulle gebeur het, oor wat nou nog met hulle gebeur, is verstaanbaar. Maar daar moet iets aan gedoen word. Ons moet die persone help om oor hul ervarings te praat. Ons moet hulle begelei om veral ook met God oor hul gevoelens te praat. Want Hy bring genesing en vrede.

In Kaapstad het ’n Anglikaanse priester, vader Michael Lapsley sy *Institute for the Healing of Memories* gestig. Hy was die heel laaste slagoffer van apartheid, toe die veiligheidspolisie nog vir hom ’n briefbom gestuur het ná die vrylating van Mandela. Hy was byna dood en moes ’n jaar in die hospitaal deurbring. Hy het albei sy hande, sy een oor en sy een oog verloor. Sy gesig en sy lyf is permanent geskend. Maar hy het uiteindelik opgestaan – en vandag help hy duisende mense in ons land en vér in die buiteland om die spoke van hul verlede, die slegte herinneringe waarmee hulle gedurig worstel, te oorwin. Hy help hulle om hul herinneringe te genees. Jesus is die groot heelmeester, vertel hy vir die mense. Hy kan julle genees, soos Hy my gesond gemaak het – as julle Hom toelaat. Sien jy kans om die selfde te doen, om by vader Lapsley aan te sluit?

*Vader God, ek verneder myself vandag voor U. Ek bely dat ek ook gevoelens van woede, haat en wraak in my hart koester. Hoe baie keer wou ek myself nie wreek op iemand wat my fisies of emosioneel seergemaak het nie? Hierdie emosies vernietig my. Soms was my woede geregverdig. Help my om woede konstruktief aan te wend en ten goede verandering te bring. Verwyder die wortel van haat en bitterheid wat in my hart groei en verhinder dat ek versoen met ander mense. Ek gee nou my begeerte om wraak te neem in U hand oor. Ek vertrou dat U my sal deurdrenk met u reg en geregtigheid. Bevry my nou van hierdie emosies. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vra die Here om jou te help om te onderskei wie en watter spesifieke situasie jou kwaad maak. Vra Hom om die hele ding in perspektief te bring – hoe sien Hy dit? Gee daardie persoon by name aan die Here oor.
2. Vra die Here om jou tot by vergifnis te bring. Onthou dat vergifnis nie sonde goedpraat nie, maar jou help om vry te kom van ’n situasie of persoon wat jou gevange hou. Spreek vergifnis uit teenoor die persoon wat die seer veroorsaak het.
3. Bid dat die Here die Kerk in Suid-Afrika sal help om ’n instrument te wees wat die verwydering van die wortels van haat, bitterheid en wraak kan in harte van baie Suid-Afrikaners kan fasiliteer.
4. Bid dat die Heilige Gees bevryding en genesing sal bedien aan duisende woedende mense wat nog nie vryheid van vergifnis beleef het nie.

--------------------------------

***DAG 27. Hanteer die seer: ontkenning***

Skrifgedeeltes vir oordenking: 1 Sam. 12:1–7. Mat. 27:24; Ps. 15:2; 43:3; Joh. 16:13.

OORDENKING: **Dit kan nie waar wees nie!**

Die bekende Amerikaanse sielkundige Elizabeth Kübler-Ross sê dat die heel eerste reaksie van mense, wanneer hulle in ’n eksistensiële krisis beland, een van ontkenning (“*denial*”) is. Om met ’n egskeiding gekonfronteer te word, of met die dood van jou man of jou kind, as die dokter vir jou sê dat kanker by jou gediagnoseer is, is te veel en te swaar om te verwerk. Die maklikste is om dit te ontken. Dit kan nie waar wees nie!

Wat vir individue geld, geld ook vir groepe mense, soms groot groepe in die samelewing. Toe die WVK twintig jaar gelede met sy program begin het en die ontsettende inligting oor wat alles in ons land gebeur het die wêreld ingestuur is – wat apartheid aan mense gemaak het, hoe die slagoffers van die geweld van alle kante gely en gesterf het – was dit vir baie mense net te veel. Baie blankes (Afrikaans én Engels) het op die getuienisse van die slagoffers reageer: Dit kan nie waar wees nie. Dis alles oordryf. Apartheid was nie so sleg nie – ons het dit goed bedoel. Party het dit sterker gestel: Ons wil niks met die WVK te doen te hê nie. Dis alles net ’n heksejag!

Op ons versoeningspad sal ons dikwels met die verskynsel van ontkenning te make hê. Partykeer sal jy in jou eie lewe daarteen moet veg! Maar ons moet onsself en ons mede-Suid-Afrikaners help om die waarheid in die oë te kyk, om ons skuld teenoor God en ons medemens te bely, en toe te laat dat die Here ons op die pad van vergifnis en vrede lei.

*Hemelse Vader, U het ons as mense verantwoordelik gemaak vir die wêreld rondom ons. Vergewe ons dat ons toegelaat het om mislei te word oor hierdie verantwoordelikheid. Vergewe ons dat ons*

*’n blinde oog gedraai het as ons sien iets is verkeerd. Herstel ons tot ’n plek van verantwoordelikheid. Help ons om die waarheid in die oë te kyk! Help ons om die waarheid oor ons onverantwoordelike optredes en houdings te aanvaar. As ’n kernbeginsel neem ons nou verantwoordelikheid oor Suid-Afrika. Help ons om ons tyd en bronne te offer om Suid-Afrika* ’n *beter plek vir almal te maak. Help ons om nie langer ons verantwoordelikheid te ontduik nie. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Here die harte en gedagtes van alle mense in Suid-Afrika sal oortuig van die waarheid.
2. Bid dat ons nie langer mekaar sal blameer nie, maar dat elke persoon in Suid-Afrika verstaan dat ons almal moet meewerk vir vrede en versoening.
3. Bid dat die waarheid sal seëvier en dat alle leuens in ons land ontbloot en aan die lig gebring sal word.
4. Bid dat mense verantwoordelikheid vir hulle optrede en besluite van die verlede en hede sal aanvaar, en sal wil meewerk in die proses van versoening en herstel.

--------------------------------

***<u>DAG 28. Hanteer die seer: skuld en skaamte</u>***

Skrifgedeeltes vir oordenking: 1 Joh. 1:9; 2:1–2; Ps. 51:2–14; 139:23–24; Jes. 53. Luk. 15.11–32; Joh. 3:16–17; 16:3.

OORDENKING: **Ek is skuldig teenoor God en teenoor die mense.**

Dit maak nie saak hoeveel keer jy dit lees of die verhaal hoor nie, wanneer die verlore seun voor sy pa neerval en uitroep: “Ek het teenoor God en teenoor Pa gesondig!”, gryp dit jou aan (Luk. 15:11–32). In sy gelykenis het die Here vir sy dissipels vertel watter lang en pynlike pad die jong man moes stap, voordat hy uiteindelik sy skuld en sy sonde erken het, voordat hy nie anders kon as om terug te haas na die huis van sy vader nie. In ons land en ons omstandighede is dit nie anders nie. Daar loop baie skuldige mense rond! Om die waarheid te sê, ons almal deel in die skuld. Voor God en ons naaste is almal van ons in die beskuldigdebank. Hoe wonderlik dat ons vir onsself en vir almal om ons die goeie nuus kan deurgee, die nuus waarvan die Skrifgedeeltes hierbo vertel: Die Vader wag ook vir ons met oop arms. Hy het sy Seun aan die kruis ook vir ons laat spyker. “Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom; deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (Jes. 53:5).

En ons skuld teenoor ons medemense? Die Bybel het net so ’n goeie boodskap: Deur die genade van die Here kan ons ook na mekaar uitreik en mekaar vergewe. Dit kom nie vanself nie – en dit is dikwels nie maklik nie. Maar in ons land is daar wonderlike voorbeelde van hoe dit gebeur. Voordat ons oorgaan tot gebed, kan ons gerus vir mekaar daarvan vertel. Verder nog: dikwels sukkel ons om *onsself* te vergewe vir wat ons alles gedoen het, aan ander én aan onsself. Maar dit kan gebeur: Die verlore seun én verlore dogter kan ook vrede in hul *eie* harte kry. Miskien het een van die gebedsgroep lus om daarvan te vertel.

*Vader God, soos die verlore seun, erken ons ons skuld voor U. Vergewe ons en verwyder die skaamte wat oor ons hang. Dankie dat Jesus die skande van die kruis verduur het sodat ons vry kon kom. Help ons om ander te vergewe en hulle ook vry te maak. Help ons om mekaar nie te verag nie maar om hande te vat en saam te soek na totale versoening en herstel vir ons land. Klee ons met ’n kleed van lofprysing. Vul ons harte met vreugde. Gee vir ons ’n nuwe lied om te sing! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Heilige Gees harte van baie mense, wat skaam en skuldig voel oor wat hulle gedoen het of wat aan hulle gedoen is, sal bedien. Bid dat God die teleurstelling en ontnugtering wat baie voel sal wegneem.
2. Bid dat die Heilige Gees mense wat skandelike dade van rassisme, arrogansie, meerderwaardigheid en weerwraak gepleeg het of wat bose bedoelings het, sal oortuig van hulle sonde en tot bekering bring.
3. Bid dat God vir ons in Suid-Afrika ’n seisoen van genesing en versoening sal gee; ’n seisoen waar menswaardigheid en eer herstel kan word; ’n seisoen waar ons kan bou en plant; ’n seisoen van vrede wat seën en vooruitgang vir ons land sal bring.

--------------------------------

***DAG 29. Hanteer die seer: vergifnis – gee en ontvang***

Skrifgedeeltes vir oordenking: Mat. 6:12–15; Luk. 23:34; Ef. 4:31–32; Kol. 3:13.

OORDENKING: **Ek *moet* jou voete was!**

Dis nie altyd maklik om vergifnis te vra nie – en dit is beslis ook nie maklik om te vergewe nie. In die WVK-proses het dit baie keer gebeur dat slagoffers na die oortreders uitgereik het, om hulle te omhels en te vergewe. Maar daar was ook kere dat dit nie gebeur het nie, dat mense baie eerlik uitgeroep het: “Ek kan nie vergewe nie!” Interessant genoeg was dit baie keer die eerste treetjie wat die slagoffer op die pad na vergifnis gegee het.

Dit was ook nie maklik vir oortreders om vir vergifnis te vra nie. Party wou dit ook nie doen nie, hulle *wou* nie vergifnis gehad het nie! Ons sal wanneer ons mense op die versoeningspad begelei, baie sensitief moet wees: vergifnis en versoening kan nie rypgedruk word nie. Dis ’n lang proses, en as dit gebeur is dit ’n genade van die Here!

Partykeer het die oortreder wat sy skuld erken en bely ’n behoefte om iets te doen, om vir die slagoffer én vir homself te wys hoe ernstig hy dit bedoel. ’n Paar jaar gelede was die media vol berigte oor Adriaan Vlok, die voormalige Minister van Polisie wat Frank Chikane in sy kantoor in die Uniegebou gaan opsoek het. Hy wou om vergifnis vra. Vlok was gedurende die apartheidsjare verantwoordelik vir ’n aanslag op Chikane se lewe, asook vir sy arrestasie en marteling. Nadat Chikane vir Vlok daarvan verseker het dat hy hom vergewe het, het die toenmalige minster vir ’n bak water gevra. “Ek moet jou voete was!”, het hy gesê. Jare later het Adriaan Vlok ook vir Michael Lapsley, die laaste apartheidslagoffer (sien Dag 26), in Pretoria ontmoet. Groot was die vreugde toe die twee manne mekaar uiteindelik, ná ’n lang en reguit gesprek, as broers kon omhels. In ’n Bybel wat hy spesiaal saamgebring het, het Adriaan Vlok geskrywe: “Ek is skuldig teenoor God en teenoor jou. Sal jy my asseblief vergewe?”. Die priester het die Bybel met sy staalhande opgetel en geglimlag: “Ja, ek doen dit graag!”

*Vader God, Jesus het die prys betaal sodat U ons sonde kon vergewe en ons vryspreek. Nou moet ek dieselfde doen. Ek weet dat geen vergifnis my gevange hou. Vandag kies ek om te vergewe. Vandag laat los ek die mense en situasies wat my so baie pyn veroorsaak het. Vader, ek vergewe hulle! Ek plaas hulle in u hande. Ek laat die vloek wat ek in my hart koester agter. Ek bid dat U my mond sal vul met ’n seën oor my vyande. Ek het ook vergifnis nodig, Vader. Die skuldlas van dinge*

*wat ek gedoen het is te veel. Ek bid dat ook ek vry kan gaan. Ek vra nou vir julle wat ek te na gekom het: Vergewe my ook! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Vergifnis keur nie sonde goed nie. Vergifnis maak ’n tronkdeur oop vir die persoon teenoor wie gesondig is. Wil jy vandag daardie deur oopmaak?
2. Vergifnis is nie ’n emosie nie maar ’n daad van gehoorsaamheid. Is jy gewillig om vandag jou vyande, en dié wat teenoor jou gesondig het, te vergewe?
3. Om iets agter jou te sit is om bloot maar die bitterheid en woede diep in jou hart te begrawe waar dit lê en sweer en jou lewe vernietig. Is jy gewillig om vandag elke stukkie bitterheid en woede te laat gaan deur eenvoudig te sê: Ek vergewe jou?
4. As jy iemand om vergifnis moet gaan vra vir wat jy aan hom of haar gedoen het, doen dit onmiddellik, sodat beide van julle vry kan kom.
5. Bid vir die gebedsaksie op 16 Junie. Bid dat dit ’n gesamentlike tronkdeur oopmaak vir alle Suid-Afrikaners. Bid dat die bitterheid, haat en verswering in baie harte genees word en vir algehele vryheid.

--------------------------------

***DAG 30. Hanteer die seer: wetteloosheid, liefdeloosheid en afsydigheid***

Skrifgedeeltes vir oordenking: Mat. 5:43–45; 1 Kor. 13; 1 Joh. 4:7–11; 5:2; Ef. 5:1–2.

OORDENKING: **Die grootse van alles, die liefde.**

Dit was “Mister Pentecost”, David du Plessis, die Suid-Afrikaans-gebore leier van die Wêreld-Pinksterbeweging, wat eenmaal opgemerk het: Dit lyk asof die apostel Paulus 1 Korintiërs 13 spesiaal vir die kerke in ons tyd geskryf het.

Vir al die *Pinksterkerke en die Charismatiese* kerke staan daar: “Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie die liefde nie, het ek ’n stuk klinkende metaal en ’n galmende simbaal geword”.

Vir al die *Protestante* wat so klem lê op geloof en kennis en teologie en prediking, sê Paulus: “Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks”.

En vir die *Rooms-Katolieke Kerk* met sy trotse tradisie van selfopoffering en diens, met al sy kloosters, beklemtoon die apostel: “Al gee ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks”.

Oom David, soos duisende mense hom in ons land leer ken het, het die spyker op die kop geslaan. In ons groot versoeningspoging het ons almal, al die lidmate van al die kerke in ons land ’n eie en unieke bydrae te lewer. Ons het mekaar se gawes en talente baie nodig. Maar almal van ons moet onthou: niks is belangriker as die liefde nie! Die liefde wat ons vir die Here en vir mekaar het – en die liefde wat ons na ander uitstraal – sal bepaal of ons ooit by vrede en versoening gaan uitkom.

*Vader God, ek bely dat al die goed wat ek al beleef het, my hart koud en ongevoelig gemaak het teenoor my medemens. Die pyn en verlies wat ek gely het, die daaglikse stryd om oorlewing, die woede en haat teenoor ander mense en die toename in wetteloosheid maak my afsydig teenoor mense van ander rasse of van ’n ander politieke ingesteldheid. Ek is jammer! Vergewe my! Vul my*

*hart met liefde vir mense, ook vir my vyande! Help my om medelye te hê met mense wat swaarkry. Ek gee myself vandag as 'n instrument van genesing in u hand. Geen klinkende simbale meer nie! Gee 'n nuwe klank in ons harte en 'n nuwe lied vir Suid-Afrika op ons lippe! Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Here die proses van versoening wat tussen verskillende Kerke in Suid-Afrika begin het, sal seën.
2. Bid vir die belydenis wat op 16 June 2016 gaan plaasvind by die Hector Peterson-monument in Soweto.
3. Bid dat die Here die harte van mense sal roer om by projekte betrokke te raak wat die jeug in ons land sal seën.
4. Bid dat die Here mense van die ouer geslag sal oprig om die jonger geslag te begelei en te seën, sodat hulle gawes en talente ontwikkel kan word, en kennis en ervaring gedeel kan word.
5. Bid dat die Kerk in Suid-Afrika die liefde van die Here in so mate sal demonstreer dat die wêreld sal weet dat Jesus Christus die Here is.

--------------------------------

## DEEL 4. OM TE VERSOEN EN TE HERSTEL

### ***DAG 31. 'n Versoende land!***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ps. 85; Miga 4:1–7; Mat. 5:3–12.

OORDENKING: **Swaarde word ploegskare!**

In die hartjie van die hel het hulle 'n monument opgerig. In die vallei van Gehinnom, aan die agterkant van die muur van Jerusalem, waar hulle in Bybelse tye die stad se afval weggegooi het, waar die vure aanhoudend gebrand het en waar honde en aasvoëls die lyke van misdadigers wat na hul teregstelling daar gegooi is, verskeur het, in die vallei wat so skrikwekkend was dat die mense die woord "hel" van Gehinnom afgelei het, staan dié vreemde struktuur. In die 1948-oorlog het soldate van Israel en Jordanië bloedige gevegte in die vallei gevoer. Weereens het die vure gebrand en bloed gevloei. Toe die vrede herstel is het die inwoners van Jerusalem besluit om die monument te bou, om vir mekaar en vir die wêreld te sê: Genoeg is genoeg! Ons wil in vrede met ons bure lewe. Van ver af lyk dit snaaks, amper soos 'n groot spinnekop of 'n seekat met arms en tentakels wat na alle kante toe uitsteek. As jy nader stap sien jy wat dit regtig is: Aan die een kant van die struktuur steek 'n klomp oorlogsinstrumente uit: geweerlope, ammunisiebande, 'n kanonloop en 'n mortierbuis. In die middel word alles saamgebondel en saamgesmelt om aan die ander kant vredesinstrumente te word: 'n ploegskaar, snoeimesse, 'n hooivurk, 'n trekkerstuurwiel. Op die voetstuk staan Miga se woorde gegraveer: "Hulle sal van hul swaarde ploegskare smee en van hul spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie".

Dis wat waarvoor ons gedurende die laaste tien dae van ons gebedsreis moet bid: dat oraloor in ons dorpe en stede, in die luukse voorstede en in die arm plakkerskampe, op die myne en in die kantore, op die plase, op die kampusse van skole en universiteite, in die huise van al ons mense, monumente van vrede en versoening gebou moet word. Oral moet die swaarde ploegskare gemaak word! Hoe moet ons land lyk? Wat sou God se plan vir ons wees? Een van die heel

mooiste definisies van God se vrede, die *sjalom* waarna ons almal hunker, word in Psalm 85 beskryf. Lees dit aandagtig en bespreek dit met mekaar – dan sal jy weet waarvoor jy wil bid!

*Vader, ons kom na u troon van genade toe, die plek waar liefde en vergifnis ontmoet en waar geregtigheid en vrede een word. Ons bid vir ons land, Suid-Afrika. Ons het ons sonde bely en ons harte voor u uitgestort. Ons is voor U, ons lê ons swaarde neer in afwagting dat u vuur alle woede, haat, bitterheid, pyn en sonde sal kom verteer en reinig. Heilig ons met die vuur van u geregtigheid. Wil U ons woorde verander soos swaarde wat in ploegskare verander word sodat ons net woorde van vergifnis, liefde en genade sal spreek. Vul ons opnuut met 'n hoop op 'n beter Suid-Afrika. Herstel die droom van 'n reënboognasie waar almal in hierdie land in harmonie en gedeelde voorspoed sal kan leef. Ek roep uit: Ek gee oor! Ek gee myself oor aan u liefde en genade vir mede-Suid-Afrikaners. Wil U ons ontmoet waar ons gesamentlik U aangesig soek. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat God in elkeen van ons die hart en gedagtes van Jesus Christus sal bewerk sodat ons gewillig sal wees om mekaar te dien en dat ons ons broers en susters se voete sal was deur ons diensbaarheid.
2. Bid dat God 'n magtige wonderwerk in ons land sal doen deurdat Hy ons sal lei om te groei tot 'n lewenswyse van nederigheid, volkome vergifnis, aanvaarding van mekaar en van liefde en genade vir mekaar.
3. Bid vir 'n goddelike seisoen waar ons ons met oorgawe sal beywer vir versoening én dat ons versoening sal beleef.
4. Bid dat mense hulle verantwoordelikheid vir ons land sal besef dat elkeen, opofferend, liefde sal demonstreer, hulself vrywillig beskikbaar sal stel om behoeftiges te bedien en dat elkeen die gebaar van 'n uitgestrekte hand van versoening sal aanvaar.
5. Prakties: Doen iets simbolies waarin gedemonstreer word dat die strydbyl begrawe word of die swaard neergelê word. Demonstreer totale oorgawe. Ervaar daarna die rus van die Here.

--------------------------------

***<u>DAG 32. Begin om met mekaar te gesels</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Eseg. 3:5; Hand. 10:23–29.

OORDENKING: **Praat met mekaar!**

Gedurende die volgende paar dae, op pad na 16 Junie en ons groot versoeningsgeleentheid in Soweto, moet ons aan 'n paar baie praktiese sake aandag gee. Hoe kom 'n mens by vrede en genesing uit? Die eerste antwoord is eenvoudig, maar geweldig belangrik: praat met mekaar! Een van die slegte nagevolge van ons land se verlede is dat ons nog steeds in groot mate nog in hokkies, afgesluit van mekaar, lewe. Ons dink dat ons ons mede-Suid-Afrikaners ken, maar dis nie altyd waar nie. Ons is dikwels nog vreemdelinge vir mekaar, wat bitter min van mekaar se tradisies en kultuur, mekaar se omstandighede en mekaar se ideale en vrese ken. Dis tyd dat ons aan die praat raak!

Die bekende Suid-Afrikaanse skryfster Ellen Kuzwayo het gesê: Afrika is 'n plek waar stories vertel word. Ons het mekaar se stories nodig, as ons mekaar wil leer ken en waardeer. My storie is my bril wat ek vir jou aangee om na my lewe te kyk. En ek het ook jou bril nodig, as ek jou wil verstaan. Die maak nie saak hoe seer party van die stories maak nie, as ons mekaar wil verstaan, moet ons praat!

Gesels met mekaar oor hoe ons in ons gemeenskap mense bymekaar kan maak – besigheidsmense, vroue, pa's en ma's, studente, kinders, alle moontlike groepe – en kry hulle sover om met mekaar te praat. Jy sal verstom wees wat daar alles uitkom! Heling begin by simpatieke gesprekke.

*Hemelse Vader, ek kies om vandag soos helende salf vir alle mense in ons land te word. Maak asseblief my oë oop om te sien, my ore om te luister en my lippe om net woorde van genesing, bemoediging en seën te spreek. Gee vir my die geleentheid om mense van ander rasse te ontmoet en help my om na hulle verhale te luister. Help my om deur hierdie grense van isolasie en afskeiding te breek. Vul ons met liefde en deernis vir ander. Leer ons om mekaar lief te hê, te waardeer, te respekteer en saam te werk om instrumente van geregtigheid te word, bedienaars van versoening en diensknegte van die Allerhoogste God te wees. Laat dit wees dat ons liefde die menigvuldige sondes sal bedek. Amen!*

**Praktiese aksies:**

1. Kry ten minste een persoon van 'n ander ras en vra hom of haar om sy of haar storie te vertel. Luister dan met respek.
2. Nooi 'n familielid of persoon van 'n ander ras vir 'n ete by jou huis. Vra die Here om jou gewillig te maak om kruis-kulturele vriendskappe te begin ontwikkel.
3. Besoek gebiede waar persone van 'n ander kultuur as jou eie woon. Wees net rustig in die gebied en vra die Here om jou oë oop te maak sodat jy hulle in 'n ander lig kan begin sien indien nodig.
4. Gaan besoek 'n kerk waar persone van 'n ander ras as jou eie aanbid. Geniet saam met hulle die erediens en laat toe dat die Here jou seën.

--------------------------------

***<u>DAG 33. Genesing en herstel van die land: aanvaarding en verdraagsaamheid</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gen. 33:1–17; Hand. 9:15–17; Rom. 15:5–7.

OORDENKING: **Omhels mekaar!**

Een van die heel mooiste voorbeelde van versoening in die Bybel, is die verhaal van Jakob en Esau. Toe die twee broers na baie jare van verwydering uiteindelik bymekaar uitkom, moes die spanning hoog geloop het. Jakob was doodbang dat Esau na al die jare wraak gaan neem. Maar hy was verniet benoud, God was in beheer van die situasie. Hy het aan Jakob die opdrag gegee om terug te gaan na sy land en om sy broer te ontmoet. Hy het in die nag met die skuldige Jakob geworstel en hom uiteindelik daarvan verseker dat Hy sy hand oor hom sal hou. Maar al die jare het die Here ook vir Esau, die slagoffer, gesorg. Hy het hom 'n welvarende man gemaak en hom uiteindelik ook na die Jabbokrivier gelei waar hy sy broer – wat hom jare gelede op 'n verraderlike wyse bedrieg het – sou ontmoet. Die Bybel vertel in groot besonderhede hoe die ontmoeting op 'n omhelsing uitgeloop het: "Toe hy (Jakob) nader aan sy broer kom, het hy sewe keer diep gebuig. Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen en hulle het gehuil" (Gen. 33:3vv). As versoende broers kon elkeen weer, in vrede, op hul pad gaan.

Dis vir ons nodig om iets van die proses van versoening en omhelsing te verstaan. In die verhaal van Jakob en sy broer is dit duidelik dat daar vier aksies nodig was, aksies wat ook in ons tyd van belang is: belydenis, vergifnis, omhelsing en laat gaan. Praat in die gebedsgroep oor wat Miroslav

Volf, ’n Kroatiese teoloog wat self ’n slagoffer van vervolging en marteling was, oor die “drama van omhelsing”, geskryf het. Hy sê die proses bestaan uit vier bewegings: “oopmaak van die arms, wag, toemaak van die arms en hulle dan weer oopmaak”. Het jy dit al self beleef – of by ander sien gebeur?

*Hemelse Vader, ek maak my hart oop vir al my broers en susters in ons land. Ek verklaar ook hiermee dat ek in harmonie met alle mense in Suid-Afrika wil lewe. Versterk my en bemagtig my deur u Gees om ’n vredemaker te wees en om mense lief te hê en deernis vir almal te hê. Leer my hoe om tot ’n seën vir almal om my te wees. Help my om ’n goeie buurman/buurvrou te wees. Genees my hart en verwyder alle vrees, wonde, pynlike ervarings, elke pynlike en haatdraende herinnering en vul my met u liefde en aanvaarding, selfs vir vreemdelinge en die wat uitgestoot en verag word. Ek gee myself aan U as ’n instrument van genesing. Help my om nie aanstoot te neem oor ander se woorde en optrede nie en daarvolgens te reageer nie, maar help my om eerder liefde te betoon. Help my om geduldig te wees met mense wat nog worstel met die verlede, wat steeds seer koester en wat probeer om haat en geweld in ons land aan te hits. Hier is ek, gebruik my. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat mense nie net verdraagsaam sal wees teenoor hulle wat anders is as hulself nie, maar dat hulle die persone volkome sal aanvaar, hulle sal respekteer en met waardigheid sal bejeën.
2. Bid dat ons land se leiers die voorbeeld sal begin stel van aanvaarding en welwillendheid en dat hulle die wil sal hê om hande te neem en saam sal werk om Suid-Afrika ’n beter plek te maak vir alle Suid-Afrikaners.
3. Bid dat ’n nuwe generasie ontwikkel sal word en sal begin verrys wat saam en in harmonie met mekaar en saam as verskillende rasse sal leef.
4. Prakties: Na watter persone naby jou kan jy nou reeds gaan om hierdie proses van versoening en eenheid te begin uitleef? Beplan en stel doelwitte. Reik dan uit.

--------------------------------

***<u>DAG 34. Genesing en herstel van die land: geregtigheid en versoening</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Eks. 23:2; Deut. 16:18–20; Deut. 32:4; Ps. 10:17–18; Pred. 21:15; Jes. 1:16–17; Luk. 18:2–7.

OORDENKING**: Laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos ’n standhoudende stroom**

Sonder geregtigheid is daar nie sprake van versoening nie – dit het ons reeds in Dag 10 vir mekaar gesê. Onthou jy die verhaaltjie van die goue pen? Versoening beteken nie dat jy die pyn en onreg van die verlede met ’n nat lap skoonvee asof dit nie saak maak nie. As ons ernstig is oor versoening sal ons die onreg in ons samelewing moet konfronteer en iets daaraan doen. Maar hoe gaan ons dit regkry?

*Eerstens* is dit nodig om te weet wie die God is in wie diens ons staan. Hy is volgens die Skrif die God wat aan die kant van die verontregtes en verdruktes staan, wat teen alle vorme van onreg stry. Hy gee om vir die verdruktes en gee vir die hongeriges brood, bevry gevangenes en laat blindes sien, beskerm vreemdelinge en sien om na wese en weduwees in hul nood, Hy versper die pad van die goddelose. Hy is die God wat sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek.

*Tweedens* moet ons doen wat dié God van ons verwag. Die Belydenis van Belhar (’n belydenis wat deur Christene in ons land opgestel is) stel dit duidelik aan ons. God verwag “dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos ’n standhoudende stroom; dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die verontregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Praat oor die praktiese implikasies hiervan in die gebedsgroep. Meld jy aan in diens van die God van geregtigheid?

*Hemelse Vader, ons pleit by U vir geregtigheid in Suid-Afrika. Ons kom en wil by u pleit soos die weduwee in die gelykenis wat Jesus vertel het. Ons wil dag en nag uitroep totdat geregtigheid herstel is. Ons bid vir ons regering en die regstelsel van ons land. Ons bid vir regverdige wette en dat mense regverdig behandel sal word. Ons smeek U dat die ou sisteem van ongeregtigheid totaal en volkome uit ons gemeenskappe verwyder sal word. Ons bid dat leiers na vore sal tree wat ryk en arm, regverdig en onregverdig volgens dieselfde maatstawwe sal hanteer. Ons bid vir geregtigheid vir hulle wat onderdruk word, die wese en die bejaarde en buitelanders wat skuiling soek in Suid-Afrika. Ons bid vir die regstelling van onderdrukking, beide in stede en die platteland. Vestig u troon van geregtigheid en reg in ons land. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat God se geregtigheid gevestig sal word in ons land.
2. Bid dat hulle wat ongeregtigheid bevorder en geregtigheid verdraai tot verantwoording geroep sal word.
3. Bid dat geregtigheid herstel sal word in ons regstelsel sodat booswigte en kwaaddoeners gestuit sal word en dat vrede en veiligheid herstel kan word in ons land.
4. Bid dat die Kerk ’n stem van reg en geregtigheid in Suid-Afrika sal word.
5. Bid dat ons parlement wette sal skryf wat reg en geregtigheid sal bevorder en handhaaf.

--------------------------------

## ***DAG 35. Genesing en herstel van die land: regstelling***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Luk. 19:1–10; Heb. 10:34; Rom. 15:27.

OORDENKING: **As ek iets afgepers het gee ek dit vierdubbel terug**

Tydens die amnestieproses van die WVK is die vraag dikwels gedebatteer: moet dit van oortreders wat om amnestie aansoek doen vereis word dat hulle hulself moet verbind tot regstelling, dat hulle moet regmaak wat hulle verkeerd gedoen het, dat hulle die slagoffers op die een of ander manier vir al hul pyn en lyding en hartseer moet vergoed? Die WVK-wetgewing het dit *nie* vereis nie, maar dit het tog in ’n hele paar gevalle gebeur dat oortreders moeite gedoen het om die families en gemeenskappe wat hulle benadeel het te besoek – om uit te vind wat hul behoeftes is én om hulle te verbind om hulle by te staan.

Wanneer dit gebeur het, was daar gewoonlik groot blydskap onder almal en is daar feesgevier, gesing en gebid. Net soos dit die dag in Jerigo was, toe Saggeus die Here na sy huis genooi het. Die tollenaar was skuldig. Die mense van die stad het hom verafsku, en met reg – hy hét sy

medemense uitgebuit en ryk geword uit hul ellende. Maar toe Hy Jesus ontmoet, het sy lewe totaal verander. Hy vir Jesus gesê: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek vierdubbel terug. Daarop sê Jesus: ‘Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom’” (Luk. 19:8).

In ons gesprekke oor versoening sal ons baie ernstig met mekaar oor regstelling moet praat. Wat onregmatig geneem is, moet teruggegee word. Waar mense oor baie jare benadeel is, moet dit vergoed word. Dis dikwels ’n netelige en emosionele saak, wat nie net individue raak nie, maar hele gemeenskappe. Dit vat aan dinge wat ons almal na die hart lê: ons beursies, behuising, onderwys, ook die ingewikkelde uitdaging van grondhervorming. In Worcester in die Wes-Kaap het ’n groep gelowiges die uitdaging van restitusie aanvaar met verrassende gevolge vir die kerke en vir die mense van die dorp. Sien jy kans om die eis van restitusie ernstig op te neem? Praat met die gebedsgroep daaroor: watter vorme van regstelling kan regmatig van ons verwag word? Bid daaroor.

*Hemelse Vader, ons land en sy mense het herstel en regstelling van die verlede nodig. Ons bid vandag dat U ons sal help om regverdig op te tree tydens hierdie proses van regstelling van die ongeregtigheid van die verlede. U Woord leer ons dat wanneer U ’n land seën daar meer as genoeg vir almal sal wees. Ons bid om U guns en seën oor Suid-Afrika. Ons bid vir wysheid, deernis en genade vir ons leiers wanneer hulle beraadslaag oor hoe om rykdom en die natuurlike bronne van ons land regverdig te verdeel sodat alle inwoners van ons land daarby sal baat. Ons bid dat die proses van herstel en regstelling regverdig, billik en vredevol sal wees. Help ons as Suid-Afrikaners sodat ons ’n getuienis van versoening en restourasie sal wees. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die proses van versoening, herstel en regstelling voort sal gaan met inagneming van die behoeftes van alle burgers van Suid-Afrika.
2. Bid dat Suid-Afrikaners saam sal werk totdat ware vrede en versoening bereik sal word.
3. Bid vir groot wysheid in die ontwikkeling van Suid-Afrika se bronne sodat dit tot voordeel van alle mense in ons land sal wees.
4. Bid dat waardevolle natuurlike bronne nie vermors of van ons nasie gesteel sal word nie.
5. Bid dat ons leiers die land sal herverdeel volgens ware behoeftes en maksimale produktiwiteit en dat dit Suid-Afrika se rykdom sal verhoog sodat ons ook die nasies sal kan seën.

--------------------------------

***<u>DAG 36. Genesing en herstel van die land: verantwoordelik vir nasiebou</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Ef. 2:13; Gal. 6:15; 1 Pet. 2:9; Open. 5:9; 7:9; Gen. 12:22; Gen. 17:20; Ps. 33:12; Pred. 14:34; Jes. 26:2; Jer. 18:7–8; Hand. 10:34–35.

OORDENKING**: Die dominee se belydenis**

Jy hoor die versugting elke dag: Waar is die Christene in ons land? Wanneer gaan hulle opstaan en hul lig laat skyn? Meer as 80 persent van alle Suid-Afrikaners sê dat hulle aan ’n kerk behoort, bely dat hulle Jesus Christus as verlosser aanvaar. En dit moet tog ’n verskil aan die land en sy probleme maak! Dit maak ’n mens skaam as jy besef hoe min verskil dit maak dat daar Christene in die land is, hoe min gelowiges werklik verantwoordelikheid vir die samelewing om hulle neem. Praat in die gebedsgroep daaroor: watter verskil sal dit nie maak as die Christene in ons land op alle gebiede – in die politiek en in besigheid, op die sportveld en in kunskringe, in die skole en universiteite, oral in die samelewing – werklik sout van die aarde en lig vir die wêreld sou wees nie!

In Oos-Afrika het 'n dominee sy eie verantwoordelikheid so ernstig opgeneem dat hy dit as sy geloofsbelydenis op die muur van sy rondawel geskryf het, vir almal om te sien: "*I'm part of the fellowship of the unashamed. I have stepped over the line; the decision has been made: I'm a disciple of Jesus! I won't look back, let up, slow down, back away or be still. My past is redeemed, my present makes sense, my future is secure. I no longer need to be praised, regarded or rewarded. My face is set, my gait is fast, my goal is heaven, my road is narrow, my way is rough, my companions are few, my Guide reliable. I cannot be bought, compromised, detoured, lured away, turned back, deluded or delayed. I will not flinch in the face of sacrifice, hesitate in the presence of the enemy, ponder at the pool of popularity or meander in the maze of mediocrity. I am a disciple of Jesus. I must go on till He comes and will work till He stops me. When He comes for His own, He will have no problem recognizing me".*

Sien jy kans om die dominee se verbintenis jou eie te maak. As al wat Christen in die land dit doen, *moet* dinge mos anders word!

*Hemelse Vader, U is die Vader van alle nasies. Ons bring Suid-Afrika in gebed voor U. U het ons gelei om 'n nasie te word waar daar vryheid vir alle mense moontlik is. Ons het egter ons verantwoordelikheid versaak om toe te sien dat ons 'n nasie bou wat in u wil wandel en u gebooie en instruksies gehoorsaam. Vergewe ons, asseblief. Ons bid dat geregtigheid in Suid-Afrika herstel sal word. Mag die mense van Suid-Afrika wegdraai van hulle verkeerde weë en mag hulle begin leef volgens u geregtigheid en heiligheid. Ons bid dat die Kerk volgens u standaard van heiligheid sal lewe. Mag die Kerk elke persoon in Suid-Afrika oortuig om in u reg en geregtigheid te lewe. Ons bid vir die leiers van ons nasie. Ons bid dat hulle met integriteit sal regeer. Wil U jong leiers oprig wat dié sal leer om volgens u geregtigheid te lewe. Bewaar ons van persone met bedrog, valsheid en boosheid as oogmerke. Verwyder geweld en haat uit ons uit. Laat ons 'n nasie wees wat U Naam eer. Amen*

**Gebedspunte:**

1. Bid vir wysheid, waagmoed en integriteit vir die leiers van ons nasie.
2. Bid dat ons regstelsel die Here se geregtigheid sal vertoon.
3. Bid vir ons jeug. Bid dat leiers na vore sal tree wat ons nasie met geregtigheid en reg as standaard sal kan lei.

--------------------------------

## ***DAG 37. Genesing en herstel van die land : sterk leierskap benodig***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Gen. 50:15–21; Num. 27:15–20; 1 Sam. 3:19–20; 13:14; Jes. 44:24–28; Dan. 1:2–17; Ef. 6:10–20; 2 Tim. 1:6–12.

OORDENKING: **Om leiers te kweek**

Om die proses van genesing en nasiebou te laat vorder het ons sterk leiers nodig, mans en vroue wat bereid is om op te staan en om voor te loop. Ons het mense met moed en oortuiging en visie nodig, met baie geduld, goeie menseverhoudings, wat bereid is om opofferings te maak én met 'n behoorlike skeppie humorsin. Die Here het ons in Suid-Afrika geseën met sulke mense, leiers soos Nelson Mandela en Desmond Tutu. Maar aan hul sye en agter hulle was daar baie ander leiers – gewone mans en vroue en jongmense – wat dit vir hulle moontlik gemaak het om hul werk te doen, wat met ewe veel oortuiging saam met hulle gewerk het. Ons kerke het die dure plig, nie

net om sy lidmate op te roep om vredemakers te wees nie, maar om hulle te skool en te begelei en te bemagtig vir hul diens.

Leiers is mense wat bereid is om die onverwagte te doen, om verder te gaan as wat enigeen van hulle sou kon verwag. So iemand was Nelson Mandela wat toe hy na sewe-en-twintig jaar as apartheidsgevangene vrygelaat is, nie wraak nie, maar versoening, op sy hart gedra het. Onthou jy sy woorde? "It was during those long and lonely years that my hunger for the freedom of my own people became a hunger for the freedom of all people, white and black. I knew as well as I knew anything that the oppressor must be liberated just as surely as the oppressed. A man who takes away another man's freedom is a prisoner of hatred, he is locked behind the bars of prejudice and narrowmindedness. I am not truly free if I take away someone else's freedom, just as surely as I am not free when my freedom is taken away from me. The oppressed and the oppressor alike are robbed of their humanity. When I walked out of prison that was my mission, to liberate the oppressed and the oppressor both".

*Hemelse Vader, ons bid vandag vir 'n generasie leiers wat volgens u wil en u hart sal lewe. Ons bid dat U leiers soos Moses na vore sal laat tree wat ons land na ware vryheid sal kan lei. Ons bid vir jong leiers soos Josua, jongmanne en vroue wat deur vaders opgevoed sal word wat outoriteit en geloof het. Ons bid vir persone wat soos Samuel sal wees wat die Woord van die Here sal hoor en dit met gesag sal spreek. Ons bid ook vir mense met Dawid se geloof, nederigheid en waagmoed. Ons bid ook vir jongmense soos Daniël wat nie sal swig onder die druk van onheiligheid en besoedeling nie. Ons bid ook vir persone soos Josef wat uit die put verwerping, slawerny en onderdrukking sal opstaan en leiers sal word wat die wêreldekonomie sal beheer en vertrou sal word as raadgewers van presidente. Ons bid vir jongmense wat beklee sal wees met die wapenrusting van God en wat in staat sal wees om die magte van die duisternis teen te staan. Ons bid vir leiers wat nie 'n gees van vrees sal hê nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing. Amen!*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat jong leiers vanuit die gebroke en rassistiese samelewing ontwikkel sal word wat gewillig sal wees om die verlede af te handel en wat met entoesiasme die toekoms sal aanpak.
2. Bid dat vaders en moeders uit die vorige en ouer generasie hulle ervaring in jongmense sal belê en dat jongmense van kleintyd af gestimuleer sal word om probleme op te los en dat hulle sal leer om integriteit te hê en om nugter te dink.
3. Bid dat leiers van beide ouer en jonger generasies standpunt sal inneem teen die vloed van negatiwiteit en die aanstigting van geweld.
4. Bid dat leiers sal leer wat ware reg en geregtigheid is, dat hulle nederig teenoor God en medemens sal wees en dat hulle soos herders sal wees wat mense in ons land met integriteit lei.

--------------------------------

***<u>Dag 38. Genesing en herstel van die land: die Kerk as instrument</u>***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Joh. 13:12–17; 34–35; 17:20–23; Rom. 12:10; Rom. 13:8–10; 2 Kor. 13:11; Gal. 5:13; 1 Tess. 4:9; 1 Pet. 1:22; 1 Pet. 4:8; Jak. 2:8; 1 Joh. 4:20–21.

OORDENKING: **Die kerk, God se proeftuin**

Die aand voor sy dood het Jesus met sy dissipels oor die kerk gepraat, oor hoe sy liggaam wat Hy op aarde sou nalaat, daar moes uitsien. Wat die kerk anders as die res van die gemeenskap sou

maak, was hulle liefde vir mekaar, dat hulle mekaar se voete sou was en dat hulle ten alle koste die eenheid wat Hy hulle gegee het sou koester en bewaar. Hulle moes één wees, nie net ter wille van hul eie voortbestaan en ter wille van die integriteit van die boodskap wat hulle die wêreld sou indra nie. Meer nog: die eer van God was op die spel! Die dissipels van Jesus was ’n interessante uiteenlopende groepie: Petrus wat sy mond gedurig verbygepraat het, Jakobus en Johannes, die “seuns van die donder” met hul vinnige humeure, Tomas die twyfelaar, Matteus die tollenaar en Simon die Seloot, die vryheidsvegter. Maar Jesus het hulle aanmekaar gebind, hulle gelei om hul verskille te oorbrug, om saam hulle verantwoordelikheid te aanvaar, en om die boodskap van sy liefde uit te dra.

Dieselfde geld van die kerk in ons dag, in ons land. Die kerk – al die denominasies en gemeentes tesame – is geroep om God se proeftuin in Suid-Afrika te wees, sy advertensie van liefde. Die groot vraag wat ons in die gebedsgroep moet bespreek is: Is dit waar van die kerk in ons land? Kry ons dit reg om mense van alle groepe en rasse, mense met verskillende talente en karaktertrekke, mense van verskillende dele van die land, ryk en arm, met verskillende politieke sienings, in een liggaam saam te snoer? Leef ons ons eenheid en versoening uit? Mahatma Gandhi, die groot Indiese leier, het vir een-en-twintig jaar in Suid-Afrika gewoon en gewerk. Hy was ’n Hindoe maar hy het ’n lewendige belangstelling in Christus gehad. Hy het graag die Nuwe Testament gelees. In ’n brief aan ’n vriendin in Engeland vertel hy hoe hy op ’n dag, nuuskierig om te sien hoe die kerk daar uitsien, ’n erediens in Pretoria gaan bywoon het. Hy het agter in die kerk gaan sit en kyk en luister. Sy ervaring was: “Dit was nie baie lekker nie. Die dominee het baie oor verlossing gepraat, maar ek het nie eintlik verloste mense in die kerk raakgesien nie!”

*Hemelse Vader, leer ons wat ware liefde is. Leer ons wat dit beteken wat Jesus geleer het, dat ons mekaar so lief moet hê sodat dit ’n getuienis vir die nasie sal wees. Ons bid dat Johannes 17 vervul sal word – Laat ons een wees. Ons bid vir die kerk van Jesus Christus in ons land. Seën asseblief elke poging wat aangewend word waar mense hande oor alle grense heen wil neem en mee te werk vir eenheid in ons land. Help ons om alle hindernisse in die weg van eenheid te verwyder en help ons om verskille tussen mekaar op te los. Laat ons eerder heilige hande in gebed ophef vir ons nasie. Ons bid dat die kerk ’n profetiese stem sal verkry en die regering op die Woord van God sal wys. Gee dat ons ’n kerk sal wees wat binne en buite seisoen gereed sal wees om reg te spreek, tereg te wys en te bemoedig. Gee dat die kerk met groot geduld en deernis, versigtig sal wees met die gee van raad en hierdie taak. Amen*

**Gebedspunte:**

1. Bid dat die Here sy seën op ons sal uitstort en ons harte sal transformeer sodat ons mekaar waarlik en met broederlike liefde sal liefhê.
2. Bid dat die bedienings van apostel, profeet, leraar, herder en evangelis sal bydra tot die opbou van die kerk. Bid dat hulle bydrae so sal wees dat die kerk sal groei in eenheid en liefde en die volle beeld van Christus sal weerspieël sodat die kerk die werk van die koninkryk kan doen in die gees van ware broederlike liefde.
3. Bid dat gelowiges hulle verantwoordelikheid sal opneem om, uit genade, goeie werke te doen. Bid dat alle Christene offervaardig lief sal hê en dat hulle hulself sal toewy om vrywilliglik ander in nood te bedien.
4. Bid vir ons kerkleiers, dat hulle gevul sal wees met die Heilige Gees, gesalf sal wees om te preek, te onderrig en vermaan sodat kerke en gemeentes in liefde en vrede met alle mense in ons land sal saamlewe.

--------------------------------

***Dag 39. Balsem van genesing: seën Suid-Afrika***

Skrifgedeeltes vir nadenke: 2 Kron. 7:12–1; Ps. 85.

OORDENKING: **"Ek sal hulle sonde vergewe en hul land herstel".**

Op my boekrak staan 'n AK47-patroondoppie wat oopgesny is en waarvan 'n klein kruisie gemaak is. Elke keer as ek daarna kyk is ek in my gedagtes terug in Porto Alegre, Brasilië, by die volksvergadering van die Wêreldraad van Kerke. Dié dag het aan die Ortodokse Christene in die Midde-Ooste behoort, wat vir ons vertel het van die aanhoudende verwoestende oorloë in hulle gebied. Die Christene kry veral swaar. Hulle word gedurig geteiken en vervolg en as die bomme bars en die koeëls fluit het hulle geen plek om na te vlug nie. Maar ná elke veldslag gaan hulle die slagveld binne om die gewondes te help versorg – en om die patroondoppies op te tel. Die doppies word oopgesny en daar word kruisies van gemaak. Dit word uitgedeel om vir die wêreld te verkondig dat selfs in die bloedigste gevegte Jesus die Vors van Vrede is, dat Hy aan die kruis gesterf het om die stukkende wêreld heel te maak.

Oormôre is Jeugdag. Oor die hele land gaan mense saamkom om die gebeurtenis, veertig jaar gelede, te herdenk. Ons gaan praat oor al die verwagtings, destyds, én oor al die teleurstellings vandag. Ons land is ernstig in die moeilikheid: droogte, misoeste, honger, geweld, politieke onrus, haat, ontevredenheid onder mense, die natuur wat op allerlei maniere verwoes word – al die dinge waaroor ons die afgelope veertig dae gepraat en gebid het. Het dit nie tyd geword dat ons die patroondoppies op ons slagvelde gaan optel nie? Kom ons neem vandag weer die boodskap van 2 Kro. 7:13 en 14 na al ons mense: "As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hul bose weë, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel".

***Seëngebed vir Suid-Afrika***

*Hemelse Vader, genees Suid-Afrika. Vergewe ons al ons oortredings deur u genade. U het vir ons gewys wat vir ons goed is en wat U van ons verwag: om regverdig op te tree, om genadig te wees en nederig voor U te lewe. Versterk ons om u wil te doen. Help ons om u voorbeeld te volg sodat ons ware geregtigheid sal demonstreer om ander met genade en ware deernis te dien. U beskerm dié wat U dien en bevry hulle. Mag ons u goedheid beleef, want U noem dié wat U vertrou – Geseëndes!*

*U het ons getugtig sodat ons in u wil en vrees van die HERE sou leef. Openbaar aan ons u wil sodat ons daarvolgens en in waarheid sal lewe. Help ons om die verkeerde en die bose te laat vaar en vrede te soek. Gee dat ons woorde van u geregtigheid en vrede sal spreek en bewaar ons dat ons nie bedrog sal spreek of beoefen nie.*

*Openbaar Uself aan Suid-Afrika as ons Vader, die Een van wie elke goeie en volmaakte gawe kom en wat nie van gedagte verander nie. Openbaar Uself as Vader aan diéwat vaderloos is en wees U ook die versorger van die weduwees. Gee dat dit waar sal word dat ons nie 'n gees van vrees sal hê nie, maar dat U Gees ons kindskap in U bevestig. Dit laat ons uitroep, "Abba Vader!"*

*Ons bid ook, in die Naam van Jesus Christus, dat U Suid-Afrika sal seën. Seën ons en bewaar ons, gee dat u aangesig oor ons sal skyn en wees ons genadig, verskyn tot ons redding en gee aan ons U vrede. Ons bid dit vir ons bure, kollegas by die werk, die polisie en persone in tronke, vir kinders in die skole, die dokters, verpleegpersoneel en pasiënte in hospitale, vir vaders en moeders, vir sakepersone en hulle besighede, onderwysers, die stadsrade en regeringsamptenare, hawelose*

*persone, werkloses, verslaafdes, nasionale en provinsiale leiers van Suid-Afrika sowel as hulle raadgewers.*

*Saam met Jabes roep ons U seën oor Suid-Afrika uit: "Stort u seën oor ons uit, vergroot ons grondgebied, neem ons onder u beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen smart ons tref nie." (ANV) Amen.*

--------------------------------

***DAG 40. Gebed vir 16 Junie***

Skrifgedeeltes vir nadenke: Mat. 5:3–12; Open. 5:8–14.

OORDENKING**: 'n Nuwe lied!**

Ons is aan die einde van ons veertig dae van gebed! Watter voorreg en watter vreugde was dit om saam met kinders van die Here Bybel te lees en te bid, oor ons land en sy probleme te praat, om oor ons roeping as bedienaars van versoening na te dink – en om aan te meld in diens van die Here, die God van vrede en geregtigheid. Môre gaan, op verskeie plekke in ons land, mense byeenkom om die Here in gebed aan te roep. In Soweto, in die Orlando-stadion, verwag ons 'n hele skare.

Ons kom almal saam om 'n nuwe lied tot eer van die Here te sing! Want dit is, bo alles, wat Suid-Afrika en sy mense nodig het. Teen al die lawaai om ons in, teen al die wanklanke in die samelewing, wil ons 'n nuwe lied sing, 'n lied van vergifnis en vrede, van genesing en versoening. Ons glo dat die engele in die hemel saam met ons sing: Die Lam is waardig om die seëls oop te maak – om ook die hede en die verlede en die toekoms van ons land in sy hand te neem, "omdat U geslag is en ons met u bloed losgekoop het uit elke stam en taal en nasie. U het ons 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak …" (Op. 5:9–10).

Saam met die nuwe lied op ons lippe, dra ons ook die gebed in ons harte, die gebed van Franciscus van Assisi:

O Here, maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde saai,
Waar daar onreg is, vergifnis;
Waar daar twyfel is, geloof;

Waar daar wanhoop is, hoop,
Waar daar duisternis is, lig,
Waar daar droefheid is, vreugde.

O Goddelike Meester,
Gee dat ek nie soseer sal vra om vertroos te word nie,
maar om te vertroos;
om verstaan te word nie, maar om te verstaan;
om liefgehê te word nie, maar om lief te hê.

Want dit is deur te gee, dat ons ontvang.
Dit deur te vergewe dat ons vergewe word.
En dit is deur te sterwe

Dat ons vir die ewige lewe gebore word.

**Gebedspunte:**

1. Bid vir die simboliese byeenkoms wat more plaasvind by die Hector Peterson Monument in Soweto. Bid dat die belydenisse, vergifnis en gebed ’n golf van versoening in ons land tot gevolg sal hê.
2. Bid dat mense regoor Suid-Afrika met oorgawe sal deelneem aan die proses van versoening in ons LAND.
3. Bid dat God die las van rassisme en ongeregtigheid in Suid-Afrika sal verlig en dat ons land herstel sal word en dat ware vryheid, soos nog wat nooit tevore beleef is nie, die gevolg sal wees.
4. Bid dat Suid-Afrikaners ’n reënboognasie sal word omdat die seën van die Here oor ons uitgespreek is.
5. Bid dat die Here ons duidelik sal lei hoe om maniere te vind om mekaar in hierdie land te seën en dat almal totale genesing sal beleef.
6. Bid dat die Here bedienings sal laat ontstaan wat guns in die oë van ons regering sal ontvang en wat die bediening van versoening en eenheid onder die diverse rasse en groeperings in ons land kan hê.

## GETUIENISSE OOR VERSOENING

**GETUIENIS: Uiteindelik Vry**

Op 28 April 1990, drie maande nadat Nelson Mandela vrygelaat is en die onderhandelinge begin het, is Vader Michael Lapsley sodanig deur 'n briefbom vermink dat hy die gebruik van sy een oog en albei hande verloor het. Hoewel ek simpatie met hom oor die gebeure gehad het, wou ek persoonlik by hom hoor waarom hy as priester, 'n vryheidsvegter geword en by die ANC aangesluit het. Hy was as jong priester in 1976 werksaam in Soweto en sy eerste vraag aan my was, was jy ook daar? Nadat ek sy storie gehoor het, het ek meer begrip vir sy optrede gehad.

Ek het hom leer ken as 'n merkwaardige persoon wat sy trauma so verwerk het dat hy nie net self vrymaking ervaar het nie, maar ook vir ander internasionaal vrymaking bring. Tydens die bekendstelling van sy boek UITEINDELIK VRY: MY REIS VAN VRYHEIDSVEGTER TOT GENESER op 4 Februarie 2016 in Pretoria, het hy verwys na 'n paar gevalle van mense wat hul stories met hom gedeel het. Een van die gevalle was 'n vryheidsvegter se ma wat met hom die hartseer gedeel het van haar dogter wat uit die land gevlug het en nooit weer teruggekeer het nie. 'n Ander geval was die van 'n ma wie se seun op die Grens gaan veg het en nadat hy teruggekom het, as gevolg van sielkundige letsels nooit weer dieselfde mens was nie.

Een van die belangrikste doelwitte van sy INSTITUTE FOR THE HEALING OF MEMORIES is om emosionele gewondes te ondersteun om die herinneringe van die verlede wat nog by hulle spook so te verwerk dat hulle uiteindelik vry kan wees. Ons Afrikaners en veral die mans van die sogenaamde dienspliggenerasie moes na 1994 baie aanpassings maak om by uitdagende veranderinge aan te pas. Hoewel ons baie ontnugter is oor alles wat nog steeds gebeur, het die meeste van ons het ons goed van ons taak gekwyt. Het almal van ons egter al die emosionele seer van wat met ons gebeur het en selfs steeds gebeur verwerk, of spook die verlede nog by ons? Behoort ons nie hierdie spoke van die verlede te konfronteer en te hanteer dat ons op die ou end ook kan verklaar dat ons uiteindelik vry is nie?

Roelf Schoeman

**GETUIENIS: Helende ontmoeting met 'n Vêrregse politikus**

In 1992 met die opbou tot die eerste Suid Afrikaanse nie-rassige verkiesing in 1994, was die land in 'n verskriklike toestand van vervreemding, amper almal van al die ander. Africa Enterprise as deel van ons 30ste herdenking van ons eerste sending na Pietermaritzburg in 1962, het as spanne sleutel Suid Afrikaanse leiers gaan besoek. So het ons besoek afgelê by Prins Mangosuthu Buthelezi, Oliver Tambo en die Uitvoerende Raad van die ANC, Bennie Alexander en die Pan Africanist Congress leierskap, Brigadier Oupa Gqozo, leier van die Ciskei, President de Klerk, en laaste maar nie die minste nie aan die vêrregse konserwatiewe Andries Treurnicht. Hier is ons storie:

'n Paar van ons spanne was in Pretoria, die hoofstad. Ons eerste besoek was aan Dr Andries Treurnicht, leier van die vêrregse Konserwatiewe Party, wat dwarsoor Suid Afrika bekend gestaan het as 'n wit heerssugtige, die mees uitgesproke voorstander vir 'n volkstaat en moontlik die mees gehate wit man vanuit swart Suid Afrikaanse geledere. Ek het vir Johan Gatu van Kenia gesê: 'Daar is moontlik nie 'n enkele swart man in Suid Afrika wat gewillig sal wees om te doen wat jy vandag hier doen om hierdie man te besoek nie.'

Gatu het net sy wenkbroue gelig en sy vriendelike Kikuyu glimlag gegee, asof hy wou sê: 'Dit is nie my probleem nie. Rondom die tafel, waar ons sterk Afrikaner koffie bedien is, het Dr Treurnicht ons ingelig oor sy party politiek. Hy was 'n eertydse leraar in die NG Kerk, asook 'n vorige koerant redakteur in Pretoria, en sy diep begeerte was om die beginsels van die Bybel prakties te maak in die samelewing en politiek. Dit, het hy gesê, was nie altyd maklik nie omdat politiek 'n magspel was, nie die mag van God se Gees nie, maar die mag van die sondige mens. As sulks wil die mens altyd ander rondom hom domineer.

Treurnicht het opgemerk dat Suid Afrika 'n groot verskeidenheid gemeenskappe het en dat die vraag was hoe om 'n model te vind waarin daar onderlinge begrip en samewerking tussen bevolkingsgroepe bestaan het sonder die gevaar dat een groep 'n ander domineer as gevolg van die sondige mense se wellus na mag. Hy het gesê dat hy glo dat so 'n stelsel gevind kan word, maar dat dit tyd, geduld en baie gebed sal vat, sowel as nederigheid en wysheid. Biskop Gresford Chitemo van Tanzanië en John Gatu het getuig oor hoe God in ander lande deur vergifnis gewerk het. Treurnicht het gefassineerd geluister. Bishop Chitemo het gesê: 'Jesus Christus het my lewe verander en gewys dat elke persoon kosbaar in Sy oë is. Toe ek my lewe aan Hom oorgegee het, het my woede en haat verdwyn en ek het groot vertroue dat God dieselfde in Suid Afrika gaan doen. Ons bid vir u, Dr Treurnicht, dat God u wysheid, begrip en kennis sal gee oor hoe hierdie land in die toekoms regeer moet word.'

Dit het gelyk asof Treurnicht diep geraak was deur die vernuftige en eenvoudige opregtheid van die Tanzaniër. Maar dit was John Gatu wat die emosionele deurbraak gebring het. Hy het aan Dr Treurnicht vertel dat hy jare vantevore deel was van die Mau May beweging en wit mense met 'n passie gehaat het. Toe is hy tot Christus bekeer. Sy hart het begin verander en sy haat het drasties afgeneem. Daar was steeds 'n oorblyfsel van bitterheid teenoor Afrikaners in die algemeen, en spesifiek teenoor die Konserwatiewe Party, en veral teenoor 'u, Dr Treunicht' het hy gesê. Treurnicht het met groot oë geluister en gewonder wat volgende gaan kom.

Gatu het nederig en stadig, met sy oë gevestig op Treurnicht voortgegaan: 'Maar vandag, toe ek u hier ontmoet en sien hoe 'n vriendelike persoon u is en hoe u die Here wil dien, moet ek vandag vir u sê, alhoewel ek glad nie met u politiek saamstem nie, of met u interpretasie van die Bybel nie, het die Gees van God my oortuig van my houding teenoor u en ek wil u om vergifnis vra. Maak nie saak hoe min ek met iemand se siening saamstem nie, my Bybel laat my nie toe om bitter teenoor daardie persoon te wees nie. En daarom wil ek u my regterhand van vriendskap aanbied en u as my broer groet.' Hierop het hy opgestaan en sy regterhand uitgesteek en die huiwerige hand van Treurnicht vasgegryp. Treurnicht se oë het vol trane geskiet en hy het opgemerk: 'Daar het nog nooit iets soos hierdie met my gebeur nie, en beslis het geen swart man my ooit vantevore sy broer genoem nie.'

'n Paar maande later het Dr Treurnicht aan 'n hartaanval gesterf. Ek wonder dikwels waar hy en andere soos hy sou geëindig het as hulle lankal deur swart mans soos John Gatu vergewe is.

Michael Cassidy

**GETUIENIS: My ervaring van versoening wat my hele lewe verander het.**

Ek was bevoorreg om van 28 tot 30 Maart 2014 betrokke te wees by die eerste amptelike storievertelgeleentheid tussen veterane van die ou Suid-Afrikaanse Weermag en die veterane van die voormalige Vryheidsvegters. Tydens die integrasieproses van die nuwe SANW na 1994 is daar 'n behoorlike proses van versoening tussen die voormalige vyande gevolg. Die stabiliteit wat ons

tans in ons land het, kan in groot mate toegeskryf word aan die versoening wat onder die permanente lede van die SANW plaasgevind het.

’n Soortgelyke proses is nog nooit met die Nasionale Dienspligtiges, die Burgermaglede en die voormalige Vryheidsvegters gedoen nie. Saam met die leiers van die Raad vir Militêre Veterane Organisasie (RMVO) van die ou SAW en veterane van die bevrydingsbewegings het die Sentrum vir Kontekstuele Bediening van die Universiteit van Pretoria, waarby ek betrokke is, besluit om ’n naweek te reël waar ons kon begin met ’n versoeningsproses deur vir mekaar ons stories te vertel. Die Department van Militêre Veterane (DMV) was bereid om die naweek te borg en het daardeur aan ons die geleentheid gebied om na mekaar uit te reik.

Die naweek is bygewoon deur ’n diverse groep veterane soos lede van 61 Gemeganiseerde Infanteriebataljon (61 Meg Inf Bn) veterane organisasie, lede van die ou Bophuthatswana Weermag, lede van Umkhonto we Sizwe (MK) en die Azanian Liberation Army (AZANLA). Ek het nie geweet hoe ons die ys tussen hierdie voormalige vyande sou breek nie en is dus onvoorbereid betrap met die spontaneïteit wat daar van die begin af tussen die twee groepe was om hulle stories vir mekaar te vertel. Toe hulle eers begin praat het, was dit soos ’n damwal wat gebreek het soos al die stories net begin vloei het. ’n Nuwe wêreld het vir ons oopgebreek. Ons het besef hoe min ons van mekaar weet en watter verkeerde idees ons van mekaar gehad het. Dit was nogal pret toe ons as groepe eerlik vir mekaar kon vertel watter negatiewe stories ons van die ander groep gehoor en geglo het. Vreemd genoeg het dit veroorsaak dat ons oor die verlede begin lag het en selfs ook dit kon identifiseer waarvoor ons om vergifnis moes vra.

Nadat ons mekaar leer ken het as mense met dieselfde tipe seer wat baie meer gemeen het as wat ons besef het, het die vergifnis vra spontaan van albei kante af gekom. Nadat ons mekaar genoeg vertrou en in die vertel van ons stories met eerlikheid ons harte begin deel het, het die genesing van die verlede begin plaasvind. Die aanvaarding en vergifnis wat ek ervaar het en die nuwe vriende wat ek ontmoet het, het die naweek deur en deur die moeite werd gemaak. Na ons versoening met mekaar kon ons saam na die frustrasies wat ons tans ervaar, wat onder die aandag van die DMV gebring moes word, kyk. Hierdie ervaring het my gemotiveer om meer sulke geleenthede te skep waar ons na mekaar kan luister en genesing en versoening kan ervaar.

Roelf Schoeman

**GETUIENIS: ’n Pragtige geskenk van SOWETO wat ons lewens verander het**

Hierdie is ’n getuienis van die genade van God en van my eie reis tot vryheid van rassisme. Ek het in die Apartheidsjare in Suid-Afrika grootgeword. Ek moet erken dat dit aanvanklik, as kind, vir my baie moeilik was om die verandering te aanvaar wat in ons gemeenskap en skool gekom het na demokrasie in 1994. As kinders het ons gehoor hoe die grootmense sleg gepraat het van ander rasse en ons het dit nie altyd heeltemal verstaan nie.

Na my studies het ek Limpopo toe getrek en na twee jaar in ’n landelike gebied, het ek Witbank toe getrek om daar te werk. Dit is hier waar my lewe waarlik verander het. Die kerk waarby ek aangesluit het, is veelrassig en vir die eerste keer was ek blootgestel aan uitreike na Zambië en ander lande in Afrika. Ek het geleer dat dit goed en reg is om swart mense te omhels, lief te hê en te respekteer. Dit het gevoel asof die wêreld se gewig van my skouers afgeval het! Ek was vry van rassisme en in die proses het ek begin leer van aanneming deur vriende van ons en dit het by my ook ’n begeerte geword.

Twee jaar later het ek my man ontmoet en ons het na ’n klein plattelandse dorpie getrek. Nadat ons getroud is, het ek ontdek dat dit vir my baie moeilik sou wees om swanger te raak. Twee jaar nadat ons getroud is, na baie mediese behandeling en ’n operasie, is my seun gebore. Met sy

tweede verjaarsdag het ons begeer om nog ’n kindjie te hê. Dit is gedurende tyd dat ons ’n profetiese woord gekry het dat God ons gesin gaan vergroot! Skielik uit die bloute het my man gesê dat as die ginekoloog vir ons sou sê dat ek weer sulke intense behandeling en ’n operasie sou moes hê om swanger te raak, ons aanneming moet oorweeg. Voor daardie dag was hy en ook die res van ons familie baie teen aanneming. Albei ons families was nog op daardie tydstip rassisties tot ‘n mindere of meerdere mate. Ek het onmiddellik ’n paar mense gebel om uit te vind hoe aanneming werk en baie opgewonde geraak! Toe die ginekoloog ons meedeel dat dit weer ’n baie lang proses met ’n operasie sou wees om swanger te raak, was die koeël deur die kerk en het ons geweet dat aanneming die roete was dat ons sou volg.

Ons is ook in kennis gestel dat die moontlikheid baie groot was dat ons ’n swart babatjie sou kry. Ons het dus ons onderskeie families daarop begin voorberei. Dit was nie ’n maklike proses nie en ons het te doen gehad met baie vooropgestelde idees en verkeerde aannames aangaande swart mense. Ons het van ’n private aannemingsorganisasie gebruik gemaak sodat ons wel meer keuses kon hê aangaande ons baba. Ons is baie goed voorberei op allerhande probleme wat ons wel kon ondervind. Hierdie organisasie het ons ook sommer ’n paar lesse geleer van ouerskap wat ons goed te pas gekom het.

Ons het begin dink aan name vir ons baba en het baie van die naam Lillian gehou. Ons het egter nie van die betekenis gehou nie en aangehou soek na die regte naam. Op die ou end het ons die naam Lulanie gekies (Dis ’n Hawaïse naam wat die hoogste punt van die hemel beteken). Na ’n kort ses maande het ons ons pragtige babadogtertjie gekry. Sy was die oulikste dogtertjie! Sy het onmiddellik in ons, ons familie en vriende se harte ingekruip! Ons het al baie profetiese woorde oor haar gehad dat sy mure sal afbreek en ook ’n leier sal wees. (Hou hierdie spasie dop vir die toekomstige vrouepresident van SA!). Die wonderlikste, verrassendste deel van hierdie getuienis is dat sy in SOWETO (die hart van die vryheidstryd in SA) gebore is en in die Lillian-kliniek! Ons het ook uitgevind dat die Zoeloebetekenis van haar naam; uitbreiding, strek of uitrek beteken! Eers het ons gedink dit beteken dat ons baie kinders gaan hê, maar was so geseënd toe ons besef dat God geweet het lank voor ons dat hierdie pragtige geskenk van God ons as familie sal uitrek op maniere wat ons nooit kon raai nie; nie net fisies nie maar emosioneel en veral geestelik!
Sy verpersoonlik werklik haar naam!

Anneke Rabe

**GETUIENIS: Nqobile, die meisie wie se naam “oorwinnaar” beteken – oorwin in Christus!**

My naam is Nqobile, ek het grootgeword met die stories van die onderdrukking van die Apartheidsjare! My pa het ons stories vertel hoe hy as jong man deur wit mense verkleineer is. Daar is op hom en sy vriende gevloek en hulle kon nie in sekere gebiede ingaan nie. Hierdie stories het my baie omgekrap. Ek kon nie verstaan hoekom mense so wreed kon wees nie. My pa was ’n rassis as gevolg van die wyse waarop hy deur wit mense behandel is. Toe ek begin skoolgaan, het my ouers my in ’n veelrassige skool geplaas. Ek het besluit om wit mense te bestudeer om te probeer uitvind waarom hul nie van swart mense hou nie? Ek het die wit kinders saam met my in die skool glad nie vertrou nie.

Die Here het ’n klein wit dogtertjie gebruik om my persepsies van wit mense te begin verander. Sy was een van die eerste mense wat uitgereik het na my toe. Ek was nog baie jonk en kon skaars Engels praat. Hierdie blou-oog vreemdeling het vir my ’n sitplek langs haar aangebied. Sy het met my gespeel, my drukkies gegee en baie gou het ek alles begin bevraagteken wat ek oor witmense geglo het. Ons vriendskap het gegroei en vinnig het ek besef dat my pa verblind was deur sy geweldige diep apartheidswonde en as gevolg daarvan kon hy nie verby die kleur van mense se velle kyk nie.

Vandag is ek baie hartseer dat my pa nooit tot ’n plek van genesing, vergifnis en ware vryheid van apartheid en rassisme kon kom nie. My pa is dood toe ek 15 jaar oud was en het my as weeskind agtergelaat. Op hoërskool het ek rassisme beleef en het ek ook baie swaar gekry omdat ek na my pa se dood op my eie moes bly. Dit was gedurende hierdie baie moeilike tyd in my lewe dat ek na God gedraai het en vir Hom gevra het om vir my ’n weg te baan. God het daarna baie kere ook wit mense gebruik om my te help.

Toe ek in matriek was het ’n interkerklike, veelrassige Christelike vrouegroep ’n uitreik na ons skool gedoen. Ek kon sien dat hierdie verskillende vrouens mekaar regtig liefhet en ook kon ek sien hoe hul God se liefde waarlik reflekteer. Dit het ’n groot indruk op my gemaak. Ek het my omstandighede met hulle gedeel en hul het vir my gebid.

Na hierdie uitreik het een van die wit vrouens, wat die Gebed- en Versoening beweging in ons dorp lei my gekontak. Hierdie vrou en my skoolhoof, wat ook wit is, het vir my ’n studiebeurs gereël. Hierdie wit vrou het my tweede ma en mentor geword en my skoolhoof het vir my gereël om ’n assistentonderwyser by sy skool te wees terwyl ek deur Unisa studeer het. Dit is gedurende hierdie tyd dat my reis na ware versoening en vryheid van rassisme begin het. Dit was ’n reis van genesing, nie net van harte nie maar ook van verhoudings. Ek kon wit mense vergewe en ook almal wat teen my en my familie gesondig het. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat my pa se wonde baie diep was, maar dat God se liefde altyd dieper is as enige pyn. Ek het deel geword van die gebedspan en in die gebedspan het ek geleer dat ware vergifnis mense totaal vrymaak!

Ek het saam met die gebedspan na vele versoeningsdienste gegaan en gesien hoe hul vergifnis vra vir die sondes van apartheid. Ek het gesien hoe hul in hul ware gebrokenheid God se hart reflekteer. Ek was getuie van baie mense wat bevry is van die pyn van apartheid. Ek het geleer om altyd my fokus op die kruis te sit, die kruis waar Jesus die minste geword het om vir ons alles te gee! Rassisme is nie net ’n wit teen swart ding nie, dis ook swart teen wit. Ek sien my pa se gesig en al die pyn op sy gesig en ek wens dat hy ook die liefde van Christus wat deur hierdie wit mense in my lewe gereflekteer word, kon sien. Ek weet dit sou ook vir hom genesing gebring het. Vandag het ek my onderwysgraad en is ek besig om my honneurs in opvoedkunde te doen. My pa sou so trots gewees het! Jesus het vir ons gesterf en deur Sy dood het Hy ons met Homself versoen! Ek het rassisme, lyding, hartseer, verlies en baie ander struikelblokke oorwin deur die liefde en krag van Christus deur sy kinders hier op aarde – beide swart en wit! Mag God ons land versterk, verenig en beskerm soos Hy in Johannes 17 vers 11 gebid het: “En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.”

**GETUIENIS: Van ’n Kerk se eenwording**

Die AGS Kerk het in 1996 “een” geword na jare se samesprekings en beplanning. Daar was baie vrees, pyn en bitterheid geopenbaar tydens hierdie proses maar ook geloof en verwagting dat die kerk een dag verenig sou wees. Hierdie Kerk het voorheen uit vier afdelings bestaan: swart, kleurling, wit en Indiër. Hulle het die verdeelheid en nalatenskap van Suid-Afrika uitgebeeld.

Gedurende ’n diens op Goeie Vrydag 1996 het dr. Isak Burger, nuutverkose president van die nou verenigde kerk, ’n belydenis gedoen namens die vorige wit kerk. Hy het onder andere dinge bely wat pyn veroorsaak het asook die versuim om op te tree en sondes en onreg uit te wys. Dr. Frank Chikane, die toe nuutverkose visepresident van die verenigde kerk het opgestaan en namens sy mense vergifnis uitgespreek. Hy het ook die sondes van hulle kant af bely. Hierdie optrede het ’n enorme effek op die byeenkoms gehad. Mense het begin huil, uitgeroep na die Here en met mekaar begin saambid. Dit was werklik ’n genesende en reinigende oomblik. Dit het gevoel asof ’n

las van ons skouers gelig is. Mense van verskillende agtergronde wat deur die bloed van Christus saamgebind was, het mekaar gehelp om genesing te vind. Dit was slegs moontlik deur die gedeelde geloof in Jesus en die feit dat almal die bloed van Christus gedeel het en daarom deel was van mekaar.

Dit was natuurlik slegs die begin van ’n proses. Baie is bereik deur die genade van God. Baie moet nog gedoen word. Ons hoop dat verdere versoening, genesing en reiniging bereik kan word, nie slegs in die AGS nie, maar ook in ons land. Mag die woorde van Jakobus 5:16 werklik waar word: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word”.

Pieter Bezuidenhout

**GETUIENIS: Om die “ander” te vier.**

Ek het in ’n baie arm gesin grootgeword op die Cape Flats in Kaapstad gedurende die sestiger- en sewentigerjare. My pa was ’n werker by die Groote Schuur-hospitaal en baie vroeg het ek ontdek dat hy op 14-jarige ouderdom uit die skool gehaal is omdat hy deur die toentertydse regering slegs toegelaat was om tot standerd vyf (Graad sewe) te leer. My ma was ’n huisvrou en het agt kinders grootgemaak, alhoewel ek onthou dat ek saam met haar na blankes se huis toe is om huishoudelike werk te doen. My ma was ’n waardige vrou en ek onthou hoe ek gedink het dat sy so verslae en onderdanig was oor die manier waarop sy deur die eienaars van die huis behandel is.

Ons was ’n hegte gemeenskap en alhoewel ek die vernietiging van apartheid oral rondom ons kon sien, was ons as kinders tevrede solank as wat ons kos gehad het en met vriende kon speel. Ons kon dit selfs verduur dat ons nie ’n behoorlike sportveld by beide ons laer- en hoërskole gehad het nie. My krisis het begin toe ek ’n universiteit moes kies en ontdek dat ek moes aansoek doen om ’n permit by die regering om UCT toe te gaan. My wêreld was in konflik gedompel omdat studente van die Universiteit van Wes-Kaap so pas protes ’n optog gehad het teen “bos”-opvoeding. My ouers kon my nie help met my besluit nie. Dit was op hierdie stadium dat Alan Boesak en ander aktiviste by ’n stadion in Athlone ons kom oriënteer het oor die ware redes van die optogte. Ek het besluit om UCT te boikot en so het my aktivisdae begin, aangedryf deur ’n brandende woede teenoor ’n stelsel wat ons verlaag het na tweedeklasinwoners in ons eie land. Ek het meer en meer bewus geword van die vrug van apartheid, naamlik die swak behuising ver weg van die werkplek, gebiede en voordele vir wit mense, ensovoorts.

My stryd met minderwaardigheid en woede teenoor die manier waarop wit mense die swartes hanteer het, het voortgeduur selfs nadat ek ’n toewyding gemaak het om Jesus te volg op die ouderdom van 20 jaar. Dit was 10 jaar later, tydens ’n OM-konferensie, waartydens ek ’n seminaar oor selfbewustheid bygewoon het, dat ek besef het hoe lief Jesus vir my was en wat Hy van my gedink het. Voor hierdie openbaring sou ek sê: “Natuurlik het Jesus my lief”. Maar na hierdie dag was dit vir my moontlik om hierdie wete van my kop na my hart te laat gaan. Ek kon my woede en bitterheid laat gaan. Ek het besluit om nooit weer in te gee vir die idee dat ek ’n slagoffer was nie en dat ek deur Christus as ’n oorwinnaar kon lewe. Die sleutel was ’n nuwe begrip van my identiteit en ’n diepe waardering vir die mens wat God my gemaak het.

Wat my ook gehelp het was dat ek Afrikanervriende ontmoet het wat wonderlike, sout-van-die-aarde mense was. Hulle opregtheid en liefde het my gevoelens verander. Ek het geleer om nooit te sê, “almal van hulle”, nie. Deur die genade van God is ek vry om ons verskeidenheid te vier en selfs “die ander” waarlik te waardeer.

Ek lag oor die humor van God. My seun studeer nou by die universiteit wat ek nooit kon studeer nie en is onlangs as primaria van sy koshuis verkies!

Peter Tarantal

**GETUIENIS: Rassisme in remissie**

My generasie was geseënd om gelukkig in die geskiedenis die einde van apartheid te beleef, nadat ons deur dekades daarvan geleef het. Dit het diep wonde gelaat, maar hulle genees mooi. Hier is hoe genesing vir my begin het.

Ek was ’n 1976-hoërskoolkind. Kwaad en op die vlug, beide van die veiligheidspolisie en ook van God. Ek het van die polisie weggehardloop omdat hulle die vermoë gehad het om my baie seer te maak, selfs dood te maak. Soos dit daardie dae was, selfs al sou hulle my seermaak, sou niemand hulle daaroor aangekla het nie. Hulle het net hulle werk gedoen. En hulle het binne ’n stelsel van onreg gefunksioneer. Ek het van God weggehardloop, sommer net omdat ek Hom nie geken het nie. En ek het Hom geoordeel omdat Hy met Christene geassosieer was, met ander woorde wit Christene wat Gideon-Bybeltjies aan swart studente by ons kosskool uitgedeel het. Die Bybel, die wit man en die stelsel, dit was alles deel van ’n onheilige giftige alliansie waarmee ek niks te doene wou gehad het nie.

Ek kon weghardloop, maar ek kon nie wegkruip vir God nie. Ek het in 1976 ’n Christen geword na ek oortuig was om Jesus toe te laat om “vir Homself” te praat, eerder as om deur wit Apartheid-Christendom aan Hom blootgestel te word. ’n Rondreisende sekretaris van die Christen Studentebeweging van daardie tyd, rev. Nat Nkosi, en sy kollegas het die evangelie met my gedeel en God het ’n wonderwerk gedoen. Ek het Jesus losgemaak van die apartheidsprogram. Wat ’n vreugde en bevryding was dit om Hom op daardie manier te ontmoet! Met die tyd het ek besef dat dit Christelik was om apartheid te vernietig omdat dit tussen Jesus en te veel swart jeugdiges van my generasie gestaan het, wat daarop uit was om die baba van die evangelie saam met die badwater van apartheid uit te gooi. Dit was ’n groot struikelblok wat voor hulle gestel was en baie het nie kans gesien om die knie voor Jesus as Here te buig nie. Vir hulle onthalwe moes apartheid gaan!

Die taak om met ander die “pastorale” taak op te neem om die struikeling van apartheid te verwyder het die smeltkroes van my dissipelskap geword. Na alles is ’n groot deel van Christelike gehoorsaamheid om te veg vir reg en geregtigheid. Ek het uitgevind dat daar ander in die wit gemeenskap was wat die verantwoordelikheid opgeneem het om saam met hulle mede swart Suid-Afrikaners, die stryd teen apartheid aan te sê. Ek het saam met vier ander studente, swart, wit en Indiër, ‘n nierassige studentebediening genaamd Student Union for Christian Action, op die been gebring. As ’n veelrassige leierskapspan, het ons baie gevegte onderling geveg om by die punt uit te kom waar ons mekaar oor die rasgrense wat ons verdeel het heen, te verstaan. Die roeping om te versoen met wit mense sowel as om saam met hulle deel te neem in voortgaande pogings vir bevryding was ’n verrykende ervaring van sterk verbintenis, bevraagtekening van stereotipes en oor en oor die vraag wat gevra word: *Wat beteken dit om getrou te bly aan Jesus in die toestande van onderdrukking en die vryheidstryd?* Dit het gehelp om te weet dat ons wandel met Jesus was ’n wandel met Een wat ook geweet het wat dit was om onregverdig behandel te word, veroordeel te word in ’n onwettige hof, vals beskuldig te wees, geforseer is om te ontken wie Hy werklik was en tereggestel is omdat Hy gestaan het by wat Hy oor Homself gesê het. Sulke bekragtiging van eie identiteit in die aangesig van sterk en vyandige onderdrukking het my die

moed gegee om my eie swart identiteit te bevestig teenoor ’n stelsel wat my nie-blank genoem het.

In ’n land waar mens se individualiteit geskend is, mens se swartheid beklad is, het dit moed gevat om swartheid terug te eis, en daarop aanspraak te maak dat jy ’n kind van God is. Desmond Tutu het eenkeer gesê dat die ergste ding wat apartheid aan die swart mense gedoen het was om hulle die selfvertroue te ontneem om te sê dat hulle ook kinders van God is.

So het God my genees deur op die pad van die vryheidstryd, skouer aan skouer met Suid-Afrikaners van elke rassegroep wat vasbeslote was dat, vir almal se onthalwe, apartheid moes gaan!

Maar die duiwels van rassisme gaan nooit dood nie. As ’n land het ons nie rassisme vernietig nie, ons het toegelaat dat dit ondergronds broei. Ons is in remissie, en ons moet die tyd en die ruimte gebruik om nuwe bome van hoop en samehorigheid te plan. Van tyd tot tyd sal die onkruid van rassisme opspring en dreig om ons land, wat nie so waaksaam is om dit wat God in sy genade vir ons in 1994 gegee het te beskerm nie, te versmoor. Daarom is dit goed om die Here se waarskuwing ter harte te neem: “Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn” Luk. 21:36.

Moss Ntlha

**GETUIENIS: Die gebed van Johannes 17 verander ’n dorp.**

Die dorp Piet Retief is geleë in die suid-ooste van Mpumalanga en is bekend as die plek waar kulture ontmoet. Dit is die tuiste van nie minder nie as dertien kultuurgroepe! Die dorp is vernoem na die Voortrekkerleier, Pie Retief, wat wreed vermoor is in 1838 deur Dingane, die Zoeloekoning. Net die noem van die naam herinner aan dood, rassehaat, verraad en bloedvergieting. Vir baie jare was dit presies wat in en rondom die dorp gebeur het. Baie mense het hulle lewens in hierdie gebied verloor. Daar was baie verdeeldheid en rassisme in die dorp.

Lank gelede het ’n dienskneg van God oor Piet Retief geprofeteer. God het homn  menigte eenddammetjies gewys waarin eende geswem net. Toe kom daar ’n groot reën. So baie reën dat al die dammetjies saamgevloei het en die eende het saam geswem in een groot dam. Die afgelope 17 jaar het God hierdie profetiese woord oor Piet Retief vervul.

In 1999 het God ’n paar vroue van verskillende denominasies opgerig om weekliks saam te bid vir die Christene in hulle dorp en platteland. Hulle het gebid vir die eenheid wat Jesus ook voor gebid het net voor Hy gekruisig is. Joh.17: 20 “*Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het”.*

God het gebede ver bo hulle verwagting beantwoord. Die Christene in Piet Retief het nou ’n interkerklike, veelrassige gebedspan en die Christene van Piet Retief is betrokke by verskeie versoeningsaksies oor die jare. In 2003 het wit leraars teenoor swart leraars die sonde van apartheid bely. Oor die afgelope 17 jaar het hulle tyd geneem om mekaar te leer ken deur saam te eet, voete te was, belydenis op verskillende vlakke te doen, intersessie en belydeniskampe gehou,

saam gehuil, saam gelag, saam gery, God saam aanbid en hulle het jaarliks gesamentlik dienste en uitreike. Hulle was betrokke by openbare belydenisse vir die sonde van apartheid in die Regering van Mpumalanga en verskillende townships in Suid-Afrika. Vandag is die liggaam van Christus in Piet Retief soos ’n familie.

God in Sy wysheid het ’n dorp gekies waarvan die blote noem van die naam gedagtes van dood, rasse-onmin en bloedvergieting oproep, om Sy heerlikheid in ware versoening en eenheid in Christus te verander. Die dorp se naam is onlangs verander na Mkhondo, wat “kronkelende paadjie” beteken.

**GETUIENIS: God se genade te midde van groot donkerte**

Ina Smit is ’n Suid-Afrikaanse vrou wie se lewe dramaties omgekeer is toe geweld haar lewe drasties verander het. Sy het bokant haar donker omstandighede uitgestyg en is ’n Christus-gelykvormige voorbeeld vir baie ander.

Hier is haar getuienis: Op die oggend van 29 November 2002 toe my man my gegroet het op pad na die besigheid waar hy my seun help, het ek na die innerlike stem van die Gees van God geluister en saam met hom gegaan. Dit was ’n wonderlike dag. Laatmiddag, net voor ons die winkel toemaak het dit begin reën en daar was ‘n donderstorm met baie weerlig. My man het uitgegaan om na die storm te gaan kyk. Ek het twee harde slae gehoor en gedag dit is donderweer. Die volgende oomblik het twee gewapende mans die kantoor binnegestorm en geld en sleutels vir die voertuie geëis. Ek kon nie die kar se sleutels kry nie en aan die manne gesê dat hulle enigiets kan kry as my man terug is. Die een gewapende man het sy geweer teen my rug gehou en my buitentoe forseer. Toe ons buite kom het hy my geskop en toe ek val, sien ek my man wat in ’n plas bloed lê. Ek het na hom toe gekruip en die naam van Jesus Christus ’n paar maal uitgeroep. Ek het ook gesê: “Here, ek aanvaar dit nie. Ek spreek U lewe in hom in!” Ek het ook onmiddellik die Here gevra om hierdie twee mans te vergewe want hulle weet nie wat hulle doen nie. Skielik het ’n wonderlike vrede wat onbeskryflik is oor my gekom. Ek het my hand op my man se skouer gesit en hom gevra om net nog een keer met my te praat. Die volgende oomblik het ek gevoel hoe my man my hand neem, ek het sy gesig gesien wat blink asof met ’n wonderlike lig omring. Hy het gesê: “Ek is nou ok. Jy moet vasbyt, ek weet jy kan …” Ek het net geweet dat my man in die hemel was en dat hy, net voor hy gesterf het, die hemele geopen gesien het, soos Stefanus in Hand. 7:55–56, het hy die Seun van God gesien staan aan die regterhand van die Vader om hom te ontvang. Twee jaar later, na al die hofverrigtinge kon ek na my man se moordenaar gaan en vir hom sê dat ek hom vergewe het en dat hy sy lewe met God moet regmaak.

Drie jaar na my man se dood het die Here vir ’n ander goddelike man gestuur, my eie Boas. Ons is nou elf jaar getroud en is baie geseënd en baie gelukkig. Ek het vir my dogter vertel dat haar pa moes sterf, sodat ek kon besef hoe groot GOD SE GENADE werklik is … .

**GETUIENIS: Van AWB tot sendingwerk in Afrika**

Ek deel graag my getuienis van geloof en liefde en genade, en bowenal, God se getrouheid. Ek het grootgeword in die ou apartheidsera en as kinders het ons die grootmense hoor praat van dinge en nie verstaan dat hulle woede ook op ons afsmeer nie.

Oral rondom ons was dinge opgestel om ons eenkant te hou: publieke toilette, restaurante, kerke, ensovoorts. Ons was gewoond aan “jy in jou klein hoekie, en ek in myn.” Daar was tye wat ek

gevoel het iets is verkeerd, maar ek het nie te veel daaraan gedink nie. Satan wil hê ons moet mekaar haat, so hy het ons gevoelens van onrus gevoer in so 'n mate dat dit in haat verander het. Ek het nie geweet of verstaan dat Satan ons vyand was nie en ons nie mekaar s'n nie. Wat ek ook nie toe besef het nie, was dat ek iemand of iets nodig gehad het om te haat omdat ek gemolesteer was deur personeel by ons kleuterskool by 'n weeshuis.

Regdeur my hoërskooljare het die woede en haat gegroei. Al wat ek geweet het was dat ek nie wil meng met ander kulture nie. Ek het geen begeerte gehad om met hulle te praat nie, saam met hulle te werk nie en veral nie saam met hulle kerk toe gaan nie! Die AWB het na die perfekte groep geklink om te ondersteun. Ons het by hulle aangesluit en was trots daarop. Later het ek ook deel geword van die Wit Israelies. Hulle glo dat die wit Suid-Afrikaanse en Europese groepe, die direkte afstammelinge van Abraham is en dat hulle 'n suiwer volk moes bly. Hulle is alleen uitverkies om God te dien en slegs hulle kan hemel toe gaan. Hulle het ook geglo in apartheid, apart bly, apart werk en dat die regering tot hulle voordeel aangewend moet word, dat alle ander kulture geskape is om hulle te dien en dat die ander kulture nie hemel toe gaan nie. Ons is geïndoktrineer om swart mense te haat – een manier was rolprente wat wys hoe swart mense wit mense doodmaak. Daar was soveel woede binne-in my, dat ek amper eendag 'n dronk swart man by 'n kafee aangerand het omdat hy lelik was met my. Ek kon dit nie vat nie! Ek het swart mense gehaat!

Ons het die Woord baie goed geken en kon beter as enigiemand redeneer. Na 'n ruk het ons teleurgestel geraak in die Wit Israelies oor hoe hulle teenoor mekaar optree. Gedurende daardie tyd het ek ook na God gesoek en Hy het my hierdie Skrif gegee: Joh. 16:13 "*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig".* Kort hierna het ons weggebreek van die Wit Israelies en na 'n ander dorp getrek.

In die nuwe dorp het 'n vriendin my genooi na 'n gebedsgroep vir vroue. Toe ek die leier van dié groep ontmoet het ek haar aangeval met my vrae, my geloof en my seer en sinisme. Ek was desperaat vir antwoorde maar ek was ook bang. Ons het 'n gebedsbyeenkoms gehad waar ons werkers ook by was. Ek het amper nie gegaan nie. Maar God het my getrek. Ek het gegaan en dit was 'n wonderlike belewenis. Ek het dit geniet maar wou dit nie wys nie want ek was bang ek verbeel my dinge, en dat ek dalk verkeerd kan wees en daarvoor gestraf sal word. Ek was bang dat God my sou straf omdat ek met hulle gemeng het. Dit het nie gebeur nie en ek het meer vrymoedig geword, en ontspan. Ek het 'n aktiewe lid van gebedsgroep geword. Die Here het my hand geneem en my Sy liefde vir my en vir alle mense gewys. Die vroue by die gebedsgroep het Christus se liefde aan my gedemonstreer. Ek het deur baie berading gegaan en God het my totaal vrygemaak van alle pyn, vrees, wantroue, rassisme en trots.

Ek het my sondes bely voor God en vandag is ek betrokke by 'n Sendinggroep wat fokus op innerlike genesing en berading. Ons het baie korttermyn-uitreike gedoen na Swaziland, Mosambiek en Uganda. Vandag het ek so 'n liefde vir mense, swart en wit! Ek verstaan dat ons 'n God dien wat so groot, so wonderlik, en so anders is as wat ek altyd gedink het. Ek gee Hom AL die eer vir die verandering wat in my plaasgevind het. Dankie Vader God. Amen.

**GOD DRAAI HARTE OM**

'n Paar jaar gelede lê ek in die hospitaal met 'n groot rugoperasie. Die een aand maak die verpleër my baie seer toe hy die "drip' opsit. Die volgende aand, toe 'n nuwe verpleër my oppas en die 'drip" verander, is dit pynloos. Dit lei tot 'n gesprek dwarsdeur die nag met my as 'n blanke Kapelaan Generaal, komende vanuit die vorige bedeling, en hom as swart verpleër wat uit die Bevrydingstryd kom. Hy vertel my hoe hy 'n goeie vryheidsvegter was wat in haat bomme geplant

het wat tot mense se lyding aanleiding gegee het. Sy lewensuitkyk het verandering toe die Here sy lewe verander. Hy besluit daarna om nou nie meer mense stukkend en seer te maak nie maar eerder as ‘n verpleër mense heel en gesond te maak sonder om hulle meer seer te laat te kry - daarom die pynlose ‘drip” opsit. Die volgende môre kom groet hy, wens my ‘n spoedige herstel toe en deel my mee dat sy jaarlikse verlof die dag begin en hy sy gesin die eerste keer ooit see toe neem. Groot was my verbasing die aand toe die nagskof begin en hy my kamer binnestap om my te versorg. Groter my verwondering oor die werk van die Heer, my eie skaamte en ootmoed toe hy aan my meedeel dat hy die saak met sy gesin bespreek het, sy verlof gekanselleer het en gereël het om my snags te versorg, sodat soos hy dit gestel het, “niemand my as sy Kapelaan Generaal meer seer maak nie”. Dit is wat God tov vergifnis, versoening en herstel van verhoudinge kan doen – in sy lewe, my lewe en ek vertrou ook in elkeen van ons se lewens in ons land!

Marius Cornelissen

**GETUIENIS: Genees van bitterheid en woede**

As ’n “Kaapse Kleurling” het ek my toekomstige vrou Rosemarie ontmoet gedurende ’n besoek aan Duitsland tydens die apartheidsera. In Duitsland het ek boeke van Martin Luther King en Albert Luthuli gelees – dit was óf verban óf onbekombaar in Suid-Afrika – en dit het my belangstelling in politiek meer as aangewakker. Ek was brandend in my weerstand teen apartheid, en het dit as my Christelike plig gesien. Een van die eerste dinge na my terugkoms was om by die *Christian Institute* (CI), ’n organisasie wat deur dr. Beyers Naudé gestig is in opposisie teen apartheid, aan te sluit. My kerkraad het my gehelp om terug te keer na Duitsland, en dit was soortgelyk aan verbanning. Ek was vasberade om die apartheidswette te beveg sodat ek eendag kom terugkeer met my vrou en kinders. Net voor my terugkeer na Duitsland was ek betrokke by die organisering van ’n jeugbyeenkoms met die tema “Youth Power” in die *Old Drill Hall* in Kaapstad. Dr. Beyers Naudé, was ons hoëprofiel hoofspreker.

In my aktivisme voor ons troue het ek daarin geslaag om met die regering te korrespondeer en ons kon ons spesiale wittebrood in Suid-Afrika deurbring, maar moes op verskillende vlugte die land binnekom. Drie jaar later is ons toegelaat om die land te besoek met ons een-en-’n-half jaar oue seuntjie.

Tydens hierdie besoek in die Kaap was ek geweldig kwaad oor die reaksie van die voorsitter van ons kerkraad oor my voorstel om tydelik in Suid-Afrika te woon en werk. Ek het dit gesien as ’n verdere afkap van die muur van apartheid. Hierdie teleurstelling het saamgeval met die reaksie van die regering toe ons in dieselfde treinkompartement as ’n gesin van drie van Kaapstad na Johannesburg wou reis. (Ons eenvoudige versoek moes deur die hele ranglys van die apartheidshiërargie gaan tot by die kabinet). My verwagting in beide gevalle was eintlik onredelik en onrealisties, maar die uiteinde was dat ek verskriklik kwaad en verbitter geword het, vasberade om nooit weer my voet in Suid-Afrika te sit nie.

Ek het nog een laaste vleeslike versoek gehad – om saam met dr. Beyers Naudé, die reuse rebel teen die apartheid *status quo,* wat basies onder huisarres was op daardie stadium, te aanbid. (Hy was net toegelaat om ’n kerk by te woon). Tesame met ’n paar gelowiges wat verbind was aan *Moral Rearmament*, het ek en Rosemarie die kerk van oorlede dr. Naudé en sy vrou besoek. Ek het beplan dat die besoek my afskeidsgroet van samehorigheid met die politieke onderdruktes van die land sou wees. Na die diens het ons ds. Joop Lensink, ’n Hollande burger wat onder swart mense in die myne gewerk het, ontmoet. Daardie Sondag het ’n wonderwerk gebeur. Ek is van binne verander deur die besoek aan die Naudé- en Lesink-huise. God het die uitgeweke dr. Beyers Naudé

gebruik, asook die gemeente waar hy aanbid het, om my tot my sinne te bring. ’n Goddelike aanraking het my genees van my intense bitterheid en woede teenoor die land vir wie ek – in der waarheid – baie lief was. Om die waarheid te sê, na hierdie rooiletter Sondag wou ek baie graag vergoeding doen vir my woedende rassistiese vooroordele. Ek het in stilte saamgewerk om die geliefde NG dominee, wat so baie vir my beteken het, ontban te kry.

In Sy soewereine heerskappy het God my meer as ooit vasberade gemaak om die apartheidsideologie te beveg en my beywer om rasseversoening in my tuisland te bewerkstellig. Na die ses weke besoek aan Suid-Afrika en ons terugkeer na Holland het ek meer as ooit die bediening van versoening as my persoonlike plig aan my geboorteland gesien. Ek was egter steeds ’n werk onder hande. God moes nog my aktivisme wat my hardvogtig en liefdeloos gemaak het, hanteer. As ek nou terugdink, dan is ek so dankbaar dat Hy ook in sy liefde en genade dit hanteer het.

Ashley Cloete